# DIE EREDIENS AS INSTRUMENT IN GEMEENTEBOU

WILHELM LEUSCHNER

# DIE EREDIENS AS INSTRUMENT IN GEMEENTEBOU

**FRIEDRICH WILHELM LEUSCHNER**

**B. Comm; Th. B.**

**Skripsie voorgelê ter gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad Magister Theologiae in Pastoraal aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys**

**Studieleier: Prof. Dr. B.J. de Klerk**

**Potchefstroom**

**2001**

vir Machel

# VOORWOORD

Die kerk van ons Here Jesus Christus lê na aan die hart van alle gelowiges. Kan daar 'n groter vreugde wees as om diensbaar te wees in sy Koninkryk? En dit is die bedoeling van hierdie studie – om diensbaar aan die Koning en sy kerk te wees, en dan veral aan die hart van die gemeenskap van gelowiges, die erediens. Dit behoort die strewe van elke gemeente en elke gelowige te wees om hul diens aan hul Koning, sy kerk en sy wêreld na die beste van hul vermoë uit te leef. Hoe die erediens in hierdie strewe funksioneer is 'n belangrike en kritiese vraagstuk. In hierdie studie word hierdie saak ondersoek. Mag die insigte en voorstelle in hierdie studie waarlik die kerk in Suid-Afrika dien.

By die voltooiing van hierdie studie, wil ek graag die volgende persone en instansies bedank:

- Professor Ben de Klerk, my studieleier, vir sy entoesiasme, belangstelling en kundigheid. Die ure wat hy aan hierdie spandeer het was 'n voorbeeld en inspirasie, die wenke en raad was die ruggraat waaraan ek bloot die vleis gesit het;
- Die PU vir CHO vir finansiële ondersteuning;
- My ouma Charlotte wat baie ure spandeer het met die taalversorging. Dis ongelooflik hoeveel beter dinge klink as dit reg gesê word!
- My pa Wilhelm en ma Ella-Marié wat my in die kerk en met die Bybel grootgemaak het. Julle het by my 'n liefde vir die kerk en die erediens gekweek waaruit my belangstelling voortgevloei het, maar ook die nodige kritiese oë om juis hierdie studie aan te pak;
- My vrou, Machel, wat my met liefde en ondersteuning oorlaai het en hierdie studie 'n vreugde gemaak het. Dankie vir die ure van luister, lees, raad, bemoedig en verstaan. Uiteindelik kan en wil ek nie anders as om hierdie studie aan jou op te dra nie;
- En laastens aan die groot Gewer, wat hierdie studie moontlik gemaak het. O Heer my God, hoe groot is U!

Aan die einde van hierdie proses kan inderdaad met groot vreugde en dankbaarheid teruggekyk word na die voorreg en geleentheid om my gawes te gebruik in diens van die Koning. Wat hierna vir ons voorlê is nog 'n dowwe spieël, maar genadiglik kan ek saam met Samuel uitroep: Spreek Here, U dienskneg luister!

Wilhelm Leuschner

Pretoria

Oktober 2001

# INHOUDSOPGAWE


**HOOFSTUK 1: INLEIDING** 1

**1. PROBLEEMSTELLING** 1

**2. DOELSTELLINGS EN DOELWITTE** 3

**3. SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT** 4

**4. METODE** 4

**5. HOOFSTUKINDELING** 5

**6. OUTEURSOPMERKINGS** 5

**HOOFSTUK 2: BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE OP DIE EREDIENS AS INSTRUMENT IN GEMEENTEBOU** 6

**1. INLEIDING** 6

**2. WAT IS GEMEENTEBOU?** 6

**2.1. BEGRIPSVERWARRING** 6

**2.2. VERSKILLENDE DEFINISIES** 7

*2.2.1. Malan Nel* 7

*2.2.2. Jurgens Hendriks* 8

*2.2.3. M Te Velde* 9

*2.2.4. Jan-Louis du Plooy* 10

*2.2.5. Samevatting* 10

*2.2.6. Eie definisie* 11

**3. DIE EREDIENS AS INSTRUMENT IN GEMEENTEBOU VOLGENS DIE SKRIF** 12

**3.1. ESRA-NEHEMIA** 12

*3.1.1. Agtergrond* 12

*3.1.2. Esra 3 – Herstel van die kultuslewe en tempelfondamente* 14

| | | |
|---|---|---|
| *3.1.3.* | *Esra 5-6 – Voltooiing en inwyding van die tempel* | *15* |
| *3.1.4.* | *Nehemia 7:73-8:13 - Voorlesing van die wet* | *16* |
| *3.1.5.* | *Nehemia 8:14-19 - Viering van loofhuttefees* | *18* |
| *3.1.6.* | *Nehemia 9:1-37 - Verootmoediging en boete* | *18* |
| *3.1.7.* | *Samevattende afleidings van belang vir die studie uit Esra-Nehemia* | *19* |
| **3.2.** | **1 KORINTIËRS 11-14** | **20** |
| *3.2.1.* | *Agtergrond* | *20* |
| *3.2.2.* | *1 Korintiërs 11:2-16 – Die gedrag van vroue in die gemeente* | *21* |
| *3.2.3.* | *1 Korintiërs 11:17-34 – Onreëlmatighede by die nagmaal* | *22* |
| *3.2.4.* | *1 Korintiërs 12 – Die gawes van die Gees en die kerk as liggaam* | *23* |
| *3.2.5.* | *1 Korintiërs 13 – Die liefde* | *24* |
| *3.2.6.* | *1 Korintiërs 14 – Orde in die erediens* | *25* |
| *3.2.7.* | *Samevattende afleidings van belang vir die studie uit 1 Korintiërs 11-14* | *28* |
| **4.** | **DIE EREDIENS IN DIE GESKIEDENIS** | **28** |
| **4.1.** | **DIE EREDIENS IN DIE TWEEDE EEU** | **29** |
| *4.1.1.* | *'n Bekende patroon word voortgesit* | *29* |
| *4.1.2.* | *Die sentrum van die kerk* | *29* |
| *4.1.3.* | *Twee brandpunte* | *30* |
| *4.1.4.* | *Skriflesing, prediking en gebede* | *30* |
| *4.1.5.* | *Die viering van die nagmaal* | *31* |
| *4.1.6.* | *Die Vredeskus* | *31* |
| *4.1.7.* | *Sang in die erediens* | *31* |
| *4.1.8.* | *Deelnemers aan die erediens* | *31* |
| *4.1.9.* | *Elemente van die erediens in die tweede eeu wat vir die studie van belang is* | *32* |
| **4.2.** | **DIE EREDIENS TYDENS DIE REFORMASIE** | **32** |
| *4.2.1.* | *Die Reformasie* | *32* |
| *4.2.2.* | *Martin Luther* | *33* |
| *4.2.3.* | *Ulrich Zwingli* | *34* |
| *4.2.4.* | *Martin Bucer* | *34* |
| *4.2.5.* | *Johannes Calvyn* | *35* |
| *4.2.6.* | *Elemente van die erediens in die Reformasie wat vir die studie van belang is* | *35* |
| **5.** | **FAKTORE IN DIE EREDIENS WAT GEMEENTEBOU DIEN** | **36** |
| **5.1.** | **DIE DRIE-ENIGE GOD IN DIE EREDIENS** | **36** |
| *5.1.1.* | *God die Vader in die erediens* | *36* |

*5.1.2.* *Jesus Christus in die erediens* *36*

*5.1.3.* *Die Heilige Gees in die erediens* *37*

**5.2.** **DIE EREDIENS AS FEES** **37**

**5.3.** **KOINONIA** **38**

**5.4.** **DIE EREDIENS EN DIE WÊRELD** **39**

**5.5.** **SAMEVATTENDE AFLEIDINGS OOR ENKELE FAKTORE IN DIE EREDIENS WAT VAN BELANG IS VIR DIE STUDIE** **40**

**6.** **OPSOMMEND** **40**

**7.** **GEVOLGTREKKING** **41**

**HOOFSTUK 3: SITUASIE-ANALISE AAN DIE HAND VAN LITERATUURSTUDIE EN EMPIRIESE ONDERSOEK** **43**

**1.** **INLEIDING** **43**

**2.** **LITERATUURSTUDIE OOR DIE EREDIENS AS INSTRUMENT IN GEMEENTEBOU IN DIE GKSA VANDAG** **43**

**2.1.** **SINODEBESLUITE VAN DIE GKSA** **43**

*2.1.1.* *Dinamiese liturgie* *44*

*2.1.2.* *Gemeentesang* *44*

*2.1.3.* *Gebede in die erediens* *45*

*2.1.4.* *Voorgangers* *45*

*2.1.5.* *Die Ontmoetingsdiens (introïtus)* *46*

*2.1.6.* *Die Verootmoedigings- en Versoeningsdiens* *46*

*2.1.7.* *Die Woorddiens* *46*

*2.1.8.* *Die Antwoorddiens (Responsoria)* *47*

*2.1.9.* *Die Sakramente* *48*

**2.2.** **SAMEVATTING** **49**

**3.** **EMPIRIESE STUDIE OOR DIE EREDIENS AS INSTRUMENT IN GEMEENTEBOU IN DIE GKSA VANDAG** **49**

**3.1.** **METODE** **49**

3.2. TERUGVOER 51

*3.2.1. Die erediens as 'n ontmoeting tussen God en sy volk 51*

*3.2.2. Deelname van individue in die erediens 53*

*3.2.3. Onderlinge opbou in die erediens 53*

*3.2.4. Die erediens en die wêreld 55*

3.3. SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKING 56

**4. LITERATUURSTUDIE OOR DIE EREDIENS AS INSTRUMENT IN GEMEENTEBOU IN DIE NGK VANDAG 57**

4.1. SINODEBESLUITE VAN DIE NGK 57

*4.1.1. Atmosfeer in die erediens 57*

*4.1.2. Liturgiese kreatiwiteit 58*

*4.1.3. Erediens en gemeentebou 59*

*4.1.4. Aankondigings en votum 59*

*4.1.5. Die seëngroet en seën 60*

*4.1.6. Skuldbelydenis en genadeverkondiging 60*

*4.1.7. Prediking 61*

4.2. SAMEVATTING 62

**5. LITERATUURSTUDIE OOR DIE EREDIENS AS INSTRUMENT IN GEMEENTEBOU IN DIE NHK VANDAG 62**

5.1. ALGEMENE KERKVERGADERINGBESLUITE VAN DIE NHK 62

*5.1.1. Die wese van die erediens 63*

*5.1.2. Afwisseling 63*

*5.1.3. Die voorleser 63*

*5.1.4. Sang 64*

*5.1.5. Prediking 64*

5.2. SAMEVATTING 64

**6. SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKING 65**

**HOOFSTUK 4: PRAKTYKTEORETIESE PERSPEKTIEWE OP DIE EREDIENS AS INSTRUMENT IN GEMEENTEBOU 67**

**1. INLEIDING 67**

**2. RIGLYNE VIR DIE INRIGTING VAN DIE EREDIENS AS INSTRUMENT IN GEMEENTEBOU** 68

**2.1. ALGEMENE RIGLYNE** 68

*2.1.1. Toerusting van gelowiges met betrekking tot die Skriftuurlike beginsels vir die erediens* 68

*2.1.2. Erediens van die lewe* 69

*2.1.3. Formalisme* 70

*2.1.4. Individualisme* 71

*2.1.5. Atmosfeer in die erediens* 72

**2.2. SPESIFIEKE RIGLYNE** 73

*2.2.1. Die erediens as 'n ontmoeting tussen God en sy volk* 74

*2.2.2. Die betrokkenheid van elke gelowige in die erediens* 75

*2.2.3. Onderlinge opbou in die erediens* 76

*2.2.4. Die erediens en die wêreld* 77

**3. SAMEVATTING** 78

**HOOFSTUK 5: SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKING** 80

**1. INLEIDING** 80

**2. FINALE GEVOLGTREKKING** 83

**3. TERREINE VIR VERDERE ONDERSOEK** 83

**OPSOMMING** 84

**ABSTRACT** 85

**SLEUTELTERME / KEY WORDS** 86

**BRONNELYS** 87

# HOOFSTUK 1

# INLEIDING

## 1. PROBLEEMSTELLING

Gemeentebou is tans 'n baie aktuele navorsingsgebied (Nel, 1995:858). Die wese, doel en funksionering van die gemeente is hier ter sprake.

Die wortels van gemeentebou word in die Bybel gevind. Die ongeveer 390 gevalle waar die stam van die werkwoord 'om te bou' in die Ou Testament voorkom, is in die meeste gevalle beeldspraak om aan God se heilshandelinge en die negatiewe sy daarvan uitdrukking te gee (Beukes, 1995:807). Die soewereine God is aan die werk. Hy bou sy volk, maar breek hulle ook af, wanneer Hy dit nodig vind (Josua 7; Jesaja 5:3-7).

In die Nuwe Testament is dit veral in die briewe waar die woord οἰκοδομέω en die begrip 'bou' 'n belangrike plek inneem. Verskeie kere word van die gemeente gepraat as bouwerk, gebou, huis of tempel (onder andere 1 Korintiërs 3 en Efesiërs 2). Die gemeente is God se eie bouwerk (1 Korintiërs 3:9). Hierdie bouwerk verrig Hy deur die dienswerk van gelowige mense. Paulus was onder andere as kundige boumeester daarmee besig (1 Korintiërs 3:10; 2 Korintiërs 10:8; Galasiërs 2:18). Hierdie bouwerk moet op die fondament Jesus Christus geskied (1 Korintiërs 3:11; Efesiërs 2:10). Die gelowiges word ook opgeroep om mekaar onderling op te bou (Efesiërs 4:16, 29; 1 Tessalonisense 5:11; Romeine 14:19; 15:2; Judas 1:20). "Met de begrip 'oikodomeo' word een opbouw-activiteit aangeduid, de primair het werk van God en Christus is, en vervolgens ook het werk van apostelen en andere evangeliepredikers en van iedere christen" (Te Velde, 1989:7).

Gemeentebou kan daarom soos volg gedefinieer word:

Gemeentebou is die bediening waarbinne die gemeente opgelei en begelei word om:

- sy wese en bestaansdoel te verstaan;
- self, as gemotiveerde gemeente, sy eie funksionering te evalueer, doelwitte vir sy doelgerigte funksievervulling te formuleer en op beplande wyse te bereik;
- self, soos nodig, op 'n voortgaande basis strukture, wat die heilshandelinge van die drie-enige God in kerk en wêreld dien, vir die gemeentelike funksionering te ontwikkel (Nel, 1994:14).

Gemeentebou kan nie reg verstaan of reg onderneem word indien daar nie erns gemaak word met die totale bediening in diens van die kommunikasie van die evangelie nie. Gemeentebou staan nie net in verband met die doel van die gemeente nie, maar dit is direk diensbaar aan die doel van God met die kerk. In gemeentebou gaan dit daarom dat die gemeente begelei word tot effektiewe doelvervulling (Van der Merwe, 1999:393).

Dit gaan immers om begeleiding tot insig in die wese van die gemeente, insig daarin dat die gemeente primêr 'n gemeenskap van diensbetoning is. Gemeentebou gryp daarom baie sterk terug op wat die erediens is en wat daar gebeur of behoort te gebeur (Nel, 1994:37-38). Die erediens is nie 'n statiese begrip of gebeurtenis nie, maar 'n dinamiese ontmoeting van God met sy volk en deur sy inisiatief maak Hy dit vir die volk moontlik om Hom te ontmoet en met mekaar in 'n ontmoeting te kom. Die erediens is gesamentlike aanbidding – die geleentheid waarop die gelowiges saamkom om te aanbid (Vorster, 1996:89). Die klem val op die aanbid as vertikale handeling en op die onderlinge saamkom van gelowiges.

Vanuit die erediens word die gemeente gebou, maar dit is net so waar dat 'n gemeente wat erns maak met gemeentebou veral ook verdieping in sy eredienste sal ervaar. Kerkwees het sy mees gekonsentreerde vorm in die erediens. Daar wil die Here, op die dag wat deur Hom geheilig is, sy volk op heel besondere wyse ontmoet. In die erediens vind die opbou van die gemeente die mees sentraal en intensief plaas (Te Velde, 1992a:14). Die "gemeenskap van die heiliges" of die "gemeenskap van die mense wat weet dat hulle, deur Christus, aan die Vader behoort" ("*communio sanctorum*") omsluit juis alles wat gelowiges in Christus "aan-mekaar-het" omdat hulle alles "aan-Christus-het". Die gemeente is 'n gemeenskap van mense wat saam *deel het aan* Jesus Christus en wat om dié rede *deel kry (deel gee* en *deelneem*) aan mekaar se lewens. Die gemeente het deel aan Jesus Christus omdat die Heilige Gees hulle laat deel word van die liggaam van Christus. Die erediens moet daarom van begin tot einde die karakter van die inwoning van die Heilige Gees in die kerk vertoon (De Klerk, 1987:41). Dit is immers die lewenskrag en diepe geheim van 'n lewende en kragtige erediens dat die Heilige Gees as Gees van Christus alles beheer (Barnard, 1981:119). Hierdie gemeenskap moet nie net in die erediens bestaan en beleef word nie, maar moet ook in en deur die erediens gebou en versterk word. In diens aan God en in diens voor God vind ons gemeenskap sy hoogste doel en versterking. Vanuit die koinoniale en pastorale ruimte van die erediens dien gelowiges mekaar en dien gelowiges die wêreld wat nog nie deel in die herstelde verhouding met God en met sy kinders (gemeente) nie (Nel, 1994:42).

Die grondvorm van alle bedieningsvorme is die versamelde gemeente. Alle ander vorme is variasies op die een grondvorm: gelowiges was bymekaar. Hulle het hulle aanbidding en diens aan God gesamentlik beleef en beoefen. Dit staan vir geen oomblik teenoor die arbeid en getuienis van die enkel gelowige nie, maar *alleen wees* is geen vorm van gemeentewees nie.

Hulle *saamwees* was die basiese vorm van hulle gemeentewees. Hierdie saamwees was basies rondom die Woord, gebed en sakrament. Wat vandag die *erediens* genoem word, staan in die middelpunt van die lewe van die gemeente (Nel, 1994:222) en in die middelpunt van die erediens staan God drie-enig. Die erediens is en bly die kulminasiepunt van die gemeente se geestelike en godsdienstige belewenis (Hendriks, 1992:102). In 'n Protestantse gemeente is die erediens die belangrikste plek waar die geloofswêreld waarin Christene leef sy beslag kry en in stand gehou, gevoed en gebou word (Burger, 1999a:198). Geen effektiewe gemeentebouproses kan uiteindelik geskied sonder besondere aandag aan die erediens nie. Daarom ondersoek hierdie studie die gebruik van die erediens as instrument in gemeentebou.

Die aktualiteit van die studie lê op verskillende vlakke:

- In die hermeneutiese en metodologiese kwessies wat aangespreek word, word 'n bydrae gelewer op die terrein van Gemeentebou
- In die kritiese sintese van die basisteorie en empiriese situasie-analise sal gepoog word om 'n nuwe of verstelde praktykteorie daar te stel wat gebruik kan word in die huidige situasie van veral die sogenaamde Afrikaanse susterkerke[1].

Die oorkoepelende navorsingsvraag vir hierdie studie is dus die volgende:

Wat is die rol van die erediens in gemeentebou en hoe kan dit in die hedendaagse Suid-Afrikaanse situasie gekontekstualiseer word?

Die spesifieke vrae wat hieruit voortspruit en wat in hierdie studie aan die orde kom, is die volgende:

- Wat is die rol van die erediens as instrument in gemeentebou?
- Wat is die huidige situasie met betrekking tot die funksie van die erediens in gemeentebou in Suid-Afrika en dan spesifiek in die Afrikaanse susterkerke?
- Watter riglyne bied die hermeneutiese wisselwerking tussen beginsels en huidige praktyk vir 'n nuwe praktykteorie?

## 2. DOELSTELLINGS EN DOELWITTE

Die doelstelling van die voorgestelde navorsing is om die rol van die erediens in gemeentebou te bepaal, met spesifieke verwysing na hoe dit in die praktyk in die kerke in Suid-Afrika en spesifiek in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) toegepas kan word.

---

[1] Hieronder word verstaan die Nederduitse Gereformeerde Kerk, die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.

Om hierdie doel te bereik, word die volgende doelwitte vir die navorsing gestel:

- ’n Oorsig oor en bespreking van die betekenis van die verband tussen gemeentebou en die erediens
- ’n Ontleding aan die hand van ’n literatuurstudie oor die praktyk in die Afrikaanse susterkerke
- ’n Empiriese ontleding van die situasie in die praktyk van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika
- Kritiese sintese van die gegewens ten einde ’n nuwe of verstelde praktykteorie daar te stel.

## 3. SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT

Die sentrale teoretiese argument van hierdie studie is dat die erediens ’n noodsaaklike element in gemeentebou is en dat dit in die praktyk van die kerk sinvol gebruik kan word.

## 4. METODE

In die metode van hierdie studie word aansluiting gevind by die model wat Zerfass (1974:166 en verder) vir die Praktiese Teologie ontwerp het.

’n Basisteorie word gevorm deur ’n literatuurstudie oor die definiëring van gemeentebou, eksegetiese ondersoek na twee Skrifgedeeltes, te wete die Esra-Nehemia geskiedenis asook Paulus se riglyne vir die erediens in 1 Korintiërs 11-14 en ’n historiese ondersoek na die kerk in die tweede eeu en die kerk in die Reformasie.

Hierna word die huidige praktyk in die drie Afrikaanse susterkerke aan die hand van ’n literatuurstudie ontleed. ’n Empiriese studie word gedoen ten einde ’n blik op die situasie in die GKSA te verkry. In hierdie studie word ’n *kwalitatiewe* metode gevolg, waar in diepte onderhoude, aan die hand van vooraf gestruktureerde vrae, met ’n vooraf gekose groep individue, gevoer word (vergelyk Heitink, 1993:229).

Uiteindelik artikuleer praktykteoretiese perspektiewe ’n nuwe of verstelde teorie. Sodoende word vanuit die twee refleksiedomeine van basisteorie en situasie/werklikheid (in hermeneutiese wisselwerking) ’n nuwe praktykteorie ontwerp (Venter, 1992:42-44; 1996:198-200; Heyns & Pieterse, 1990:38-39).

# 5. HOOFSTUKINDELING

Die volgende hoofstukindeling word in hierdie studie gevolg:

1. Inleiding
2. Basisteoretiese perspektiewe op die erediens as instrument in gemeentebou
3. Situasie-analise aan die hand van literatuurstudie en empiriese ondersoek
4. Praktykteoretiese perspektiewe op die erediens as instrument in gemeentebou
5. Samevattende gevolgtrekking

# 6. OUTEURSOPMERKINGS

- Alle Afrikaanse aanhalings uit die Bybel kom uit die nuwe Afrikaanse vertaling (Bybel, 1983), tensy anders aangedui.
- In hierdie studie word die term 'Gereformeerd' deurgaans gebruik om te verwys na die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, terwyl 'gereformeerd' gebruik word om te verwys na die reformatoriese tradisie in die algemeen.
- Die bronverwysings geskied volgens die Harvardstyl, soos deur die Senaat van die PU vir CHO aanbeveel (sien Van der Elst & Van der Walt, 1998). By die gebruik van elektroniese bronne, soos kompakskywe (CD-ROM), word slegs die outeur en jaar in die studie aangedui. Die volle besonderhede van die bronne verskyn in die Bronnelys.

# HOOFSTUK 2

# BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE OP DIE EREDIENS AS INSTRUMENT IN GEMEENTEBOU

## 1. INLEIDING

In hierdie hoofstuk gaan basisteoretiese perspektiewe op die erediens as instrument in gemeentebou daargestel word. Die metode wat gevolg gaan word, is om vanuit 'n literatuurstudie tot 'n definisie van *Gemeentebou* te kom. Bestaande definisies gaan ontleed en geëvalueer word ten einde 'n eie definisie te formuleer.

Daarna gaan na die rol wat die erediens in gemeentebou speel gekyk word. Daarvoor word twee Skrifgedeeltes, naamlik die Esra-Nehemia geskiedenis in die Ou Testament en 1 Korintiërs 11-14 in die Nuwe Testament, eksegeties ontleed en gevolgtrekkings gemaak. Die eerste Skrifgedeelte is gekies aangesien Esra-Nehemia die opbou van die volk na die terugkeer uit die ballingskap beskryf. Dit was 'n tydperk in die geskiedenis waarin die opbou van die volk as Ou Testamentiese gemeente prominent was en hierdie opbou het gepaard gegaan met opbou in die aanbidding rondom die tempel. In 1 Korintiërs is Paulus besig om op vrae van die gemeente te antwoord en in hoofstukke 11 tot 14 fokus hy op die erediens en hoe dit tot opbou van die gemeente gestruktureer moet word. Hierdie twee Skrifgedeeltes is dus hier van besondere belang.

Enkele tydperke uit die geskiedenis gaan aan die hand van 'n literatuurstudie ondersoek word. Die studie is toegespits op die erediens in die tweede eeu na Christus, aangesien dit die tydperk die naaste aan die Nuwe Testamentiese tyd was, sowel as die erediens tydens die Reformasie, waar die hervorming van die erediens prominent gefigureer het.

Ten slotte gaan enkele faktore in die erediens wat gemeentebou dien, vanuit 'n literatuurstudie aan die orde gestel word, om uiteindelik tot 'n samevatting te kom.

## 2. WAT IS GEMEENTEBOU?

### 2.1. BEGRIPSVERWARRING

Gemeentebou is as bedieningsaktiwiteit vanaf die eerste oomblik van die kerk se bestaan daar (Noordegraaf, 1989:123). Aanduidings in die Skrif in hierdie verband bevestig dit. Die bou-

metafoor verskyn reeds in die Ou Testament (vergelyk Hendriks, 1992:40-55) en word in die Nuwe Testament deur veral Paulus en Petrus op die gemeente toegepas (vergelyk Hendriks, 1992: 55-76). "Die kerk sou nie kon wees waar hy hom vandag bevind as dit nie was dat geestelike bouwerk in gemeentes deur die eeue heen plaasgevind het nie" (Kellerman, 1993:331).

Dit is egter maar eers onlangs dat die begrip gemeentebou en uiteindelik die vak Gemeentebou die aandag van teoloë geniet (Noordegraaf, 1989:124). As gevolg van ontnugtering oor die verval van die kerk word gegryp na die studie van gemeentebou. Gemeentebou soos dit tans voorkom, is dan ook ten diepste 'n "vernuwingsbeweging" (Burger, 1991:15). Te Velde (1992a:13,14) wys op die verwarrende gebruik van die woord "gemeenteopbouw" wanneer elke kerklike aktiwiteit (soos byvoorbeeld 'n geldinsamelingsprojek) "gemeente-opbou" genoem word, maar in werklikheid weinig of niks met 'n "beleidmatige aanpak" vir intensiewe en ekstensiewe groei van die kerk te doen het nie. Hy (1989:6) vat die verskillende betekenisse wat aan die begrip gemeentebou gegee word, saam wanneer hy opmerk dat onder die naam "gemeenteopbouw" allerlei "overlevingstrategieën" ontwerp en lanseer word. Du Plooy (1994:137) wys ook op die begripsverwarring wat voorkom. Verskillende terme soos kerkgroei/kerklike groei, die opbou van die kerk/gemeente, gemeentebou en gemeente-opbou word gebruik, maar verskillend ingeklee en verskillend bedoel. Hieroor moet eers duidelikheid verkry word.

## 2.2. VERSKILLENDE DEFINISIES

Die benaderings van skrywers is uit die aard verskillend vanweë hulle onderskeie vertrekpunte. In 'n studie soos hierdie kan 'n omvattende ondersoek hierin nie gedoen word nie en daarom word 'n seleksie van definisies gemaak, wat dan ontleed en geëvalueer word ten einde 'n eie definisie te formuleer.

### *2.2.1. Malan Nel*

Nel het 'n toonaangewende rol gespeel in die formulering van gemeentebou (vergelyk sy bydraes van 1986:3, 55; 1987:36; 1994:13-14; 1994:99 voetnota 41 en 42). Hy stel 'n omvattende benadering tot gemeentebou voor (1994:13). Nel merk op dat "(d)ie totale bediening moet die gemeente bou, maar *Gemeentebou* is nie in sy totaliteit bloot alles wat in belang van die opbou van die gemeente gebeur nie" (1987:1). Nel argumenteer ten gunste van 'n definisie van gemeentebou waar dit 'n onderskeibare bediening in die plaaslike kerk is (1994:10-11). In die opbouwerk is die totale gemeente in sy wese, bestaan, funksionering en strukturering ter sake.

Nel maak die sinvolle onderskeid tussen gemeentebou as bediening en Gemeentebou as teologiese vak :

- <u>Gemeentebou as bediening</u>:

  "Gemeentebou is die bediening waarbinne die gemeente opgelei en begelei word om:

  - sy eie wese en bestaansdoel te verstaan;
  - self, as gemotiveerde gemeente, sy eie funksionering te evalueer, doelwitte vir sy doelgerigte funksievervulling te formuleer en op beplande wyse te bereik;
  - self, soos nodig, op 'n voortgaande basis strukture, wat die heilshandelinge van die drie-enige God in kerk en wêreld dien, vir die gemeentelike funksionering te ontwikkel" (Nel, 1994:14).

- <u>Gemeentebou as teologiese vak</u>. Nel kies die benaming "oikodomiek" vir gemeentebou.

  "Oikodomiek of gemeentebou is die wetenskaplike bestudering van die begeleiding van die gemeente tot:

  - groeiende insig en verstaan van sy wese (identiteit) en bestaansdoel (teologies hermeneutiese dimensie van die vakafdeling);
  - voortgaande verandering of vernuwing tot funksievervulling in ooreenstemming met die gemeente se bestaansdoel (agogies teleologiese dimensie);
  - die ontwikkeling van bedieningstrukture wat sy funksionering in lyn met sy bestaansdoel dien (morfologies teleologiese dimensie)" (Nel, 1994:99, voetnota 42).

Hierdie definisies van Nel is wesenlik dieselfde as die wat hy voorheen in 1986 te boek gestel het (Nel, 1986:3, 55).

### *2.2.2. Jurgens Hendriks*

Hendriks (1992:85) definieer gemeentebou soos volg:

"Gemeentebou is die werk van die drie-enige God.

- Dit is gefundeer in die uitverkiesende genade van die Almagtige God wat Hom heilshistories-verbondsmatig aan die mens openbaar.

- Dit is gebaseer op die kruisversoening en opstandingsoorwinning van Jesus Christus wat as Hoof van die kerk sy kerk regeer.
- Dit is handelend aanwesig deur die lewegewende, kragdadige werking van die Heilige Gees.
- Die drie-enige God bou sy gemeente deur die dienswerk van gelowiges wat Hy met gawes vir hierdie werk toerus. Die leidinggewende bedieninge speel hierin 'n grondliggende rol.
- Die dienswerk van die gelowiges geskied in die konteks van die liefde, *koinonia*, gehoorsaamheid, kennis, vrede, orde, vreugde, gebed, getuienis, onderrig, <u>die erediens</u> (my beklemtoning – WL), geregtigheid, dade van barmhartigheid en die voortgaande proses van stryd.

Gemeentebou het ten doel:

- die kwantitatiewe en kwalitatiewe opbou (dit is: geestelike groei tot volwassenheid, die voorkoming van dwaalleer en betrokke raak by die *missio Dei*) van die *ekklesia*;
- die realisering van die eenheid van die liggaam van Christus;
- die blywende visie op die eskatologiese hoop van die ekklesia;
- die daarstelling van die *ekklesia* as 'n voorlopige gestalte van die koninkryk van God;
- die verheerliking van God;
- die bestudering van die teorie en praktyk van die opbou van die gemeente om die ekklesia as liggaam van Christus in sy geheel en in sy dele te laat funksioneer."

### *2.2.3. M Te Velde*

Te Velde definieer gemeentebou soos volg (1992a:52):

> "Gemeenteopbouw werkt aan coördinatie, functionalisering en optimalisering van alles wat er in de verschillende takken van kerkelijk werk gebeurt. Het heeft ten opzichte van de ambtelijke vakken een ondersteunende en aanvullende functie."

Sy formele definisie wat hy elders aanstip, lui soos volg (Te Velde, 1992a:29):

> "Het werk dat in de christelijke gemeente gedaan wordt
>
> naar Gods opdracht en in zijn kracht
>
> om haar op te bouwen,

en dat op een manier

waarbij bijzondere aandacht wordt besteed aan de gaven en taken van ieder gemeentelid

en aan de activiteiten in 'het middenveld[2]',

terwijl verder veel nadruk ligt op een goed georganiseerd,

planmatig en doelgericht bezig zijn,

met gebruikmaking van inzichten en methoden

uit de menswetenschappen."

### *2.2.4. Jan-Louis du Plooy*

Du Plooy formuleer "'n Werkbare (maar voorlopige) definisie" (Du Plooy, 1996:355), waarin hy voorstel "dat die term *gemeente-opbou* op tweërlei wyse gebruik kan word, naamlik:

- *'n Doelgerigte, omvattende bediening in die plaaslike kerk*, naas en met inkorporering van ander bedieningsgestaltes van die Woord (soos prediking, pastorale sorg, kategese). Daardeur word die plaaslike kerk onder leiding van die dienste begelei om die bouwerk van God aan sy kerk te verstaan en daaraan mee te werk in gehoorsaamheid aan God se Woord (vergelyk 1 Korintiërs 3; 1 Petrus 2:1-10; Efesiërs 4:7-16), en volgens die Belydenis van die kerk (hier met spesifieke verwysing na die Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 27-35, en die Heidelbergse Kategismus, 21:54).
- *'n Wetenskaplike besinning oor die bouwerk van God drie-enig aan sy kerk, oor die roeping wat God sy kerk oplê* om as medewerkers aan sy bouwerk deel te hê, en wat daarmee in direkte verband staan." (kursivering – JLduP)

### *2.2.5. Samevatting*

- Uit bogenoemde blyk dit dat 'n algemene onderskeid gemaak word tussen gemeentebou as bediening en Gemeentebou as wetenskaplike besinning en universiteitsvak. Vir die doel van hierdie studie gaan gekonsentreer word op gemeentebou as *bediening*.
- Dit blyk asof die terme 'gemeentebou' en 'gemeente-opbou' as sinonieme gebruik word. Vir hierdie studie word telkens by die woordgebruik van verskillende skrywers aangesluit en daarom word 'gemeentebou' en 'gemeente-opbou' afwisselend gebruik. In

---

2 Te Velde verwys met "middeveld" na die terrein tussen die eredienste (op Sondae) en die individuele pastoraat (in die week) (Te Velde, 1992a:22).

selfstandige beredenering word die term 'gemeentebou' verkies, aangesien daar onder die begrip 'gemeente-opbou' die belangrike element van *uit*bou na buite ondergeskik aan die *op*bou na binne verstaan mag word.

- Gemeentebou is die werk van die drie-enige God in en deur sy kerk.
- Gemeentebou is nie slegs die somtotaal van ander bedieninge nie, maar is 'n beplande, doelgerigte bediening op sy eie, waarby ander bedieninge betrek word.
- Dit gaan in gemeentebou om verwesenliking, te wete die verwesenliking van die gemeente van sy wese, van dit wat hy reeds deur Christus is.
- In hierdie verwesenliking word elke gelowige belangrik, aangesien elke gelowige 'n gawe ontvang het.
- Gemeentebou vind onder leiding van die dienste plaas.
- Gemeentebou behels groei na binne én groei na buite, oftewel kwalitatiewe groei en kwantitatiewe groei.

### *2.2.6. Eie definisie*

Na aanleiding van bogenoemde en selfstandige denke, word die volgende definisie vir hierdie studie voorgestel:

Gemeentebou is:

- die bediening van die drie-enige God
- in sy kerk
- waardeur Hy, deur die gebruikmaking van die kerklike dienste (predikant, ouderling, diaken),
- deur die gawes van elke gelowige
- die gemeente begelei tot vervulling
- van wat dit reeds in Christus is.
- Dit is daarom 'n aparte bediening in die kerk
- wat die interne én eksterne groei van die gemeente ten doel het. (Groei in volwassenheid (Efesiërs 4:13) én getal (Handeling 1:8)).

Gemeentebou kan saamgevat word as die unieke bediening waardeur die gemeente begelei word om te word wat die gelowiges reeds as liggaam van Christus is.

Dit gaan in Gemeentebou dus om die groei in drie verhoudings, te wete:

- Verhouding van die gelowige met God
- Verhouding tussen die gelowige en medegelowiges
- Verhouding tussen die gelowige en die wêreld.

# 3. DIE EREDIENS AS INSTRUMENT IN GEMEENTEBOU VOLGENS DIE SKRIF

Noudat gemeentebou gedefinieer is, word ingefokus op die erediens as instrument in gemeentebou. Ten eerste gaan daar vanuit twee snitte uit die Woord afleidings gemaak word oor die gebruik van die erediens in gemeentebou. Die omvang van die studie word beperk tot die bestudering van twee Skrifgedeeltes, waarvan een uit die Ou Testament, te wete die Esra-Nehemia geskiedenis en een uit die Nuwe Testament, te wete 1 Korintiërs 11-14, geneem is.

## 3.1. ESRA-NEHEMIA

### *3.1.1. Agtergrond*

Die boeke Esra en Nehemia vorm in die Hebreeuse kanon 'n een boek (Hill & Walton, 1991: 228). Die skrywer/s van die boek Esra en Nehemia beskryf die geskiedenis van Israel vanaf 539 voor Christus tot ongeveer 428 voor Christus (Dreyer, 1994). Die grondlêer van die Persiese Ryk was Kores (vergelyk Jesaja 44:28; 45:1). In 539 voor Christus het hy Babel sonder bloedvergieting ingeneem. Kores het die stoflike en geestelike belange van die verowerde volke bevorder deur dié wat in ballingskap was, toe te laat om na hulle vaderland toe terug te gaan en die verwoeste tempels weer op te bou. Kores is met oop arms deur die Babiloniërs, sowel as deur die Joodse ballinge in Babel, ontvang.

In sy eerste regeringsjaar in Babel, in die jaar 538 voor Christus, het hy aan die ballinge toestemming verleen om na Jerusalem toe terug te gaan en om die tempel van God te herbou. Die eerste groep ballinge het onder die leiding van Sesbassar in Jerusalem aangekom en kort hierna is die leiding deur Serubbabel oorgeneem. Die altaar is weer opgerig, offers is weer gebring en die fondamente van die tempel is gelê, maar as gevolg van die teenkanting en inmenging van die Samaritane het die tempel nie verder as die fondamente gevorder nie.

Darius se seun en opvolger, Xerxes (486-465 voor Christus), staan in die Bybel as Ahasveros bekend en word in Esra-Nehemia net in Esra 4:6 vermeld. Hy is deur sy seun Artaxerxes (465-424 voor Christus), Artasasta in die Bybel, opgevolg en gedurende sy regering het drie

belangrike gebeurtenisse plaasgevind: die koms van Esra na Jerusalem in 458 voor Christus om die wet te onderrig; die poging om die mure van Jerusalem te herbou (Esra 4:8–23) en die goewerneurskap van Nehemia oor Juda van 445/4 tot 433/2 voor Christus en weer van 430 tot ongeveer 428 voor Christus. Gedurende sy eerste ampstermyn het Nehemia die mure van Jerusalem herbou en tydens sy tweede ampstermyn het hy belangrike sosiale en godsdienstige hervormings aangebring.

'n Driekwart eeu na die voltooiing van die tempel kom Esra in Jerusalem aan. Hy is op versoek deur die Persiese koning Artaxerxes (of Artasasta) na Jerusalem gestuur om die diens van die Here te herstel. Aan die begin van sy regering was Artasasta die Jode nie goedgesind nie (4:8), maar het later van gesindheid verander. Esra was goed toegerus vir sy taak: hy was van hoëpriesterlike afkoms en daarby ook 'n Skrifgeleerde. Hy het 'n groot invloed op die volk uitgeoefen en hulle kragtig tot verbondsluiting met die Here gelei.

Die gaan dus in die boek Esra-Nehemia oor die terugkoms van die volk uit die ballingskap. Wat veral van belang is vir hierdie studie is die herstel en strukturering van die kultus en hoe dit 'n rol in die opbou van die volk gespeel het. 'n Belangrike tema in Esra-Nehemia is die huis van God. Dit gaan in Esra en Nehemia oor die huis van God wat herbou moet word. Hierdie huis is nie net die tempel met sy klippe en boumateriaal nie, maar alles wat vir God gedoen word (Venter, 1993a). In die Ou Testament was die erediens die aanbidding in die tempel en die viering van die feeste (Webber, 1982:25-30). In Esra-Nehemia gaan dit primêr oor die opbou van die volk van God, die Ou Testamentiese gemeente, na die ballingskap en in hierdie opbou is die erediens, die aanbidding in die tempel en die viering van die feeste, sentraal. Daarom is 'n ontleding van die boek Esra-Nehemia belangrik vir hierdie studie.

Die boek Esra-Nehemia kan as volg ingedeel word:

| | |
|---|---|
| **Esra 1-6** | **DIE TERUGKEER ONDER SESBASSAR** |
| 1-2 | Die terugkeer onder Sesbassar (Plus naamlys) |
| **3** | **HERSTEL VAN DIE KULTUSLEWE EN TEMPELFONDAMENTE** |
| 4 | Teenstand teen tempelbou en stadsherstel |
| **5-6** | **VOLTOOIING EN INWYDING VAN TEMPEL** |
| **Esra 7-10** | **DIE TERUGGEKEERDES ONDER ESRA** |
| 7 | Die terugkeer |
| 8 | Naamlyste en opgawe van skatte |
| 9-10 | Berou en boete oor gemengde huwelike (Plus naamlys) |

| | |
|---|---|
| **Nehemia 1-7** | **DIE TERUGGEKEERDES ONDER NEHEMIA** |
| 1-2 | Toestemming en terugkeer van Nehemia |
| 3 | Werkopdragte en naamlyste |
| 4:1-7:3 | Mure herstel onder druk |
| 7:4-72 | Naamlys van teruggekeerdes |
| **Nehemia 8-10** | **OPTREDES VAN ESRA** |
| **7:73-8:13** | **VOORLESING VAN DIE WET** |
| **8:14-19** | **VIERING VAN LOOFHUTTEFEES** |
| **9:1-37** | **VEROOTMOEDIGING EN BOETE** |
| 9:38-10:39 | Naamlys van die onderskrywers van 'n ooreenkoms |
| **Nehemia 11-13** | **OPTREDES VAN NEHEMIA** |
| 11:1-12:26 | Naamlys van inwoners, priesters en Leviete |
| 12:27-47 | Inwyding van stadsmuur |
| 13 | Hervorming: reiniging, Sabbatsrus en huwelike |

(Lion-Cachet, 1989:80-81) (Beklemtoning – WL).

Die dele van Esra-Nehemia wat relevant is vir hierdie studie, is die dele is wat te doen het met die tempel en die kultus. Daarom word nou, na aanleiding van die indeling hierbo, verder op Esra 3 en 5-6, sowel as Nehemia 7:73-9:37 gekonsentreer.

### *3.1.2. Esra 3 – Herstel van die kultuslewe en tempelfondamente*

In Esra word die herbou van die altaar en die begin van die herbou van die tempel verhaal. Hoewel die volk hulle oor die hele Israel gevestig het (2:70), het hulle soos een man in Jerusalem bymekaar gekom om die altaar onder leiding van Jesua en Serubbabel te herbou (3:1-2). Onmiddellik, in die eerste jaar van terugkeer (538 voor Christus) word die altaar opgebou sodat die brandoffers gebring kan word. Die brandoffer is die hoofoffer van die Ou Testament (Holmgren, 1987:21). Die altaar word gebou op presies dieselfde plek as die vorige altaar, om kontinuïteit te bewerkstellig (Williamson, 1998). Jesua, as verteenwoordiger van die priesters en Serubbabel, as verteenwoordiger van die wêreldlike owerheid, tree nou na vore (Noordzij, 1939: 66). Na die herstel van die altaar, wat die kultus weer aan die gang gesit het, word begin om die tempel te herstel. In die tweede maand van die tweede jaar na hulle terugkoms kom die hele volk weer in Jerusalem bymekaar om die tempel te herstel (3:8). Op

hierdie stadium is die mure van die stad nog nie herstel nie – dit gebeur eers in die tyd van Nehemia – en is die bedreiging van die omliggende volke groot (3:3). Tog begin die volk met die herstel van die altaar en die tempel en dan die volk in die geheel.

Almal het soos een man deel gehad aan die werk by die tempelterrein. Almal wat uit die ballingskap teruggekom het, is op een of ander wyse betrokke by die bou van die altaar en die lê van die fondamente. Hulle het 'n gemeenskaplike band van geloof in God en 'n gemeenskaplike doel om te aanbid en Hom te gehoorsaam (Breneman, 1993:89). Elkeen het 'n taak om te verrig en beskou dit as sy verantwoordelikheid om deel te neem aan die gebeure daar by die tempel. Dit bring vir hulle groot vreugde om daar te werk. Dwarsdeur die gebeure in Esra en Nehemia is dit opvallend dat dit nie eintlik die leiers is wat die belangrikste is nie, maar dat dit die hele volk is wat oor sake besluit en dinge laat gebeur (Venter, 1993a). Almal werk eendragtig saam om die Here se tempel te herbou en die geloofsgemeenskap in Jerusalem weer op te bou. Soos elke ledemaat van die liggaam 'n onmisbare rol het om te vervul (vergelyk Romeine 12:3–8 en 1 Korintiërs 12:12-31), so moet elkeen wat aan God se volk behoort, saam met die ander lidmate die Here in sy kerk dien.

Uit Esra 3 kan die volgende wat vir die studie van belang is, afgelei word:

- Die aanbidding van God staan sentraal en eerste.
- Gemeentebou begin by die aanbidding, wat eerste herstel en altyd so goed moontlik in stand gehou moet word.
- Die volk in geheel is verantwoordelik vir die instandhouding van die aanbidding.
- Die diens by die tempel (erediens) is sentraal in die lewe van die gelowige.
- Elkeen het 'n bydrae om te lewer en moet betrokke wees.

### *3.1.3. Esra 5-6 – Voltooiing en inwyding van die tempel*

In Esra 4:24 word berig dat die werk aan die tempel, weens die teenstand, gestaak is voor die tempel voltooi is. Na die profetiese optrede van Haggai en Sagaria het Serubbabel en Jesua weer met die bouwerk aan die tempel begin (5:2). In Esra 5:3-6:12 word verder berig hoe die goewerneur van Wes-Eufraat, Tattenai, navraag oor die bouwerk by koning Darius (5:8-17) gedoen het, hoe die rekords in die argiewe van Babel opgesoek is (6:1), die proklamasie van Kores gevind is (6:3-5) en hoe koning Darius opdrag gegee het dat die bouwerk met die hulp van die koninklike fondse voortgesit moet word (6:6-12). So word die tempel voltooi en ingewy (6:13-18) en die Paasfees gevier (6:19-22). Hier word die punt in die beskrywing bereik waar die verwagtings van die ballinge finaal voltrek is (Fensham, 1982:93). Na 'n lang tyd se ontwrigting deur die Samaritane word die tempel uiteindelik voltooi en die aanbidding in die

tempel herstel. Drie-en-twintig jaar na die lê van die fondamente is die tempel voltooi (Smit, 1999a:523). Tydens die inwyding was daar groot vreugde oor die eerste offers vir ongeveer 70 jaar. Die twaalf bokramme as sondeoffer is belangrik (6:17). Met hierdie offer bely die volk hulle sondes en pleit hulle om vergifnis. Die besef dat hulle sonde die rede vir die verwoesting van die tempel was, leef sterk. Die sondeoffer is tegelyk ook 'n beroep op die genade van die Here. Sondebelydenis, vergifnis en 'n beroep op God se genade hoort bymekaar, ook in die vreugde. Dit is ook van belang dat *12* bokramme geoffer word, een vir elke stam – God het met Israel as geheel, met al twaalf die stamme, 'n verbond gesluit (Breneman, 1993:120). Hierdie na-ballingskapse Israel is die geestelike voortsetting van daardie Israel.

Hierna word Paasfees wat gevier is, waaraan elke Israeliet deelgeneem het, beskryf. Tog is daar 'n verskil – in vers 21 lees ons dat dit nie net dié was wat uit ballingskap teruggekeer het, wat deelgeneem het nie, maar ook "elkeen wat hom van die onreinheid van die heidene in die land afgeskei het om die Here die God van Israel te dien." Hier word verwys na die agtergeblewenes wat by die gemeente aangesluit het en volgens die wet leef (Grosheide, 1963:191). Hier is 'n dieper dimensie. Dis nie net die Israel van ouds, of net die Israel wat uit die ballingskap teruggekeer het nie, maar dis die "ware Israel" (Smit, 1999a:523). Dit is almal wat die Here met 'n rein hart soek, wat nou in die loop van die geskiedenis van God se verlossing opgeneem word.

Uit Esra 5-6 kan die volgende wat vir die studie van belang is, afgelei word:

- Met die voltooiing van die tempel kan die aanbidding weer volkome voortgaan – daarom die groot vreugde. Die aanbidding in die erediens is die hoogtepunt van die gemeente se lewe en is die eerste saak wat in stand gehou moet word.
- Elke individu is belangrik in die gemeente.
- Sondebelydenis word ook vir die gemeente as geheel gedoen.
- Om geloofsgenootskap te wees, om kerk te wees, is nie 'n saak vir 'n dig geslote groep alleen nie. Almal wat die onreinheid van heidense nasies afgesweer het en saam die Here soek, het deel aan hierdie fees.
- Slegs dié wat die Here dien, word tot die fees toegelaat.

### *3.1.4. Nehemia 7:73-8:13 - Voorlesing van die wet*

Onder leiding van Nehemia is die groot werk in Jerusalem voltooi. Eindelik is die mure van die stad, net soos die tempel vroeër, voltooi (Nehemia 6:15). Maar dit was nie voldoende dat die stad fisies opgebou is nie. Die hoofsaak van die opbou-program was dat die volk op 'n behoorlike manier die Woord van God kon aanhoor (Viljoen, 1993:21). Die Woord van God

moes weer die sentrale plek inneem. Hulle nuwe lewe in die nuwe stad moes onder die gesag van die Woord kom. Die volk kom spontaan almal bymekaar op die plein by die suidoostelike Waterpoort. Hulle hou 'n godsdienstige byeenkoms wat grootliks ooreenstem met die manier waarop die Jode later in die sinagoges bymekaar sou kom (Venter, 1993b). Hulle kom om te luister na die wet van die Here en om te hoor wat God deur sy Woord vir hulle wil sê. Besondere klem word in die beskrywing gelê op die feit dat die mense kon verstaan wat die wet sê (verse 3, 4, 9, 13) en dat die wet so aan hulle verduidelik word dat hulle kon begryp wat dit van hulle vra. Die erediens het die volk laat huil, maar toe ook getroos; die Woord het seergemaak, maar ook bemoedig. God se wet het aangekla, maar die boodskap het ook vertroos, omdat God se hart oopstaan vir diegene wat boetvaardig tot Hom vlug. Daarom het die geleentheid wat hulle laat huil het, hulle ook met feesvreugde gevul. Hulle het van die samekoms om die Woord 'n feesdag, 'n vreugdedag gemaak.

Dit is belangrik om te let op die elemente van die byeenkoms by die Waterpoort. Die verloop was as volg:

- Die volk versoek Esra om uit die Wet voor te lees (8:2).
- Esra klim op die verhoog (8:5).
- Hy open die Wet (die Bybel) (8:6).
- Die hele gemeente staan op uit respek vir die Wet (8:6).
- Esra prys God (8:7).
- Die gemeente antwoord met hande omhoog en met "Amen, amen" en kniel en buig diep voor die Here (8:7).
- Die Leviete lees uit die Wet voor (8:9).
- Die Leviete verduidelik die Wet aan die volk (8:9).
- Die gemeente reageer op die verkondiging deur te huil (8:10).
- Die gemeente word bemoedig en opgeroep om fees te vier (8:11).
- Die gemeente vier groot fees en deel lekkerny aan mekaar uit (8:13).

Die liturgie van hierdie erediens het die gemeente opgebou deur die gemeenskaplike gebed van Esra, waarop die hele gemeente geantwoord het deur hul liggaamshouding en deur hulle mondelingse antwoord "Amen, amen"; deur die verduideliking van dit wat gelees is, sodat elkeen dit kon verstaan; die bemoediging en oproep om fees te vier en die afloop van die erediens waar die gemeente saam fees gevier en met mekaar gedeel het.

Uit Nehemia 7:73-8:13 kan die volgende wat vir die studie van belang is, afgelei word:

- Die erediens gaan om 'n ontmoeting van die volk met God.
- Elke liturgiese handeling moet 'n sinvolle funksie hê (Viljoen, 1993:21). Liturgiese handelinge mag nie leë, inhoudlose vorme wees nie. Ons moet daarteen waak dat sekere liturgiese handelinge (byvoorbeeld wanneer die geloofsbelydenis en wet voorgehou word) onnadenkend afgehandel word. Die liturgie is 'n belangrike instrument in die opbou van die gemeente.
- Die gemeente is nie stille toeskouers of waarnemers in die erediens nie, maar aktiewe deelnemers deur hulle liggaamshouding en verbale insette.
- Die erediens is in die eerste plek 'n fees, maar sluit ook die elemente van treur, verootmoediging, hartseer en verduideliking in.

### *3.1.5. Nehemia 8:14-19 - Viering van loofhuttefees*

Na die byeenkoms by die Waterpoort kom die leiers, priesters en Leviete bymekaar en lees in die wet van die huttefees (8:14-15). Hulle roep dan onmiddellik die volk op om hierdie fees te vier (8:16). Weer eens is dit treffend dat die hele gemeente dit gedoen het (8:18) en dat dit hulle met groot vreugde vervul het (8:18). Die fees het 'n drieledige betekenis: dit is 'n danksegging vir die verlede – dit was 'n jaarlikse herinnering aan God se beskerming en voorsiening deur die eeue; 'n getuienis in die hede – 'n belangrike aspek van die huttefees en ander feeste was hulle getuieniswaarde teenoor handelaars, reisigers en ander inwoners van die land; en 'n vertroue in die toekoms – soos met die volk van vroeër het God 'n plan met hulle en is hulle pelgrims op pad daarheen (Brown, 1998: 137-139).

Uit Nehemia 8:14-19 kan die volgende wat vir die studie van belang is, afgelei word:

- Die erediens is in sy wese 'n fees, wat die gemeente deur die gemeenskaplikheid daarvan, sowel as die fokus op God en wat Hy vir die gelowige gedoen het, opbou.
- Die klem daarop dat elkeen sy spesifieke deel moet doen.
- Die element van herinnering aan God se dade in die verlede, wat die gemeente saambind, is belangrik.
- 'n Wesenlike element van gesamentlike aanbidding is die getuienis na buite.

### *3.1.6. Nehemia 9:1-37 - Verootmoediging en boete*

Na die huttefees kom die volk vir 'n vasdag bymekaar (9:1). Slegs Israeliete het aan die vasdag deelgeneem, omdat dit om die belydenis en boetedoening van hulle eie sonde en dié van hulle voorvaders gegaan het (9:2). Drie uur lank,'n kwart dag, word uit die wet voorgelees en nog

drie uur lank word belydenis gedoen – dus altesame ses ure (9:3) (Brown, 1998:141). Die wet van die Here word eers lank en indringend voorgelees. Dan lei die Leviete die gemeente om op die wet te antwoord in 'n korporatiewe gebed wat namens die hele volk gedoen word (9:5). In die gebed word die inhoud van die wet wat hulle saam gelees het, getrou gereflekteer in die vorm van 'n beknopte oorsig van God se geskiedenis met Israel (vergelyk Psalm 78, 105, 106) (Venter, 1993b). In die gebed bely hulle almal saam dat Israel maar telkens van God weggedwaal het en aan Hom ongehoorsaam was (9:16-17, 26, 34). Die intieme verbintenis tussen God en sy volk word voorop gestel. In hierdie verhouding was Israel die een wat voortdurend tot ontrouheid geneig was. Die Here, daarenteen, het getrou gebly ten spyte van sy bondgenote se afvalligheid (9:8, 17, 27, 31, 32). Hy was steeds reg en dit was geregverdig dat Hy Israel van tyd tot tyd gestraf het (9:27, 30, 32). Maar dit was ook die Here se sin vir regverdigheid en billikheid wat gemaak het dat Hy nooit van sy kant af aan sy volk ontrou was nie (Brown, 1998:158). Deur alles heen was dit net die Here se geregtigheid wat hierdie verbintenis se voortbestaan gewaarborg het (MacDonald, 1995:489). Dit is waarvan die onderrig van God se Woord deurgaans getuig en waarop die Judese gemeenskap hulle in hierdie boetegebed beroep. Hulle is volledig afhanklik van die Here wat so getrou bly en hulle smeek Hom nou om hulle bondgenoot te bly (9:37). Sonder die Here is hulle aan hulle eie ontrouheid en die genadeloosheid van hulle omstandighede uitgelewer.

Uit Nehemia 9:1-37 kan die volgende wat vir die studie van belang is, afgelei word:

- Verootmoediging speel 'n belangrike rol in gemeentebou. Deur verootmoediging word die gemeente begelei om hul verhouding tot God en die mate waarin hulle afgedwaal het, te besef. Hierdeur word hulle teruggeroep om te wees dit wat hulle as liggaam van Christus reeds is.
- Die bestaan en voortbestaan van die gemeente is in die hande van die Here. Sonder Hom sal daar geen gemeente wees nie en daarom is gemeentebou ook van Hom afhanklik. Uiteindelik is gemeentebou 'n aktiwiteit van die Almagtige God.
- God is getrou aan sy kinders. Daarom moet die gemeente ook sy kinders bymekaarbring en laat groei.

### *3.1.7. Samevattende afleidings van belang vir die studie uit Esra-Nehemia*

- Die erediens is *'n ontmoeting van die volk met God.* In hierdie ontmoeting kom God aan die woord, waarop die volk reageer. Dit is dus 'n tweerigtinggesprek, met God as inisieerder. Die aanbidding van God in die erediens staan sentraal in die lewe van die gelowiges. Die erediens is 'n fees, maar het ook die elemente van treur, verootmoediging, hartseer en verduideliking in.

- Elkeen het 'n bydrae om te lewer en moet betrokke wees. Elke individu is belangrik in die gemeente. Tog gaan die erediens primêr om *'n korporatiewe ontmoeting tussen God en sy volk waarin elke gemeentelid 'n rol het om te speel* en dan nie slegs as waarnemers of toeskouers nie, maar as volwaardige deelnemers.
- Om geloofsgenootskap te wees, om kerk te wees, is nie 'n saak vir 'n dig geslote groep alleen nie. Almal wat die onreinheid van heidense nasies afgesweer het en saam die Here soek, het deel aan die fees van die erediens. 'n Wesenlike element van gesamentlike aanbidding is die *getuienis na buite*. Slegs dié wat die Here dien, word toegelaat tot die fees.
- *Elke liturgiese handeling moet 'n sinvolle funksie hê.* Liturgiese handelinge mag nie leë, inhoudlose vorme wees nie. Daar moet gewaak word teen sekere liturgiese handelinge (byvoorbeeld wanneer die geloofsbelydenis en wet voorgehou word) wat onnadenkend afgehandel word.
- Die bestaan en voortbestaan van die gemeente is in die hande van die Here. Sonder Hom sal daar geen gemeente wees nie en daarom is gemeentebou ook van Hom afhanklik. Uiteindelik is *gemeentebou 'n aktiwiteit van die Almagtige God.*

## 3.2. 1 KORINTIËRS 11-14

### *3.2.1. Agtergrond*

1 Korintiërs het sy ontstaan te danke aan sekere probleemsituasies binne die gemeente wat Paulus wou regstel en aan spesifieke vrae wat die Korintiërs weer op hulle beurt aan die apostel gestel het om meer duidelikheid oor hulle optrede as gelowiges te kry (Lategan, 1984:64). Om hierdie rede word 'n groot verskeidenheid van temas in die brief aangespreek en vertoon 1 Korintiërs formeel gesproke nie 'n streng geslote opbou nie. Na gelang van die sake wat ter sprake kom, kan ons die brief in ses hoofdele onderverdeel:

i. Oor die partyskappe: 1:10-4:21;

ii. oor sekere sedelike misstande: 5:1-6:20;

iii. oor vrae deur die gemeente aan die apostel gestel: 7:1-11:1;

**iv. OOR SAKE RAKENDE DIE GOEIE ORDE IN DIE GEMEENTE: 11:2-14:40;**

v. oor die opstanding van die dode: 15:1-58;

vi. en sekere persoonlike mededelinge: 16:1-24 (Groenewald, 1998) (Beklemtoning – WL).

Sekere gebruike of verskynsels, wat hoofsaaklik met die erediens in verband staan, het in die gemeente begin voorkom en die goeie orde versteur. Daaromtrent het die gemeente die apostel geraadpleeg en gee hy nou sy voorskrifte.

In hoofstuk 11-14 hanteer Paulus probleme binne die gemeentelike erediens (Wolmarans, 1999:1512) en daarom is dit vir hierdie studie belangrik en word dit vervolgens in meer besonderhede bespreek. Eers word twee misstande in die gemeente bespreek (11:2-34), naamlik die gedrag van vroue (11:2-16) en onreëlmatighede by die gemeenskaplike maaltye waar die nagmaal ook gevier word (11:17-34). Vanaf hoofstuk 12-14 kom die besondere genadegawes van die Heilige Gees ter sprake. Paulus behandel die Gees en Sy gawes (12:1-11); die beeld van die liggaam met sy verskeidenheid van lede (12:12-31); die liefde as uitnemende gawe word in 'n verhewe lied besing (13:1-13); die onderskeie betekenis van die profesie en die glossolalie word daarna breedvoerig bespreek en sekere praktiese voorskrifte gegee, sodat in die samekoms van die gemeente alles ordelik kan geskied (14:1–40) (Groenewald, 1998). Dit gaan dus in 1 Korintiërs 11-14 om die opbou van die gemeente in leer en lewe en die sentrale rol wat die erediens hierin speel.

### *3.2.2. 1 Korintiërs 11:2-16 – Die gedrag van vroue in die gemeente*

In 1 Korintiërs 11:2-16 sê Paulus dat 'n vrou 'n hoofbedekking in die erediens moet dra as teken van respek vir en erkenning van die man se gesag oor haar. As sy dit nie sou doen nie, kon sy net sowel haar hare afskeer (11:6). Die vraag is nou waarom daar vroue was wat nie hoofbedekkings in die erediens wou dra nie. Dit mag wees dat hulle libertyne was, met ander woorde vroue wat vanweë omstandighede teen die manlike gesag gerebelleer het (Lenski, 1963:429). Tog kan die probleem ook in terme van publieke en private plekke verklaar word. In die *privaatheid* van haar huis was dit nie vir die vrou nodig om 'n hoofbedekking te dra nie. (Hoofbedekkings moet in alle geval nie met ons hoede verwar word nie. Baie antieke vroue het hoofversierings gedra wat aan ons hedendaagse hoede herinner. Daar bo-oor is die hoofbedekkings, waarvan Paulus praat, dan gedra (Malina, *et al.*, 1997)). As sy egter buite die huis in die *publieke ruimte* in beweeg het, was dit vir haar nodig om 'n hoofbedekking te dra.

Paulus sê in 1 Korintiërs 16:19 dat die gemeente in huise bymekaar gekom het (sien ook Romeine 16:5; Handelinge 20:8), miskien so ongeveer drie gesinne in 'n huis (Malina, *et al.*, 1997) en aangesien die huis die terrein van die vrou was, kon sy hier sonder 'n sluier (hoofbedekking) loop. Die *private area* van die huis verander egter as gevolg van die gemeentebyeenkoms in 'n *publieke area* waar daar aanbid is (Dunn, 1995:75) en volgens 1 Korintiërs 14:23 kon daar ook ter eniger tyd vreemdelinge in die huise inkom. In *publieke areas* moes vroue sluiers dra. Vroue wat in publieke areas nie sluiers gedra het nie, is gewoonlik as

prostitute beskou. Prostitute is dikwels ook gestraf deur hul hare af te sny. Dit was vir 'n vrou van daardie tyd 'n groot skande.

Wat het nou in die gemeente gebeur? Die vroue was gewoond om nie in die huise sluiers te dra nie. Met die samekomste van die gemeente het die huis egter in 'n *publieke plek* verander. Wat sou 'n persoon wat daar inkom en al die vroue sonder sluiers in die publieke samekoms sien, nie alles daaruit kon aflei nie? Dan kon die vroue mos net sowel hulle hare maar afsny. Daarom vra Paulus die vroue van die gemeente om in die samekoms, al is dit in hul eie huise, tog maar 'n sluier te dra.

Dit is dus duidelik dat die opbou van die gemeente nie buite die samelewing en die samelewingsnorme om gebeur nie, maar juis daarbinne. Gemeentebou, en die erediens as instrument daarvan, moet rekening hou met die samelewing se norme en gebruike en sover moontlik in lyn daarmee plaasvind.

Uit 1 Korintiërs 11:2-16 kan die volgende wat vir die studie van belang is, afgelei word:

- Aanbidding in die erediens, of dit deur 'n man of 'n vrou is, moet tot eer van God geskied.
- In die erediens moet die algemeen aanvaarde samelewingsnorme gehandhaaf word.
- Indien vreemdelinge in die erediens inkom, moet hulle nie deur die gebeure onder verkeerde of negatiewe indrukke geplaas word nie, maar juis tuis voel.

### *3.2.3. 1 Korintiërs 11:17-34 – Onreëlmatighede by die nagmaal*

Wanneer die gemeente saamkom is daar skeuringe onder hulle (11:18). Die grondteks wil eerder sê dat hulle saamkom "as gemeente". Dit gaan nie net om 'n byeenkoms wat "in die gemeente" plaasvind nie, maar om 'n geleentheid wanneer hulle "as gemeente" saam is, dit wil sê as diegene wat deur die Here uit die wêreld tot redding geroep is en nou in die hoedanigheid as saamgeroepenes van Christus byeen is (Groenewald, 1998). Kenmerkend van die saamwees as gemeente sal hul eensgesindheid in die diens van God en hul onderlinge verbondenheid in die liefde wees.

In plaas van vir die minder bevoorregte naaste ruimte te maak aan die gemeenskaplike tafel of 'n bietjie te wag tot almal teenwoordig is (vergelyk 11:33), is daar groepies wat hulle afsonder en haastig hulle eie maaltyd eet (11:21). Dit word dus nie 'n maaltyd van die Here, soos dit bedoel is om te wees nie, maar 'n hele reeks eie maaltye (Lenski, 1963:459). Die gevolg is dat sommige niks kry om te eet nie, terwyl ander hulle te buite gaan (11:21). By so 'n manier van maaltyd hou, kom daar van die gemeenskap en van die liefde niks tereg nie.

As Paulus sê dat niemand die nagmaal op 'n *ongepaste* manier mag gebruik nie, verwys hy nie net na sommiges wat groepe gevorm het om slegs saam te eet nie, maar ook na gelowiges wat eenvoudig deel daaraan gehad het sonder om oor die volle betekenis van die simbole na te dink (Du Rand, 1998). Waarskynlik het die rykes eenkant gaan sit, terwyl die behoeftiges aan hulleself oorgelaat is en dikwels nie genoeg gekry het om te eet nie. Op dié manier het die saamkom en -eet eerder die gemeente benadeel as opgebou (Postma, 1993). Paulus stel dit ook dat as dit vir die lidmate bloot gaan om die eet en nie ook om die gemeenskapsbeoefening nie, moet hulle maar liewer by die huise eet (11:22). Ook kan die nagmaalsviering nie volg op so 'n groepvorming by die liefdesmaaltyd nie. Paulus gee toe dat verskil van opvatting in die gemeente ook nodig is sodat die standvastiges onderskei kan word, maar groepvorming openbaar gebrek aan eerbied vir die gemeente van God (11:19).

Uit 1 Korintiërs 11:17-34 kan die volgende wat vir die studie van belang is, afgelei word:

- Dit gaan in die erediens om die *gemeenskaplike* saamkom en nie net om elkeen se individuele versterking nie.
- Daar mag geen onderskeid tussen armes en rykes wees nie. Inteendeel, in die erediens moet diegene wat baie het, ook dié met minder help. Daar mag geen groepvorming in die erediens wees nie, want dit breek die gemeente af.
- In die erediens moet die eenheid beleef en versterk word.

### *3.2.4. 1 Korintiërs 12 – Die gawes van die Gees en die kerk as liggaam*

1 Korintiërs 12 kan in drie dele verdeel word: verse 12-27 gaan oor die opbou van die kerk as liggaam van Christus, wat omraam word deur liturgiese riglyne in verse 1-11 en weer in verse 28-31 (vergelyk Martin, 1984:5-31). Eers maak Paulus dit duidelik dat die gelowiges se gawes van die Heilige Gees kom en daarom anders is as die "gawes" in die heidense godsdienste (12:1-3). Dan stel hy dit dat die gemeente 'n eenheid deur die Heilige Gees is (12:4-6). In vers 7 wys Paulus daarop dat al die charismatiese gawes "tot voordeel van almal" gegee is en gebruik moet word vir die groei van die hele gemeente in gemeenskaplike begrip van God se wil, wat *koinonia* is (Martin, 1984:14). Die besondere vermoëns wat deur die Heilige Gees aan gelowiges gegee word, word geestelike gawes genoem. In vers 8-10 gee hy dan 'n lys van gawes. Dit is belangrik om te onthou dat hierdie lys, soos die ander Nuwe Testamentiese lyste van gawes (1 Korintiërs 12:28, Romeine 12:6-8, Efesiërs 4:11, 1 Petrus 4:11), nie volledig is nie (Carson, 1987:35-36). Daardeur word die gelowige in staat gestel om diensbaar te wees binne die gemeente as die liggaam van Christus. Daar is talle gawes en verskillende mense het verskillende gawes ontvang; geen gawe is egter "meer werd" of "beter" as 'n ander nie. Almal kom van die Heilige Gees met die doel om die kerk, die liggaam van Christus, op te bou.

Naas die verskeidenheid van gawes, wys Paulus ook op die aard van die gemeente deur dit met die beeld van die liggaam te verduidelik. Die kenmerkende van die liggaam is dat dit 'n organiese eenheid vorm al het dit ook baie ledemate (Postma, 1993). So is dit ook met die liggaam van Christus, dit wil sê dat die lidmate, kragtens hulle verbondenheid met Christus, 'n eenheid vorm soos 'n liggaam. Hierdie eenheid in Christus word deur die Heilige Gees bewerk en die doop is die seël daarvan. Die eenheid hef egter nie die verskeidenheid op nie, want Jood bly nog Jood en Griek bly nog Griek en almal word deur die Gees gesterk en regeer. Elke liggaamsdeel het 'n bepaalde funksie wat noodsaaklik vir die liggaam is om as geheel te kan funksioneer. Elke liggaamsdeel het 'n ander doel en taak maar almal werk saam as 'n eenheid. Christene moet versigtig wees vir twee foute wat dikwels gemaak word: eerstens hoogmoed oor die gawes wat hulle ontvang het (Grosheide, 1957:331); en tweedens die gevoel dat hulle niks het om by te dra tot die liggaam van Christus nie. God gee op grond van Christus se verdienste en die Heilige Gees se bemiddeling aan lidmate toerusting om te wees wat hulle in Jesus Christus geword het: God se hande op aarde. Die liggaam kan funksioneer omdat hy gawes ontvang het en in hierdie sin is elke gemeente van Christus 'n charismatiese gemeente (De Klerk, 1987:63). Die doel van die *charisma* lê nie in die mens nie, maar in die nut en voordeel van die gemeente (12:7). En dan spreek Paulus twee groepe aan: dié wat minderwaardig voel en dié wat hooghartig is (Carson, 1987:48). In 12:14-19 wys hy daarop dat selfs die onaansienlikste deel van die liggaam noodsaaklik is, terwyl hy in 12:20-26 dit aantoon dat niemand kan sê dat hy nie die ander nodig het nie. In vers 25 word dit duidelik gestel dat die lede van die liggaam "gelyke sorg vir mekaar dra".

Uit 1 Korintiërs 12 kan die volgende wat vir die studie van belang is, afgelei word:

- Die gelowiges is 'n eenheid deur die Heilige Gees, wat ook in die erediens ervaar moet word.
- Tog is die gemeente ook 'n verskeidenheid. Elkeen het gawes gekry om in die erediens te gebruik tot voordeel van die hele gemeente.
- In die erediens is almal gelyk en mag niemand neersien op iemand anders nie.
- Elkeen in die gemeente moet gelyke sorg vir mekaar dra.

### *3.2.5. 1 Korintiërs 13 – Die liefde*

Paulus bewys in hoofstuk 12 dat die Korintiërs tot 'n groot mate liefdeloos is deur sogenaamde "hoër" of "beter" gawes na te streef (Du Rand, 1993). In hierdie hoofstuk verduidelik hy vir hulle wat ware liefde as die "grootste gawe" eintlik beteken en in hoofstuk 14 hoe die liefde prakties toegepas moet word. Die Korintiërs het sommige geestesgawes belangriker as ander beskou

en in hulle hoogmoed daarna gestrewe om aansien te bekom, deur die sogenaamde belangrike gawes te beoefen. Paulus wys hulle 'n ander pad wat bewandel moet word, naamlik die beoefening van die liefde. Hierdie liefde is nie die gewone menslike liefde nie, maar die Christelike liefde wat deur die Heilige Gees in die harte van die gelowiges gegee word (vergelyk Romeine 5:5). Paulus beskrywe dié liefde in digterlike taal en belig dit vanuit drieërlei gesigspunte: die onmisbaarheid van die liefde (1–3), die wese en werk van die liefde (4–7) en die blywende voortbestaan daarvan (8–13). Om dié lied reg te verstaan, moet ons dit steeds sien teen die agtergrond van die beoefening van die gawes in Korinte.

Uit 1 Korintiërs 13 kan die volgende wat vir die studie van belang is, afgelei word:

- Die liefde moet sentraal staan in die erediens. Sonder liefde is alles anders waardeloos. Daarom moet alles in die erediens uit liefde en in liefde en met liefde gedoen word.

### *3.2.6. 1 Korintiërs 14 – Orde in die erediens*

Dit is nodig om die deurlopende gedagtegang in herinnering te bring. In hoofstuk 12 het die apostel oor die genadegawes in die algemeen gepraat, met nadruk op die eenheid en die verskeidenheid; hoofstuk 13 besing die uitnemendheid van die liefde en stel al die ander gawes ondergeskik daaraan. Nou in hoofstuk 14 is Paulus nog steeds besig met die kerk wat vir die beoefening van die godsdiens in die openbare erediens saamgekom het (De Klerk, 1987:68). Vers 1-12 handel veral oor die teenstelling: spreek in tale en profesie. In verse 13-19 word die teenstelling tussen bid en praat in tale gemaak. In vers 20-25 gaan dit om die betekenis van die erediens vir die nie-gelowige. In vers 26-40 gaan dit om die orde in die erediens. Die eenheid in die erediens van die gemeente as één liggaam (1 Korintiërs 12:12, 13) is ook die Gees se gawe en hierdie eenheid impliseer totale betrokkenheid van elke lid om die liggaam te laat funksioneer. Daarom word al die erediensdeelnemers tot aktiwiteit opgeroep (1 Korintiërs 14:24).

In vers 1-12 wys Paulus daarop dat profesie die een gawe is waarvoor almal in die gemeente hulle moet beywer (14:1, 5), want juis deur die gawe van die profesie word die gemeente opgebou (14:1, 12, 24). Profesie is die gawe om die lig van die Woord van God op 'n bepaalde konkrete situasie te werp, om die gemeente te vermaan, te bemoedig en te leer (De Klerk, 1987:69).

Verse 13-19 handel oor die teenstelling tussen bid en praat in tale. Onder beheer van die Gees is die ware karakter van die erediens in sy korporatiewe aard geleë en die gebed word juis daarom aan die groei en verryking van die hele liggaam gekoppel (14:17). Paulus maak in hierdie gedeelte gebruik van begrippe wat saam die volle omvang van danksegging weergee. Hy onderskei tussen *bid*, *psalmsing* en vat die twee saam as *lofprys*. Die gebed, psalm en

lofprysing van die gemeente in die erediens het 'n onderrigtende karakter (Efesiërs 5:18 en verder; Kolossense 3:16) en in 1 Korintiërs 14:17 word die onderrigtende karakter beskryf as *geestelike opbou.* Sang is 'n besonder direkte en kragtige wyse van kommunikasie tussen die gemeente en Christus (Barnard, 1980:24). Juis daarom is dit die Gees wat die gemeente in die sing van die lied beheer en gee Hy ook aan die gelowiges die gawe om 'n psalm te besit (14:26). Die lied het 'n eie plek in die erediens en is nie bloot 'n reaksie op of voorbereiding tot 'n ander handeling nie. Die voorwaarde vir opbouende, onderrigtende, inspirerende en betekenisvolle sang is dat die gemeente 'n Geesvervulde gemeente moet wees (De Klerk, 1987:71).

Die openbare erediens dien vir die gemeente tot opbou en tot voordeel. Hierdie erediens kan selfs vir nie-gelowiges 'n groot voordeel inhou en dit is wat Paulus hier in 1 Korintiërs 14:21-25 beskryf. Ook hier word die "praat in tale" teenoor die profesie gestel. Teenoor die vraag van die buitestander wat die vreemde tale hoor: "Is hulle van hulle verstand af?" toon Paulus in 'n stygende lyn die uitwerking aan wat die profeteer van *die hele gemeente* op die buitestander het: hy word in sy gewete aangespreek, hy kom tot selfondersoek, die verborge dinge van sy hart kom aan die lig, hy val op sy knieë, hy aanbid God, hy getuig openlik: "Waarlik, God is hier by julle!" (14:24-25) So gebruik die Heilige Gees die gelowiges in die samekoms (14:23) as instrumente om nuwe lewe in dooie harte te wek. Hier word die essensie van die ware erediens, van ware aanbidding aangegee: "Waarlik, God is hier by julle." 'n Erediens waarin die gawe van profesie beoefen word, kan dus 'n baie sterk invloed op die nie-gelowiges hê.

In 1 Korintiërs 14:26-40 handel Paulus oor die orde in die erediens. Wanneer die gemeente vergader, kom elkeen daarheen met sy besondere genadegawe (12:7–10) en wil hy dit ook in beoefening bring. Hierteen is geen beswaar nie, maar daar moet gewaak word dat dit nie aanleiding gee tot 'n wanordelike byeenkoms nie. Daarom moet die regulerende beginsel steeds wees dat alles ordelik moet geskied tot opbou van die gemeente. Oorkoepelende staan die liefde wat alle handelinge moet beheer (vergelyk 12:31) en elkeen moet bewaar van liefdeloos te handel selfs wanneer hy 'n genadegawe van die Gees beoefen. Wanneer individuele lede van die gemeente hulle gawes tot voordeel (12:7), gelyke sorg vir mekaar (12:25) en tot opbou (14:2 en verder) gebruik, is daar vrede. Wanneer Paulus sê dat alles in die erediens "welvoeglik"[3] (14:40) moet verloop, verwys hy na dit wat hy in 13:5 van die liefde gesê het: die liefde handel nie onwelvoeglik nie. "Welvoeglik" beteken om mekaar in liefde "in ag te neem", op so 'n wyse dat die swakker lede beleef dat die sterker lede na hulle omsien en op 'n liefdevolle wyse vir hulle sorg dra. Met "ordelik" word die gemeente aangemoedig om in

[3] Die 1933/53-vertaling het die woord "welvoeglik". Die 1983/92-vertaling het "gepas". Die Griekse woord εὐσχημόνως staan teenoor ἀσχημονέω wat in 13:5 as "onwelvoeglik" vertaal is in beide vertalings.

die erediens só te funksioneer dat elke lid in harmonie met die ander 'n plek beklee en 'n funksie vervul en dat selfbeheersing en inagneming van mekaar nie geskaad word nie (Martin, 1984:83).

In alle besluite moet die maatstaf wees of en hoe die geheel van die erediens en elke bepaalde onderdeel die opbou van die liggaam gaan bevorder. Ordelikheid het boweal met die goeie funksionering van elke ērediensdeelnemer in die liggaam van Christus te doen. Die ordelikheidsbeginsel staan baie sterk wat betref die inagneming van mekaar teenoor oorheersing van mekaar.

Die gebruike van destyds verklaar waarom Paulus die vroue verbied om in die gemeentes te praat (1 Korintiërs 14:34–36), ten spyte daarvan dat hy in 1 Korintiërs 11:5 tog vermeld dat vroue in samekomste profeteer. Skynbaar het die vroue in die Korintiese gemeente tog aktief saamgepraat in die byeenkomste. In die konteks waar Paulus egter oor die orde in die gemeente praat, vra hy dat vroue nie in die gemeente moet praat nie.

In die huis was die vrou vry om te praat en sake met haar man te bespreek, soos Paulus in 1 Korintiërs 14:35 self impliseer. Gedurende die erediens neem die huis egter die karakter van 'n publieke plek in. In 'n publieke plek was dit die taak van die man om te bespreek en die leiding te neem. Soos die man uit die kombuis moes bly, moes die vrou uit die openbare besprekings bly (Malina, *et al.*, 1997). Deur daar te veel te sê sou 'n oorskryding van die sosiale grense, wat deur die gemeenskap gestel is, wees en versteur dan die orde. Die vroue het waarskynlik gevoel dat hulle in huise kon saampraat; dit is immers hul plek. Paulus vra hulle egter om ter wille van onder andere die orde, nie in die gemeentebyeenkomste (al is dit in hulle eie huise) te praat nie en so die openbare karakter van die byeenkomste te respekteer.

Uit 1 Korintiërs 14 kan die volgende wat vir die studie van belang is, afgelei word:

- Die erediens het die opbou van die gemeente ten doel en daarom moet na die gawes wat die opbou van die gemeente dien, veral die gawe van profesie, gestreef word.
- Gebeurtenisse in die erediens moet verstaanbaar vir die gemeente wees.
- Die erediens moet só wees dat ongelowiges wat dit binnekom dit verstaan en aangespreek word deur dit wat gebeur. So het die erediens ook 'n evangeliserende dimensie. Die kenmerk van die erediens is: "Waarlik, God is hier by julle."
- Sang en gebed speel 'n belangrike rol in die opbou in die erediens.
- Elkeen het 'n bydrae om te lewer wanneer die gemeente in die erediens saamkom.
- Die erediens moet ordelik verloop; so moet alles wat gebeur gepas en ordelik wees.

- Die erediens gaan nie teen die algemeen aanvaarde samelewingsnorme in nie, maar pas daarby aan.

### *3.2.7. Samevattende afleidings van belang vir die studie uit 1 Korintiërs 11-14*

- Die *samelewing en die norme in die samelewing moet in ag geneem word* in die erediens ten einde die gemeente te bou en nie af te breek nie.
- In die erediens moet die *eenheid in geloof sterk beleef en versterk word.* Eenheid in die erediens is uiters belangrik. Die gelowiges is 'n eenheid deur die Heilige Gees, dus mag daar geen klasverskille of groepvorming wees nie. So mag die gelowige ook nie onnodig óf meerderwaardig voel nie, aangesien die liggaam één is en tog uit verskillende dele bestaan wat almal nodig is.
- Tog is die verskeidenheid ook belangrik. Elke gelowige het gawes ontvang om te gebruik *tot voordeel van almal.* In die erediens moet die gelowiges ook *gelyke sorg vir mekaar* dra. Dit gaan in die erediens nie net om elkeen se individuele versterking nie, maar om die *gemeenskaplike* saamkom. Die liefde moet al die handelinge rig en stuur, want sonder liefde is alles waardeloos. Daarom moet alles in die erediens uit liefde, in liefde en met liefde gedoen word.
- Die gawes in die erediens is daar om gebruik te word tot *opbou*, maar om dit effektief te kan doen, moet alles *gepas en ordelik* geskied.
- Die erediens dien as *'n sterk getuienis teenoor die wêreld.* Buiten die perspektiewe dat alles in die erediens tot eer van God en tot opbou van mekaar moet dien, moet dus ook die evangeliserende funksie van die erediens in gedagte gehou word.

## 4. DIE EREDIENS IN DIE GESKIEDENIS

Vervolgens gaan die ontwikkeling van die erediens deur die geskiedenis bespreek word om vas te stel hoe die erediens gemeentebou, soos dit hierbo gedefinieer is, bevorder. Ten eerste gaan die erediens in die tweede eeu na Christus, die tydperk net na die Nuwe Testament was, ondersoek word. Die erediens in hierdie tydperk was die naaste aan die Nuwe Testamentiese erediens en die oorlewering van die apostels en daarom is dit belangrik om hierdie tydperk te ondersoek. Die volgende tydperk waaroor besin gaan word, is die tydperk van die Reformasie, waar baie sterk teruggegryp is na beide die Bybelse beginsels vir die erediens en die voorbeeld daarvan in die vroeg-Christelike kerk, sonder om dit identies daaraan te maak (De Klerk, 1982:53).

## 4.1. DIE EREDIENS IN DIE TWEEDE EEU

Vir die eerste tyd na die Nuwe Testament is daar min duidelike gegewens oor die erediens (Barnard, 1981:153). Die rede hiervoor kan wees dat die erediens en die inrigting daarvan so vanselfsprekend beskou is en dat dit in die gemeentes só bekend was, dat dit nie nodig geag is om dit te beskryf of te verduidelik nie. Tog is daar bronne wat inligting oor hierdie tydperk en die gestaltegewing van die erediens bied. Die bronne kan egter nie in detail weergegee word nie, maar gevolgtrekkings kan vanuit die bronne getrek. Die hoofbronne is: die brief van Klemens van Rome aan die Korintiërs (95 na Christus); die sewe briewe van Ignatius van Antiogië (110-117 na Christus); die brief van Plinius aan Keiser Trajanus (112 na Christus); die Didache (±100 of 150 na Christus); die tweede Klemensbrief (middel tweede eeu) en die apologie van Justinus die Martelaar (150 na Christus). Daar is verder nog 'n klomp kleiner bronne (vir 'n volledige bespreking van die verskillende bronne, vergelyk Barnard, 1981:155-165). Uit hierdie bronne kan die volgende beeld geskep word:

### *4.1.1. 'n Bekende patroon word voortgesit*

Die beeld van die erediens in die Nuwe Testament en wat soveel spore van beïnvloeding deur die Joodse sinagogediens vertoon, is in die vroeë kerk eenvoudig voortgesit (Patterson, 1994:33).

### *4.1.2. Die sentrum van die kerk*

Die Christene het nie alleen voortgegaan om die eredienste by te woon nie, maar dit is gesien en gevoel as die lewensaar van hulle geestelike lewe en van die gemeente. Die erediens was die samekoms van die gemeente as liggaam van Christus. Hulle het nie tempelstrukture of uitvoerige rituele soos die breëre godsdienstige wêreld gehad nie, maar die versamelde groep was self 'n lewende tempel en hulle lof en aanbidding was geestelike offers wat vir God welgevallig was (Hurtado, 1999:50). Volgens Justinus 1:65 het die erediens kortweg die samekoms of synaxis geheet. Die gelowiges het gereeld saamgekom op Sondag – die dag van Jesus se opstanding. In die vroeë kerk het die Sondag sentraal gestaan (Beukes, 1993:50). Dit was aanvanklik nie 'n rusdag nie, omdat dit as gewone werksdag gegeld het – wel was dit 'n feesdag. Die feesdag is gevier deur die erediens en deur die gebruik van die nagmaal. Die Sondag is gesien as die feesdag by uitnemendheid, die weeklikse viering van die Paasfees as Christus se oorwinning. Hierdie dag van opstanding het sy eie naam gekry: "Dag van die Here."

Uit Plinius se brief kan gesien word dat in die samekoms die eenheid bely is en dat almal onderneem het om aan Christus in alle omstandighede getrou te bly. In die Barnabas-brief lees

ons die vermaning dat Christene hulle nie moet isoleer nie, maar "epi tou auto synerchestai", om saam te kom (Barnard, 1981:160).

Dit is dus duidelik dat die saamverkeer met medegelowiges in die erediens van groot belang was. Slegs daar en tydens die erediens kon ware koinonia beoefen word (Van Rooyen, 1983:34). Om saam met die medegelowiges God in die erediens te aanbid, was prioriteit vir die Christene van die vroeë kerk.

### *4.1.3. Twee brandpunte*

Die erediens vertoon duidelik twee brandpunte: die Woordverkondiging, met elemente daaromheen en die nagmaalsviering, met elemente daaromheen (Webber, 1982:49). Die raamwerk van die twee dele sien ongeveer as volg daaruit:

Woorddiens:

- Groet en antwoord
- Lesinge, afgewissel met psalmodie
- Preek deur die biskop
- Gebed vir die node van die Christenheid
- Wegsturing van die kategumene
- Kollekte

Nagmaal:

- Groet en antwoord
- Vredeskus
- Offertorium
- Eucharistiegebed
- Breking van die brood en kommunie
- Wegsturing van gemeente

(Barnard, 1981:166-167).

### *4.1.4. Skriflesing, prediking en gebede*

Die Skriflesing en prediking was in hierdie tyd baie gerig op die onderlinge gemeenskap. Die preek in die vorm van die homilie was veel meer 'n bespreking, 'n uitlegging en toepassing van

die voorgelese Skrifgedeelte op die konkrete lewe. Groot klem is gelê op die paraklese, die vermaning, in die dubbele betekenis van teregwysing en vertroosting en bemoediging (Barnard, 1981:168).

Die gebede is hoofsaaklik korporatief. Die leiding van die gebede berus by die biskop, maar die gebede geskied só dat die gemeente daaraan deel het. Ook die voorgebed of die intersessiegebede was gerig op koinonia. Daar is vir die nood van verskillende persone en instansies gebid: vir siekes, swakkes, vreesagtiges (Van Rooyen, 1983:36). Die eucharistiegebed, voor die nagmaalviering, het voorbidding vir die node van die kerk ingesluit. Daar is ook vir spesifieke groepe, sowel as alle gelowiges, gebid.

### *4.1.5. Die viering van die nagmaal*

Die nagmaal is dikwels gevier binne die raam van die liefdesmaaltyd, die agapé (Aune, 1996). Die koinonia-gedagte het die viering van die nagmaal ondersteun. Die koinonia soos dit in die Nuwe Testamentiese erediens tydens die nagmaal bestaan het, is in die vroeë kerk net so oorgeneem. Die horisontale sowel as die vertikale koinonia is in die viering van die nagmaal beoefen. Die diepe eenheid tussen die gelowiges het so tot uiting gekom. Die diakens het dan ook aan almal teenwoordig die nagmaal bedien, maar ook na die huise geneem vir diegene wat afwesig was (Van Rooyen, 1983:35). Dit toon die band van koinonia wat bestaan het tussen hierdie Christene.

### *4.1.6. Die Vredeskus*

Hierdie gebruik is vanuit die Nuwe Testament oorgeneem. Die vredeskus het die oorgang aangedui van die Woorddiens na die nagmaalsdiens (Wegman, 1985:41-42; Aune, 1996). Maar dit het veral die koinonia van die gelowiges wat aan die nagmaal sal deelneem, aangedui.

### *4.1.7. Sang in die erediens*

In die Christelike eredienste is gesing. Plinius vermeld dat die Christene gesing het. So ook Tertullianus wat vertel dat in die erediens "psalms gesing word" (Barnard, 1981:169). Tot in die vierde eeu speel die psalms 'n belangrike rol in die erediens. Gaandeweg begin die himne, veral in die Ooste, 'n groter plek inneem en selfs die psalms oorskadu (Beukes, 1993;49).

### *4.1.8. Deelnemers aan die erediens*

Vanaf die ontstaan van die Christelike kerk het die gelowiges self 'n groot rol gespeel in die erediens. Die deelname was meer korporatief as individualisties (Beukes, 1993:50). Die

eredienste is aanvanklik gekenmerk as die samekoms met Christus en met mekaar. Op baie maniere het hierdie gemeenskapsmotief in die erediens tot uitdrukking gekom. Dit is 'n diens van die gemeente en deur die gemeente en waaraan hulle ook aktief deelneem. Daar is geen sprake van dat hulle toeskouers sou wees, of van priester,s of altare, of van die gebou as 'n heiligdom, of van die diens as 'n sakrale gebeurtenis nie (Barnard, 1981:170). Die gelowiges het saam en as 'n eenheid die erediens beleef.

### *4.1.9. Elemente van die erediens in die tweede eeu wat vir die studie van belang is*

- Die *erediens staan sentraal* in die lewe van die gelowiges en is gesien as 'n fees.
- Die *koinonia in die erediens* is van kardinale belang. Elke gelowige het deelgeneem aan die erediens.
- Die erediens was nie 'n individuele gebeurtenis nie, maar *'n korporatiewe byeenkoms van gemeenskap met God en met mekaar.* Skriflesing, prediking en gebede is gerig op die onderlinge gemeenskap en was korporatief. Die Vredeskus het die onderlinge gemeenskap verstewig.
- Die *nagmaal was 'n kardinale element* van elke erediens, aangesien dit die opbou van die gemeente ten doel gehad het.

## 4.2. DIE EREDIENS TYDENS DIE REFORMASIE

Na die vierde eeu is dit wat wesenlik is aan die aanbidding, te wete die ontmoeting tussen God wat praat en die gemeente wat antwoord, in 'n al groter mate verloor (Deddens, 1993:22). God het al minder gepraat en die preekstoel is weggeskuif. God was alleenlik teenwoordig deur die sakramente. Die gemeente is al meer uitgesluit van werklike deelname. Teen die tyd van die Reformasie is die twee wat mekaar in die erediens ontmoet het, God en die priester. Die gemeente het die liturgiese drama van 'n afstand aanskou. Teen die begin van die Middeleeue, toe die dogma van transsubstansiasie amptelik verklaar is en die altaar dominant geword het, was die kerk baie ver verwyder van die aanbidding van die Nuwe Testament en die kerk van die eerste paar eeue.

### *4.2.1. Die Reformasie*

Die Reformasie begin met die opbou van die kerk na die verval in die Middeleeue. Hoewel die Reformasie hoofsaaklik 'n hervorming van teologie was, was dit onafwendbaar dat 'n hervorming van aanbidding daaruit sou voortvloei (Webber, 1982:73). Die belangrikste beginsel van aanbidding waarop die hervormers aangedring het, was dat aanbidding nie 'n ontmoeting

tussen God en die priester is nie, maar tussen God en sy volk (Deddens, 1993:23). Die Reformasie het die gemeente uit haar toeskouerstatus in die erediens, haar onvermoë om deel te neem, weggeneem en haar status herstel as 'n deelnemende party aan die verbond en haar plek in die erediens aan haar teruggegee.

Die mis het die erediens as 'n korporatiewe gebeurtenis van die gemeente laat verskuif tot 'n karakter van geestelike individualisme. "Dit gaan om God en die siel. Die enkeling moet sorg dat sy siel voor God reg is" (Barnard, 1981:246). Hierteen het die Reformasie in opstand gekom. Volgens die Reformasie gaan dit om God wat in die erediens 'n sprekende gemeenskap stig en onderhou met sy gemeente (Van Rooyen, 1983:50). Deur God se spreke deel Hy heil mee van sy Seun deur die werk van die Heilige Gees. Die gemeente hoor en in gehoorsaamheid glo en antwoord op hierdie heil wat deur Christus toegeëien word. Daar is dus twee brandpunte: God wat spreek en meedeel en die mens wat luister, antwoord en toeëien. Dit is die wese van koinonia van die erediens wat beklemtoon is. Daarom val die klem in die Reformasie baie swaar op die lees en die verkondiging van die Woord en die Bybelse instelling van die sakramente (Wegman, 1985:297). Ook word die gebede en die gemeentelike sang as stigtingselemente van koinonia baie sterk deur die reformatore beklemtoon. Dit is alles gemeenskapstigtende elemente binne die erediens wat onderhou moet word.

Die plek van die priester as bemiddelaar van die heil tussen Christus en die volk is veroordeel. Die geestelikes was vir hulle so op die voorgrond geplaas dat die gelowige tot 'n passiewe hoorder en onmondige ontvanger gedegradeer is. Hierteenoor het die reformatore aangedui dat die heil in die erediens bemiddel word deur die geloof en dit deur die werking van die Heilige Gees. Heil geskied dus nie outomaties of magies of misties nie, maar die erediens stig die gemeenskap. Dit word 'n gemeenskapsbeoefening van die volk self, sonder die tussenkoms van priesters en vind plaas rondom die Woord en sakramente en geskied direk deur Jesus Christus as die enigste Middelaar en Hoëpriester (Barnard, 1981:255).

### *4.2.2. Martin Luther*

Die woorde van die aanhef tot die tien gebooie: "Ek is jou God" bepaal vir Luther die hele erediens (Van Rooyen, 1983:51). Erediens en God hoort dus byeen en so word die vraag na God ook die vraag na gemeenskap met Hom. God bepaal dus die erediens. Vir Luther het die Woord sentraal gestaan en moes alles gedoen word om die Woord te laat heers (Webber, 1982:75). Daarom moet die prediking in die erediens herstel word.

Vir die erediens het dit belangrike implikasies dat Luther die heilsbemiddelende posisie van die Roomse priesters verwerp en aan elkeen weer vrye toegang tot God gee; dat hy beklemtoon

dat gelowiges nie maar toeskouers is nie, maar werklike deelnemers aan die erediens (Barnard, 1981:266).

Luther was 'n liefhebber van sang en musiek en het gou reeds die waarde daarvan vir die erediens besef. Gemeentesang bedoel om God te eer en die naaste tot voordeel te wees.

### *4.2.3. Ulrich Zwingli*

Alles is vir Zwingli bepaal deur die Heilige Gees, soos hy dit verstaan het. Hy kom tot die oortuiging dat in plaas van die transsubstansiasie van die brood en wyn in die liggaam en bloed van Christus, daar, deur die werking van die Heilige Gees, 'n transsubstansiasie is van die gelowiges om een met die Gees te wees (Van Rooyen, 1983:52). Zwingli handhaaf sterk die mondigheid van die gelowiges en dat hulle ook wesenlik deel moet hê aan die erediens. Daarom sy besliste klem op die duidelike, hoorbare en verstaanbare wyse waarop alles moet geskied. Hy wou selfs in die erediens by verskillende geleenthede die mans en vrouens laat deelneem by wyse van 'n wisselgesprek (Barnard, 1981:283). Tegelyk het hy egter die noodsaaklikheid van 'n opgeleide en gekeurde groep van ampsdraers en predikers beklemtoon. Zwingli het egter alle sang en musiek in die erediens laat verstom. Hy wou stilte hê rondom die Woord, wat vir hom sentraal staan (White, 1994:76).

### *4.2.4. Martin Bucer*

Bucer neem die leiding in die reeks vernuwings van die erediens in Straatsburg, veral in die pogings om die erediens te vereenvoudig. Daar word groter nadruk gelê op die preek, gemeentesang word ingevoer, allerlei seremonies word afgeskaf en allerlei terme in die erediens wat verband hou met die offerkarakter van die Roomse mis, word verwyder (Webber, 1982:77). Juis omdat Bucer so 'n groot plek inruim vir die werk van die Heilige Gees in die erediens, is hy teen die veruitwendiging van die erediens en teen 'n menigte seremonies.

Hy sien die gemeente as 'n nuwe gemeenskap, wat almal deur die liefdesgebod verbind word (Van Rooyen, 1983:53). Die klem op die priesterskap van die gelowiges bring die noodsaak vir die eenvoud van die erediens mee. Die gelowiges moet inderdaad kan deelneem aan die erediens en dit lei weer daartoe dat groot klem geplaas word op die sang van die gemeente en die deelname aan die nagmaal. Bucer beklemtoon die groot verantwoordelikheid teenoor die naaste om hom ook na Christus en tot aanbidding te bring (Barnard, 1981:297). Die gemeenskap in die erediens moet dus ook die naaste trek.

### 4.2.5. Johannes Calvyn

Calvyn se hoofbron vir sy denke oor die erediens was die werk van Bucer in Straatsburg (Webber, 1982:77). Hy het ook klem daarop gelê dat teruggekeer moet word na die eise van die Skrif en dat die elemente van die erediens duidelik moet wees en nie te moeilik vir die mense om te verstaan nie (Deddens, 1983:23). Die gemeente moet by alles in die erediens betrokke wees en daarom moet alles in die erediens hoorbaar en verstaanbaar wees (Beukes, 1993:74). In die inleiding van sy diensboek wat hy in 1542 gepubliseer het, stel hy dit dat hy die gebruike van die eerste kerk wil volg in die aanbidding. Daarom was hy ten gunste van 'n gereelde, selfs weeklikse, viering van die nagmaal.

Calvyn gaan uit van die standpunt dat God in alles sentraal moet staan. Die ware doel van die menslike lewe is om die eer van God te dien – hierdie waarheid vorm die sentrale gedagte van Calvyn se lewens- en wêreldbeskouing en is ook die uitgangspunt van sy liturgie (Brienen, 1987:159). Gemeenskap met God is dus die kern waarom alles draai. Maar hierdie afstemming van die samekoms en al die liturgiese handelinge daarin op die eer van God, het as keersy dat God die erediens wil gebruik tot seën en heil van die deelnemers (Brienen, 1987:160). As teoloog van die Skrif het Calvyn die gemeente en die opbou daarvan in die oog gehad. In die erediens moet hierdie opbou tot uitdrukking kom. Vir Calvyn was die norm vir al die gebeure in die erediens dat dit tot opbou van die gemeente moes geskied (Brienen, 1987:162). Wat die opbou verhinder het, moes nagelaat word en wat dit bevorder het, moes inderdaad gedoen word (Barnard, 1981:338). In die opbou van die gemeente is dit die liefde wat moet lei. Omdat alles in die erediens tot opbou van almal moet dien, moet die diens eenvoudig en verstaanbaar wees – daarom moet die volkstaal in die samekoms van die gemeente gebruik word.

### 4.2.6. Elemente van die erediens in die Reformasie wat vir die studie van belang is

- Die erediens gaan om *'n ontmoeting tussen God en sy volk*, waarin die gemeente as geheel betrokke is. Daarom moet die elemente van die erediens eenvoudig, duidelik en verstaanbaar wees en tot stigting van die gemeente dien.
- Die erediens gaan oor *die gemeenskap met God* en daarom is sang belangrik en dien dit om God te eer en die naaste tot voordeel te wees.
- *Deelname van elke gelowige is belangrik.* Elke gelowige het ook 'n verantwoordelikheid teenoor die naaste en hierdie verhouding moet ook in en deur die erediens gedien word.
- Die *erediens moet die opbou van die gemeente dien* en alles wat nie die opbou dien nie, moet weggelaat word.

# 5. FAKTORE IN DIE EREDIENS WAT GEMEENTEBOU DIEN

## 5.1. DIE DRIE-ENIGE GOD IN DIE EREDIENS

### *5.1.1. God die Vader in die erediens*

Die erediens is 'n ontmoeting tussen die heilige, almagtige Verbondsgod en sy gemeente. Net soos Hy die inisiatief geneem het om 'n verbond van genade en liefde met sy volk te sluit, neem God ook tydens die ontmoeting in die erediens die inisiatief (Barnard, 1981:424). Op hierdie wyse is die erediens dan die vergestalting van die verbond tussen God en sy gemeente. In die verbond leer die gelowige homself ken in sy sonde, skuld, nood en opstand (De Klerk, 1987:87). Terselfdertyd leer hy egter ook die verbondstrou en –liefde tussen die Verbondsgod en sy volk ken (Van der Walt, 1982:13). So word die erediens die brandpunt van God se liefde wat konkreet word (De Klerk, 1987:81). As die sin van ons bestaan lê in ons verankerdheid aan God en in die feit dat ons voor sy aangesig mag leef, dan behoort aanbidding die grondtoon van die erediensviering te wees (Burger, 1999b:11).

### *5.1.2. Jesus Christus in die erediens*

Die middelpunt van God se verbondstrou is die verlossing wat Hy bewerk het deur Jesus Christus (Smit, 1999c:28). Christus is die Hoof van die kerk. Tydens die erediens is Hy gevolglik, net soos die Vader, self teenwoordig. Daarom vind die ontmoeting ook plaas in sy Naam (Barnard, 1981:405-416). Sonder Christus is daar geen gemeente, erediens of geseënde ontmoeting met God nie. Slegs omdat die gelowiges in een Hoof met mekaar verenig en deur Hom met God versoen is (Efesiërs 2:22-23), is die erediens moontlik (De Klerk, 1987:82). Die teenwoordigheid van Christus is altyd en oral by elke gelowige, maar word tog besonderlik beloof aan die liggaam van die gelowiges, die kerk. Die belofte van die teenwoordigheid word nie soseer aan enkelinge beloof nie, maar aan die gemeenskap van gelowiges (Barnard, 1981:405). Die vraag is egter of die gemeente die teenwoordigheid van Christus, die Hoof van die gemeente ervaar. Kuyper (1911:204) het reeds gewys op die probleem dat die versamelde gemeente die oudiënsie by die Koning van die konings so min besef: “Indien de geloovigen zelfs in hun saamvergadering niet tot een staan en verkeeren voor het aangezichte Gods komen, en de tegenwoordigheid van de Heilige niet ontwaren, wat blijft er dan van hun gemeenschapsbeoefening met den Heilige over? ... dat men ... op audientie bij den Koning der koningen is geweest, leeft niet in het bewustzijn.”

### *5.1.3. Die Heilige Gees in die erediens*

Net soos die Vader en die Seun, is ook die Heilige Gees teenwoordig in die erediens. Die Gees woon en werk nie alleen in elke individuele gelowige nie, maar is ook permanent teenwoordig in die kerk (De Klerk, 1987:42-43). In die bedeling van die Gees sien ons ook dat die Gees nie in die eerste plek aan individue gegee word nie, maar aan die kerk in die geheel (Burger, 1999a:195). Paulus praat in Filippense 2:1 op sy tipiese indikatief-imperatief wyse, naamlik omdat daar gemeenskap in een Gees is, wees dan verenig in een Gees. So kom daar dan, deur middel van die Heilige Gees se gemeenskapstigtende werksaamheid in die gemeentes, gemeenskap tussen gelowiges onderling (vergelyk 1 Korintiërs 12:13, Efesiërs 4:3-4, Filippense 1:27 en 2:1-2). Deur die Heilige Gees kom Christus na die gelowige. Die Heilige Gees maak 'n nuwe verhouding tot God moontlik, wat slegs deur 'n geestelike ervaring met die Gees bewerk word en wat gemeenskapstigtend in die gemeente werksaam is. Elke handeling in die erediens staan onder beheer van die Gees van God (Smit, 1999c:29). Deur die werking van sy Gees in die kerk bewerk God self die ontmoeting in die erediens, sodat hierdie ontmoeting nie staties is nie, maar die erediens word 'n dinamiese gebeure. Die erediens is dus die geleentheid waartydens die Gees van God die gemeente bekragtig en in staat stel om Hom in Christus dinamies te ontmoet, te eer en te verheerlik (GKSA, 1997:738). Deur die werk van die Gees in die erediens word gelowiges tot innerlike transformasie gebring – wat uiteindelik lei tot transformasie na buite.

## 5.2. DIE EREDIENS AS FEES

Die erediens is ten diepste God se saak en 'n uitvloeisel van die vervulling met die Heilige Gees. Waar die Gees werksaam is, daar word die gemeente opgevoer tot die fees van alle feeste (Müller, 1990:9). Tog word die gemeente ook opgeroep om medewerkers te wees – om toe te laat dat die Gees hulle vervul en om uiting te gee aan die werking van die Gees. Daarom is die erediens nie net die fees van die Gees nie, maar ook die fees van die gemeente. In die verwagting van soveel lidmate en predikante en in die werklike ervaring elke week, is die erediens 'n somber, dooderstige en 'n droewige gebeurtenis. Tog is dit een van die wesenskenmerke van die Bybelse erediens dat dit nie gekenmerk word deur 'n droewige, ondergangs- en doodsstemming nie, maar deur die vreugde en blydskap en dat dit as 'n fees gevier word (Barnard, 1981:471).

Die beskrywing van die erediens as fees bring belangrike positiewe aspekte van die erediens na vore. Eerstens lê die uitdrukking, saam met die term verbondsgemeenskap, klem op die gemeenskaplikheid van die erediens (Vorster, 1996:89). Mense kom uit alle sosiale groeperinge om saam fees te vier. Die koinonia word sigbaar vergestalt. Die erediens is dan

waarlik 'n gemeentelike aksie waarin nie net die liturg nie, maar die hele gemeente volwasse deelnemers is. Tweedens word die blydskapskarakter deur die feesgedagte treffend uitgedruk. 'n Fees is 'n blye geleentheid waarin menslike hartlikheid en vreugde die belangrike elemente is. Die fees vind ook plaas rondom 'n bepaalde geleentheid wat in die geval van die erediens die verbondsverhouding is. Die gedagte van 'n fees dui ook implisiet op die geestelike karakter en spiritualiteit van die erediens.

## 5.3. KOINONIA

In 'n tyd van groeiende individualisme soos wat dit tans in die Westerse wêreld ervaar word, het die vanselfsprekendheid van gesamentlike samekomste verdwyn. Geen samekoms van mense is meer vanselfsprekend nie en daar is al hoe meer mense wat meen dat geloof 'n persoonlike saak is en dat jy nie ander mense nodig het om jou daarmee te help nie (Burger, 1999a:195). "Wij zitten als individuen in de kerk en de relatie tot de ander, ook de geestelijke relatie, is miniem te noemen" (Jonker, 1978:54). Ons het vandag uit die oog verloor dat die Bybelse belewing van die godsdiens 'n korporatiewe aangeleentheid is. Om aan Christus te behoort, beteken om deel van sy liggaam te wees. Sonder om afbreek te doen aan die persoonlike godsdienstige belewing, wil die erediens by uitstek die uitdrukking wees van die *gemeente* se aanbidding.

Die erediens staan in die brandpunt van die kerklike lewe. Een van die wesenskenmerke van die erediens, is die koinonia van die gelowiges. Tydens die erediens word gelowiges aan mekaar verbind deur hulle gemeenskaplike geloof in Jesus Christus. Die koinonia van die gelowiges kom na vore in die onderlinge liefde, die vrede, die vreugde, die sorg vir mekaar (veral gestig deur die nagmaal) en die aantrekkingskrag van hierdie gemeenskap wat gelowiges oproep om saam te vergader. Gemeenskap met die Here en gemeenskap met die medegelowiges hang dus onafskeidbaar saam as twee kante van dieselfde saak. Hierdie gemeenskap vind dan ook veral sy uiting in die erediens (Van Rooyen, 1983:14). Die 'gemeenskap van die gelowiges' is nie net maar warmte en vriendelikheid tussen die gelowiges onderling nie – in sy wese is die gemeenskap van gelowiges die uitlewing van die gebod van naasteliefde (Van der Merwe & Beukes, 1991:642). In die erediens is al die handelinge dan ook ingestel op hierdie gemeenskapsbelewing. As ons in die erediens byeenkom, ontmoet Christus die mens deur die Heilige Gees. Die mens doen egter ook sy diens deur sy lof, gebede en dankoffers. "Ook word er dienst aan elkaar verricht. We oefenen gemeenschap met elkaar, nemen elkaar mee in het samen bidden, luisteren, zingen en offeren" (Trimp, 1983:59). Die Woord van God in die erediens moet dus die gelowige tot 'n eenheid met die medegelowiges saamsnoer en hom oproep tot dienslewering en opoffering teenoor sy naaste (Van der Merwe & Beukes, 1991:644). Werklike koinonia is onontbeerlik vir die kwalitatiewe opbou en

kwantitatiewe uitbou van die gemeente (Fourie & Müller, 1996:380). In die erediens, as die amptelike vergadering van die gemeente, mag koinonia dus nie ontbreek nie.

## 5.4. DIE EREDIENS EN DIE WÊRELD

Die kerk staan en val by sy roeping tot verkondiging van die Evangelie (Nel, 1994:29). Die oordra van die evangelie is vir die gemeente geen luukse wat nagelaat kan word wanneer of omdat dit nie gerieflik, maklik of populêr is nie. Die Evangelie van Jesus Christus is die wesenlike, die absoluut onmisbare in alle kommunikatiewe handelinge van God en van sy gemeente wat hieraan deelneem. Die bediening van die Woord, in watter gestalte ook al, moet steeds wees om mense met die goeie woorde en dade van God in Christus te bedien. Soos wat die Heilige Gees Hom bedien van wat die Vader en die Seun gedoen het (en so sy missie na die wêreld uitvoer) só bedien die kerk (onder leiding en bekragtiging van die Gees) die wêreld met dit wat die Vader en die Seun gedoen het: die evangelie. 'n Mens sou ook kon sê dat die Heilige Gees juis sy missie, minstens ten dele, deur die gemeente uitvoer en wel deur die gemeente in te trek in en op te neem in wat Hy doen. Die gemeente is nog tot en met die wederkoms in die wêreld ter wille van die redding van die wêreld (Nel, 1990:186). Die kerk is God se geskenk aan die wêreld en moet opgebou word ter wille van die verheerliking van God en ter wille van die betrokkenheid in God se wêreld van gebrokenheid, waaronder verskriklike armoede. Die evangeliewoord wat die gemeente tot bestaan geroep (geskep) het; die woorde van die Here wat die gemeente regeer; die woorde waardeur God die gemeente roep en opdragte gee, is terselfdertyd ook die woorde wat deur die gemeente oorgedra moet word.

Wie die oorsprong van die kerk ernstig opneem, moet ook die doel van die kerk ernstig opneem. En juis in die erediens moet die oorsprong, wese en doel van gemeentewees uitdrukking vind (Nel, 1990:186). Die erediens is buitengewoon belangrik in die ongekerkte kultuur waarin die kerk besig is met sending (Callahan, 1983:24). Wat behoort dan die verhouding tussen erediens en evangelisering te wees? Hulle moet saamgesmelt word. Hulle verhouding is kernbelangrik en organies. Dit beteken egter nie dat hulle een ononderskeibare eenheid moet word nie. Die primêre argument is ekklesiologies. Die hele lewe van die kerk, insluitende die aanbidding, het 'n missionêre dimensie. Daar is maar een kerk, die een wat God in die wêreld ingestuur het. Liturgie moet ons net soveel uit ons stoele dryf as wat dit ons op ons knieë bring. Sending is nie een aktiwiteit tussen ander nie, maar die kriteria vir alle liturgiese aktiwiteite. Deur die erediens is die gemeente dus ook in gesprek met die wêreld rondom hulle (De Klerk, 1987:94).

'n Goeie fusie van aanbidding en evangelisering beteken dat aanbidding Christosentries moet wees. Jesus Christus hou aanbidding en evangelisering bymekaar. Die Hoof van die liggaam

is terselfdertyd ook Hoof van die Kosmos. Gemeentes wat erns daarmee maak om evangelisering en aanbidding saam te voeg, sal seker maak dat elke aspek van die liturgie fokus op Christus.

Daar is ook 'n praktiese rede vir hierdie fusie – elke gemeente wat saamkom vir aanbidding het 'n gemengde aard, selfs as daar geen besoekers is nie. Daar is altyd gelowiges en ongelowiges teenwoordig. Die karakter van 'n ontmoeting van genade moet elkeen wat in die erediens teenwoordig is, lidmate en buitestanders, ewe doeltreffend aanspreek.

### 5.5. SAMEVATTENDE AFLEIDINGS OOR ENKELE FAKTORE IN DIE EREDIENS WAT VAN BELANG IS VIR DIE STUDIE

- Die *drie-enige God is ten volle aanwesig* in die erediens – Vader, Seun en Heilige Gees.
- Die erediens is – en moet wees – 'n fees, *'n fees van die verbondsgemeenskap uit alle groeperinge gemeenskaplik.*
- Die erediens is *'n korporatiewe gebeurtenis* en daarom is betrokkenheid by mekaar deur *ware koinonia kardinaal.*
- Deur die erediens is die gemeente in gesprek met die wêreld rondom hulle en *dien die erediens as getuienis na buite.*

## 6. OPSOMMEND

Gemeentebou is:

- die bediening van die drie-enige God
- in sy kerk
- waardeur Hy, deur die gebruikmaking van die kerklike dienste,
- deur die gawes van elke gelowige
- die gemeente begelei tot vervulling
- van wat dit reeds in Christus is.
- Dit is daarom 'n aparte bediening in die kerk
- wat die interne én eksterne groei van die gemeente ten doel het. (Groei in volwassenheid (Efesiërs 4:13) én getal (Handeling 1:8)).

Gemeentebou kan saamgevat word as die unieke bediening waardeur die gemeente begelei word om te word wat dit reeds in Christus is.

Dit gaan in Gemeentebou dus om die groei in drie verhoudings, te wete:

- Verhouding tussen die gelowige en God
- Verhouding tussen die gelowige en medegelowiges
- Verhouding tussen die gelowige en die wêreld.

In die middelpunt van die lewe van die gemeente staan die erediens en in die middelpunt van die erediens staan God drie-enig. Die erediens is en bly die kulminasiepunt van die gemeente se geestelike en godsdienstige belewenis (Hendriks, 1992:102). Daarom het die erediens 'n kardinale rol om in gemeentebou te speel en daarom kan gemeentebou nooit buite die erediens om gaan nie. Uit die Skrif (vergelyk 3), die geskiedenis (vergelyk 4) en ander faktore wat van belang is (vergelyk 5) is dit duidelik dat die erediens nog altyd baie sterk op gemeentebou ingestel was. Die ontmoeting van God met die volk en die volk met God, die ontmoeting en opbou van die gelowiges onderling, die deelname van die gelowige aan die erediens en die getuienis en uitnodiging aan die wêreld was nog altyd wesenlik aan die erediens. Dit is dus duidelik dat die erediens die drie verhoudinge – tussen die gelowige en God; tussen die gelowige en medegelowiges en tussen die gelowige en die wêreld – behoort te dien en dus ook gemeentebouend wat persoonlike geloofsgroei, onderlinge koinonia en kwantitatiewe groei betref, te wees.

## 7. GEVOLGTREKKING

Die volgende basisteoretiese perspektiewe kom na vore, wat van belang is vir die res van die studie:

- Die erediens is in die eerste plek *'n ontmoeting* tussen die drie-enige God en sy verbondsvolk en behoort daarom die verhouding van die gelowige tot God te *bou.*
- Elke gelowige het *'n individuele bydrae* om te lewer in die erediens en is betrokke in die erediens. Op hierdie wyse word die individu *gebou* om sy gawes te gebruik en sodoende sy doel te bereik.
- Tog is die erediens primêr 'n *korporatiewe byeenkoms van gemeenskap met God en met mekaar.* Daarom is ware koinonia en die belewing daarvan in die erediens kardinaal. Daar behoort in die erediens onderlinge *opbou* onder die gelowiges plaas te vind.

- Die erediens het 'n sterk *getuieniskarakter* teenoor die wêreld en moet so ingerig word dat ongelowiges daardeur bereik kan word. Sodoende word die gemeente ook kwantitatief deur die erediens *opgebou*.

Dit is dus duidelik dat die erediens 'n kragtige instrument in gemeentebou is – beide opbou en uitbou. In hoe 'n mate die erediens as instrument in gemeentebou in die praktyk gerealiseer word, word in die volgende hoofstuk ondersoek.

# HOOFSTUK 3

# SITUASIE-ANALISE AAN DIE HAND VAN LITERATUURSTUDIE EN EMPIRIESE ONDERSOEK

## 1. INLEIDING

In hoofstuk 2 is daarop gewys dat die erediens 'n belangrike rol in gemeentebou speel. Daar is aangetoon dat gemeentebou om die groei in drie verhoudings gaan, naamlik tussen die gelowige en God, tussen die gelowige en medegelowiges en tussen die gelowige en die wêreld. In hierdie hoofstuk gaan ondersoek ingestel word na watter mate hierdie teorie in die praktyk van die Afrikaanse susterkerke realiseer en dan veral soos dit in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) vergestalt word.

In die eerste plek word die situasie uit die literatuur ontleed en daarvoor word die jongste besluite van die Nasionale Sinode van die GKSA oor die erediens (GKSA, 1985; GKSA, 1997) ontleed om tot 'n algemene gevolgtrekking te kom. 'n Empiriese ondersoek word hierna geloods ten einde eerstehandse inligting uit die gemeentes te kry. 'n Literatuurstudie word oor die jongste besluite oor die erediens, wat relevant is vir die studie, van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK) (NGK, 1990; NGK, 1994), sowel as dié van die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NHK) (NHK, 1995) gedoen, om 'n vergelyking tussen die praktyk in die drie Afrikaanse susterkerke te maak. Uiteindelik word tot samevattende afleidings gekom.

## 2. LITERATUURSTUDIE OOR DIE EREDIENS AS INSTRUMENT IN GEMEENTEBOU IN DIE GKSA VANDAG

### 2.1. SINODEBESLUITE VAN DIE GKSA

Die Nasionale Sinode van die GKSA het in 1997 belangrike besluite rakende die erediens en die liturgie geneem (GKSA, 1997:731-768). Hierdie besluite is 'n hersiening en aanvulling van die besluite wat in 1985 geneem is (GKSA, 1997:731; vergelyk GKSA, 1985:398-425). Aangesien dit die mees onlangse besluite van die GKSA is, word dit verder ondersoek.

### 2.1.1. Dinamiese liturgie

Die sinode van 1997 neem as uitgangspunt 'n dinamiese liturgie, met ander woorde 'n liturgie wat in Gees en waarheid beoefen word (GKSA, 1997:738). Die Heilige Gees versterk die gemeente om God dinamies te ontmoet, te eer en te verheerlik. Die samekoms van God met sy gemeente en van die gemeente met God en met mekaar moet 'n ontmoeting wees met liturgiese handelinge wat daartoe dien dat almal God deur sy Woord en Gees ontmoet, aanbid, verheerlik, eer en dien (GKSA, 1997:741). Die erediens moet ordelik verloop en die ordelikheid het met die goeie deelname van elke persoon in die samekoms te doen (GKSA, 1997:738). "Liturgiese beslissings moet ruimte gee vir volle deelname van lidmate aan die samekoms, anders sou die samekoms rigoristies baie ordelik skyn te verloop, maar in werklikheid kan dit, Skriftuurlik gemeet, 'n samekoms van wanorde wees" (GKSA, 1997:738). Met die oog op gaste en besoekers wat 'n erediens kan bywoon, is dit uiters wenslik dat die liturgiese orde baie duidelik vooraf beskikbaar gestel word (GKSA, 1985:423).

Die sinode besluit dat die liturgiese gang vir die erediens uit die volgende hoofmomente (met onderafdelings) bestaan:

- Die Ontmoetingsdiens (Introïtus) (votum, groetseën, lofliedere en geloofsbelydenis);
- Die Verootmoedigings- en Versoeningsdiens (aanhoor van God se eise, skuldbelydenis, vryspraak van God en afkondiging van Wet as reël van dankbaarheid);
- Die Woorddiens (die gebed om die verligting van die Gees, die Selfstandige Skriflesing, die Skriflesing waaruit die prediking kom, die prediking en die sakramente);
- Die Antwoorddiens (Responsoria) (die "amen" van die gemeente, gebed, sang, liefdegawe of Christelike handreiking).

Hierdie vier hoofmomente word vervolgens bespreek, nadat aan gemeentesang, gebede in die erediens en die voorgangers, sake wat gemeenskaplik is aan die hoofmomente, aandag gegee is.

### 2.1.2. Gemeentesang

In sommige Psalms en Skrifberymings is God aan die Woord en praat Hy met sy volk. Die meeste van die Psalms verwoord die volk (of digter) se aanbidding van, verootmoediging voor en smeking tot God. In die lig hiervan het 'n Psalm en Skrifberyming 'n selfstandige funksie en nie bloot die funksie om "met die oog op..." 'n ander liturgiese handeling plaas te vind nie (GKSA, 1997:763). Die Psalm en Skrifberyming dien as't ware as Formulier om in eenheid te aanbid, smeek, bely, prys, verheerlik en te verootmoedig. Die gemeente bou mekaar op deur

die gemeentesang (GKSA, 1997:764). Wisselsang dra by tot die bewussyn van onderlinge meelewing in die samekoms van die gemeente, naamlik dat die ontmoeting van God met die gemeente 'n ontmoeting van die gemeente onderling tot stand bring. Dit werk ook die strak rasionele benadering tot kerksang teë. Wisselsang bly eenvoudige en hartlike gemeentesang, waarby die gemeente mekaar onderrig en versterk deur Psalms. Niemand bly dus passief nie. Die doel van wisselsang in die liturgie is dat wisselsang die ontmoetingskarakter van die liturgie, veral die ontmoeting van die gemeente onderling, dien (GKSA, 1997:765).

Die sing van liedere in die erediens dien om die eenheid onder die gelowiges te versterk en sodoende bou die gemeente mekaar op. Die ontmoeting tussen God en sy volk staan egter steeds sentraal. Elke erediensganger is betrokke in die sang, hoewel die betrokkenheid korporatief is.

### *2.1.3. Gebede in die erediens*

Die Reformatore in die Sestiende eeu het onderskeid tussen die gebed vóór en ná die Woorddiens gemaak (GKSA, 1985:416). Die epiklese voor die Woorddiens was kort en het uit lofprysing bestaan en het oor verligting deur die Gees ter wille van die hoor, verstaan en toe-eiening van die Woord gegaan. Die gebed na die Woorddiens was die hoofgebed wat deur die Woord opgeroep is. Dit het uit aanbidding, skuldbelydenis, dank, voorbidding en smeking bestaan. Gebed is die geestelike intree in God se heiligdom, die regstreekse aanspreek van God, die belydenis van die bidders en die belangrikste deel van die gemeente se dankbaarheidslewe. Stilte is die geestelike ruimte waarin die mens se gees die suiwerste op aanbidding voorberei. Na die Woorddiens, voor die respons in aanbidding en verootmoediging, kan daar 'n kort stilte voor die gebed wees (GKSA, 1997:761). Die gemeente is deur die Woorddiens meegeneem en in die gebed moet hulle tot 'n ander aksie oorgaan. Die stilte voor God, veral nadat die Woord van die Here gespreek het, is 'n wesenlike deel van die ontmoeting van die gemeente met God. Die aard van die gebed bepaal die gebedshouding (GKSA, 1997:762). Die liggaamshouding behoort te pas by die liturgiese betekenis en wese van die gebed en altyd eerbied betoon in die wete dat die drie-enige God aangeroep word.

Die gebede in die erediens gaan primêr om die ontmoeting tussen God en sy volk en dan veral op hulle aanroep van God. Daarom is dit primêr 'n gesamentlike handeling, hoewel die stilgebed ruimte laat vir individualisering.

### *2.1.4. Voorgangers*

Ander voorgangers kan ook in sekere handelinge van die gemeente die gemeente voorgaan. Die Bedienaar van die Woord bedien kragtens sy roeping die Woord deur die prediking en

bedien die sakramente. Maar die diens van gebede, die lees van die Wet en die Selfstandige Skriflesing kan deur die kerkraad aan ander voorgangers toevertrou word (GKSA, 1997:762). Dit staan 'n plaaslike kerkraad verder vry om te reël dat iemand anders as die predikant 'n betrokke formulier voorlees (GKSA, 1985:423). Die voorgangers moet in alle gevalle goed voorberei wees, ook met die oog op die voorgaan in gebed.

Die ruimte vir ander persone as die liturg, om belangrike handelinge te verrig, moet positief beoordeel word. Sodoende word die gedagte van 'n "domineeskerk" bestry en is daar ruimte vir persone met gawes om die ander in die erediens te dien (vergelyk 1 Korintiërs 12-14).

### *2.1.5. Die Ontmoetingsdiens (introïtus)*

Die funksie van die votum is dat die gemeente openlik en nederig, plegtig verklaar dat die erediens 'n saamkoms van God met sy volk en daarom van sy volk met Hom en met mekaar is (GKSA, 1997:743). Omdat dit die handeling van die gemeente is, kan die openlike verklaring deur die woorde van die liturg of deur die sing van die berymde lied uitgespreek word. Die groetseën is God se antwoord op die votum, waardeur Hy sy genade en vrede op die gemeente lê (GKSA, 1985:411). Die geloofsbelydenis vorm deel van die Introïtus waarmee die gelowiges hulleself as "eenheid in die ware geloof" voor God stel, mekaar versterk en teenoor die wêreld hulleself afsonder (GKSA, 1997:745). Die geloofsbelydenis kan voorgelees, saam hardop gesê of gesing word (GKSA, 1985:414).

In die Ontmoetingsdiens kom die ontmoeting tussen God en sy volk sterk na vore. Die onderlinge ontmoeting tussen die gelowiges vind deur die geloofsbelydenis en die lofpsalm plaas. Individuele bydraes word beperk tot korporatiewe deelname in die sing, aktiewe luister en belydenis van geloof, terwyl daar geen getuienis na buite plaasvind nie, maar eerder afsondering plaasvind.

### *2.1.6. Die Verootmoedigings- en Versoeningsdiens*

Hierdie faset van die liturgie omvat die nederige toetrede van die gemeente in die heilige teenwoordigheid van God (GKSA, 1997:745). Hierdie diens bestaan uit die aanhoor van God se eise, skuldbelydenis, vryspraak van God en afkondiging van Wet as reël van dankbaarheid.

Die verhouding van die gelowiges met God is hier sterk in die fokus.

### *2.1.7. Die Woorddiens*

Die Woorddiens bestaan uit die gebed om die verligting van die Gees, die Selfstandige Skriflesing, die Skriflesing waaruit die prediking kom, die prediking en die sakramente. In die

Skriflesing is God regstreeks aan die Woord (GKSA, 1997:751). Omdat God in die ontmoeting die inisiatief behou, is God se regstreekse aanspreek van sy volk die belangrikste aktiwiteit wat in die ontmoeting plaasvind (GKSA, 1997:752). Die vrug van die liturgiese handeling van die Selfstandige Skriflesing is dat die gemeente langs hierdie weg al meer opgevoed word om selfstandig na God in sy Woord te luister, juis omdat die Woord bedoel is om gehoor te word (GKSA, 1997:752). Die gemeente neem deel deur aktief te luister. Luister is dus nie 'n passiewe instelling nie, want die hoorders moet so luister dat hulle bewaar, ter harte neem en optree volgens dit wat hulle gehoor het (GKSA, 1997:755). Die Selfstandige Skriflesing benadruk die feit dat God sonder bemiddeling vandag nog kan en behoort te praat. Die Skriflesing waaruit die prediking voortvloei, stel God ook regstreeks aan die Woord en die handeling het die verdere doel om die gemeente die teksverband beter te laat verstaan. Deur die prediking moet God aan die Woord kom. Die prediking het gesag, maar dra 'n voorwaardelike karakter: dit is altyd toetsbaar aan die Skrif. Omdat God deur dienende prediking aan die Woord kom, het prediking sleutelmag. Jesus Christus handel in die prediking want Hy handel in, met en onder die liturgiese handeling van die prediking (GKSA, 1997:757). Prediking is slegs ware prediking as die lyne vanuit die bepaalde teks via die sentrale inhoud van die Skrif na die mens van die hede getrek word. Die lewende God se lewende Woord dwing tot 'n lewende, dinamiese, appelerende oordra van die boodskap tydens die handeling van die prediking. Die gemeente neem deel aan die handeling van die prediking deur biddende te luister. Die aktiewe luisteraksie is verstaan, instemming en toe-eiening van die boodskap. Daarom is die "amen" na die preek nie die "amen" van die prediker nie, maar die "amen" van die gemeente waarmee die boodskap so toegeëien word dat dit nou die preek van die gemeente word (GKSA, 1997:757).

In die Woorddiens is God direk in gesprek met sy volk. In hierdie diens word elke gelowige dus gebou in sy/haar persoonlike verhouding met God.

### *2.1.8. Die Antwoorddiens (Responsoria)*

Die Antwoorddiens bestaan uit die "amen" van die gemeente, gebed, sang en die liefdegawe of Christelike handreiking. Die saambid en toe-eiening van die Woord kan versterk word indien die "amen" in die regte lig gesien word. In die Ou Testamentiese, Sinagogale en Nuwe Testamentiese liturgieë is die "amen" 'n handeling van die gemeente en nie die voorganger nie (GKSA, 1997:759). In die Middeleeue word die "amen" van die gemeente weggeneem, maar die Reformatore het die aktiwiteit van die gemeente herstel, hoewel die "amen" nie op alle plekke aan die gemeente teruggegee is nie. Met die "amen" eien elke gelowige die inhoud van die gebed, geloofsbelydenis, votum of prediking as sy of haar eie toe. Die liefdegawe vorm deel van die responsoria, die antwoord van dankbaarheid op die Woorddiens. Met hierdie daad

betuig die gemeente sy dank aan God vir die meedeling van sy genadegawes in die Woorddiens. Die Woorddiens roep die gemeente op tot die gee van sy gawes vir nood en vir die uitbreidingswerk van die Evangelie (GKSA, 1997:765). Die ontmoeting van die genadige God, wat soveel liefde aan arme sondaars bewys het, wek by sy volk liefde, wat konkreet aan ander in Christelike handreiking betoon word.

In die Antwoorddiens is die gemeente in geheel aan die woord in hulle verhouding met God. Indien die "amen" reg verstaan en reg gebruik word, sal dit egter ook 'n individuele karakter hê, aangesien elke gelowige dan vir homself/haarself die boodskap, met die beloftes, eise, vermanings, ensovoorts wat daarmee gepaard gaan, toeëien. Die liefdegawe dien verder die onderlinge gemeenskap.

### *2.1.9. Die Sakramente*

Die sakramente en die rol wat dit in gemeentebou speel, is so 'n omvattende onderwerp dat dit nie in 'n studie soos hierdie tot sy volle reg kan kom nie en word gevolglik ook nie volledig bespreek nie. In hierdie afdeling word slegs gewys op enkele toepaslike besluite van die onderhawige Sinodes.

- Nagmaal:

  'n Rustige, bedagsame nagmaalsviering word ten sterkste aanbeveel (GKSA, 1985:420). Die eet van die brood moet afgehandel wees voordat die beker uitgedeel word (GKSA, 1985:420). Die gelowige moet nie gedwing word om twee (of selfs meer, wanneer daar gelyktydig ook Skriflesing is) handelinge gelyktydig te doen nie, byvoorbeeld terwyl hy die brood neem, word die formule oor die beker uitgespreek en moet hy dit geestelik hoor (GKSA, 1985:420). Sodoende word meganiese handeling en oppervlakkigheid in die hand gewerk (GKSA, 1985:420).

- Doop:

  Doopouers behoort met hulle gesig in plaas van hulle rug na die gemeente gekeer staan wanneer die doopbediening plaasvind: nie net die dopeling en doopouers nie, maar die hele gemeente is immers by die doop betrokke (GKSA, 1985:421).

In die viering van die Nagmaal word die atmosfeer waarbinne dit geskied, sowel as die deelname van die gelowige daarin beklemtoon. Die persoonlike opbou van elke gelowige is gevolglik 'n belangrike onderdeel van die Nagmaal. Die besluit oor die Doop maak dit duidelik dat die hele gemeente by die Doop betrek word, wat dui op die gemeentebouende funksie van die Doop.

### 2.2. SAMEVATTING

- Daar is 'n sterk bewustheid van die teenwoordigheid van God in die erediens. Die erediens gaan primêr om die aanbidding van God deur die gemeente.
- Die erediens word sterk in korporatiewe sin verstaan – dit is die volk van God wat bymekaar kom om hulle God te ontmoet. Tog kom die onderlinge opbou, die *mekaar* ontmoet, minder tot sy reg. By die geloofsbelydenis is daar wel sprake van getuienis teenoor mekaar, terwyl die gemeente mekaar ook bou deur psalmsang en die liefdegawe. Tog is dit nie die hooffokus van een van hierdie handelinge nie.
- Hoewel daar duidelik standpunt ingeneem word ten gunste van die deelname van elke persoon in die erediens, word die betrokkenheid van die individu beperk tot korporatiewe deelname in gemeentesang, aktiewe luister, gemeenskaplike liggaamshoudings en Christelike handreiking. Die enigste uitsondering is die stilgebed waarin elkeen individueel betrokke is. Die ruimte wat gelaat word dat iemand anders as die liturg die selfstandige Skriflesing, die lees van die Wet en die gesamentlike gebede kan behartig, moet egter positief beoordeel word.
- Die getuieniskarakter van die erediens na buite word glad nie genoem of bespreek nie. Die erediens word uitsluitlik behandel as 'n interne aangeleentheid tussen gemeentelede.

## 3. EMPIRIESE STUDIE OOR DIE EREDIENS AS INSTRUMENT IN GEMEENTEBOU IN DIE GKSA VANDAG

### 3.1. METODE

'n Empiriese studie word gedoen ten einde 'n blik op die situasie te kry. In hierdie studie word 'n *kwalitatiewe* metode gevolg, waar induktief te werk gegaan word – dit beteken dat deur onderhoude met betrokke mense uit die materiaal uit (induktief) tot sekere bevindinge gekom word (Heyns & Pieterse, 1990:81). In hierdie studie word halfgestruktureerde onderhoude met 'n vooraf gekose groep individue gevoer, waar met 'n raamwerk van vrae gewerk word, wat dan verduidelik en dieper ingevra word tot die presiese bedoeling van die respondent bepaal is (vergelyk Heyns & Pieterse, 1990:83).

Die doel van empiriese ondersoek is altyd om kennis te genereer wat dit moontlik sal maak om 'n huidige, onbevredigende situasie, na meer aanvaarbaar te verander (Heitink, 1999:223-225). Heitink (1999:221) toon dat die woord *empiries* afgelei is van die Griekse woord *empeira* - wat *ervaring* beteken. Met empiriese navorsing word deur ervaring bepaal hoe die basisteorie in die

praktykteorie funksioneer. Hierdie empiriese perspektief koppel die basisteorie aan die praktykteorie.

Praktiese teologie het veral te make met kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie in die huidige tyd en dit kan 'n mens alleen met die empiriese metodologie ondersoek (Heyns & Pieterse, 1990:73).

Daar bestaan verskeie metodes van empiriese navorsing: beskrywend, verkennend en die toets van hipoteses.

- Beskrywende navorsing fokus op 'n sistematiese beskrywing van 'n tema op grond van empiriese data (Heitink, 1999:229).
- Verkennende navorsing se klem lê op verduideliking en interpretasie van gegewens waarvan min bekend is en geen teorie daar rondom ontwikkel is nie (Heitink, 1999:230).
- In navorsing waar die geldigheid van bepaalde hipoteses getoets word, word bepaal of daar bande tussen die werklikheid en die teoretiese grond bestaan (Heitink, 1999:230-231).

In hierdie studie word verkennend navorsing gedoen om te bepaal wat die huidige stand van die erediens as instrument in gemeentebou in twee gemeentes in die GKSA is.

Vir hierdie studie is 'n paneel van tien persone saamgestel, vyf uit elk van twee gemeentes van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Die gemeentes wat gekies is, is een stadgemeente en een semi-stadgemeente. Uit elk van hierdie gemeentes is vyf persone gekies: die predikant, as liturg van die erediens; een ouderling, as regeerder in die gemeente en toesighouer oor die erediens; een diaken, aangesien die diakens die opdrag het om toe te sien dat die gemeente "hulle eenheid in Christus in daadwerklike liefde beoefen" (Formulier vir die bevestiging van diakens – Psalmboek, 1999:669); een vrouelidmaat, om beter balans tussen die geslagte te bewerk, aangesien die predikante, ouderlinge en diakens almal mans is; en een skoolgaande lidmaat, aangesien die jeug die eredienste anders ervaar as die ouer lidmate. Aangesien God in gemeentebou van die dienste gebruik maak (vergelyk 2.2.6 in hoofstuk 2), is dit belangrik om al drie dienste te betrek. Die skoolgaande lidmate was twee skoolmeisies, ten einde die balans tussen manlike en vroulike respondente so na as moontlik aan gelyk te kry. Die finale verhouding was dus ses manlike en vier vroulike respondente.

Met elkeen van die tien persone is 'n individuele onderhoud van ongeveer 'n uur gevoer. In die gesprekke is op al die aspekte wat die hooftemas raak, soos aan die einde van hoofstuk 2 geformuleer, in diepte ingegaan. Die basiese vraeraamwerk, waaruit die gesprek gevoer is, is die volgende:

1.1 In watter mate funksioneer jou gemeentelike erediens as 'n ontmoeting tussen God en sy volk?

1.2 Hoe kan dit verbeter word?

2.1 In watter mate is daar ruimte in jou gemeentelike erediens vir die deelname van elke gelowige met sy gawes?

2.2 Hoe kan dit verbeter word?

3.1 Hoe bou die gelowiges mekaar op in jou gemeentelike erediens?

3.2 Hoe kan dit verbeter word?

4.1 Hoe funksioneer jou gemeentelike erediens as 'n getuienis teenoor die wêreld?

4.2 Hoe kan dit verbeter word?

5 Enige ander opmerkings wat jy dink belangrik is.

## 3.2. TERUGVOER

Die terugvoer uit die onderhoude word vervolgens bespreek[4]. Die bespreking geskied onder die vier hooftemas waarop die gesprekke gefokus het. Opmerkings by vraag 5 is onder die vier hoofpunte verwerk en word nie apart bespreek nie. In die studie word die verskillende respondente aangedui deur kodes, soos in die volgende tabel uiteengesit:

| **1** | **STADGEMEENTE** | **2** | **SEMI-STADGEMEENTE** |
|---|---|---|---|
| 1a | Predikant | 2a | Predikant |
| 1b | Ouderling | 2b | Ouderling |
| 1c | Diaken | 2c | Diaken |
| 1d | Suster | 2d | Suster |
| 1e | Skoolmeisie | 2e | Skoolmeisie |

### *3.2.1. Die erediens as 'n ontmoeting tussen God en sy volk*

Oor die algemeen word die erediens as 'n ontmoeting tussen God en sy volk baie positief beleef (1b, 1c, 1d, 1e, 2c, 2d, 2e) en word dit gesien as die doel van die erediens (1a, 2a, 2b). Die erediens word sterk as 'n ontmoeting met God beleef. Tog word dit ervaar as grootliks eenrigtingkommunikasie (1d, 2b, 2c, 2e). Die dialoogkarakter van die erediens kom min tot sy reg. Die grootste probleem hier is aangedui as gebrekkige toerusting en inligting aan die

[4] Opnames van die onderhoude is by die outeur op kasset beskikbaar.

gemeente (1a, 1c, 2a, 2e). Die passiwiteit van die gemeente in die erediens is ook aangedui as 'n rede vir die gebrekkige veelrigtingkommunikasie (2b).

'n Verdere leemte waarop gewys is, is dat individualisme 'n sterk invloed op die ontmoeting het, tot so 'n mate dat die erediens gereeld as 'n individuele ontmoeting in plaas van 'n kollektiewe ontmoeting beleef word (1a, 1b, 2a). Die gesindheid van baie lidmate is 'wat kry ek hieruit' (2a).

'n Verdere probleem, wat veral deur die predikante beklemtoon is, is die gevaar van formalisme (1a, 2a). Formalisme word gesien as die dood van die kerk (1a). Tog word gemaan om nie te veel veranderinge aan te bring nie, aangesien dit die spontaneïteit demp (2a). Die gemeente moet in breë lyne weet wat gaan gebeur (2a), sonder dat 'n volgorde tot 'n orde verhef word (1a).

Die gevaar van 'n dualisme tussen die erediens en die daaglikse lewe is uitgewys (1a). As die lewe godsdiens is, dan is elke dag 'n 'erediens' (1a).

Op die vraag hoe dit verbeter kan word, is 'n hele reeks voorstelle gegee:

- Preekbesprekings na die erediens (1a).
- Die geloofsbelydenis kan hardop saamgesê of saamgesing word (1a, 1c, 2c, 2d).
- Inligting, sowel as toerusting, oor hierdie aspek behoort gegee te word. Hierdie toerusting kan geskied aan die hand van 'n reeks preke oor die erediens; deur verduidelikend besig te wees met die saak self, byvoorbeeld deur te sê 'Nou praat ons met God self'; deur huisbesoek, die nuusbrief en in pastoraat (1b).
- 'n Liturgiediensgroep kan begin word om die predikant te help (2a).
- Beurtsang, byvoorbeeld by die Wet, gee 'n gesprekskarakter: jy luister hoe ander vir jou sing en dan sing jy vir die ander, terwyl jy ook luister (2a).
- Die predikant kan die preek met die helfte verkort en dan breek gemeente op in groepies om preek te bespreek, onder leiding van ouderlinge en dan terug te kom en te rapporteer (2b).
- Een gewone preekerediens en een op Bybelstudie manier, veral tydens die tweede erediens wat 'n lerende erediens moet wees, kan die gemeente in groepe in die gebou verdeel om die preek te bespreek (2b).
- Variasies deur die liturg in Wet en Geloofsbelydenis (2d).

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 STADGEMEENTE: | 1a Predikant | 1b Ouderling | 1c Diaken | 1d Suster | 1e Skoolmeisie |
| 2 SEMI-STADGEMEENTE: | 2a Predikant | 2b Ouderling | 2c Diaken | 2d Suster | 2e Skoolmeisie |

### 3.2.2. Deelname van individue in die erediens

Hier was die respons eenstemmig dat daar min tot geen geleenthede in die erediens vir deelname van individue is nie (1a, 1b, 1c, 1d, 1e, 2a, 2b, 2c, 2d, 2e). Daar is klem op gelê dat hierdie deelname eerder buite die erediens geskied (1a, 2a, 2b, 2e). Hier is gewys op kleingroepe, diensgroepe, Bybelstudiegroepe en wyke (1a, 2a, 2b, 2e). Daar is verder daarop gewys dat die bydraes van individue in die erediens 'n positiewe bydrae tot die erediens moet maak en nie net uit snaaksigheid moet geskied nie (2a). Daarom is toerusting van individuele deelnemers aan die erediens belangrik (2a). Een element waar individuele deelname wel geskied, is in stilgebed en hier is baie waardering voor uitgespreek (1b, 1e, 2b). Daar is sterk bepleit dat daar meer geleentheid en langer geleentheid vir stilgebed moet wees (1e, 2b).

Op die vraag hoe dit verbeter kan word, is op die volgende gewys:

- Heelwat respondente het gewys op die sang en hoe lidmate met musikale gawes op verskillende instrumente betrek kan word in die begeleiding (1d, 1e, 2d).
- Daar is verder gewys op die moontlikhede dat iemand anders as die predikant in die Skriflesing, veral die Selfstandige Skriflesing en die gebed voorgaan, selfs susters en kinders (2a, 2b, 2c, 2d). Tog is gewaarsku dat dit met omsigtigheid gedoen moet word en dat die betrokke persone eers die nodige toerusting moet ontvang (2a, 2d). Die moontlikheid is genoem om kleingroepe te gebruik, byvoorbeeld 'n kleingroep oor openbare gebed of Skriflesing, wat dan Bybelstudie oor openbare gebed of Skriflesing doen, toegerus word, oefen en dan die beplanning en uitvoering van die openbare gebed of Skriflesing hanteer (2a).
- Ander gebiede wat genoem is, is die blommerangskikking (2d), die koor (2d) en die gebruik van jongmense in die opneem van die liefdegawe (2c).
- Daar is beklemtoon dat die kleingroep 'n belangrike plek is vir die deelname van elke gelowige met sy of haar gawe (1a, 1b, 2a, 2b, 2c).

### 3.2.3. Onderlinge opbou in die erediens

Op die vraag hoe gelowiges mekaar opbou in die erediens, is daarop gewys dat net die teenwoordigheid van die gelowige reeds opbouend is (1b, 1c, 2a, 2c). Om 'n baba in die kerk te sien en te ervaar hoe die verbond fungeer, is reeds opbouend (1b); om ou mense, wat sukkel, in die kerk te sien, is reeds 'n onderwysing (1b); om te hoor of te lees van mense wat deur

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 **Stadgemeente:** | 1a Predikant | 1b Ouderling | 1c Diaken | 1d Suster | 1e Skoolmeisie |
| 2 **Semi-stadgemeente:** | 2a Predikant | 2b Ouderling | 2c Diaken | 2d Suster | 2e Skoolmeisie |

moeilike tye gaan en om hulle in die kerk te sien, is reeds opbouend (1c) – daarom speel die nuusbrief en die afkondigings 'n belangrike gemeentebouende rol (1c, 2a).

Verder geskied die opbou in die erediens deur gebed en deur sang (1c, 2a, 2b, 2d). As ek sing dan verkondig ek: ons is mekaar se verkondigers in die erediens (2a). Tog is daar besware geopper teen die huidige melodieë en moeilike berymings, veral deur die jongmense (1e, 2b, 2e). Dit is moeilik om mekaar op te bou as ek nie weet wat ek sing en dit nie met oorgawe kan doen nie (1e).

Daar is daarop gewys dat daar heelwat gebeur *rondom* die erediens, wanneer die gemeente saam teedrink (1d, 2b, 2e). Die probleem van individualisme is egter ook hier genoem, dat mense na kerk eenvoudig in hulle karre klim en huis toe ry (1b, 1c). Die oorsake van hierdie situasie is verder aangedui as onverskilligheid (1b, 1c), maar ook as die gevolg van verskillende persoonlikhede – sekere mense is van nature na binne gerig en wil nie meng nie – sowel as die feit dat baie gelowiges die heel week deur ander mense omring word en heel week gesprekke voer en nou op Sondae net op hulle eie wil wees (1b).

Die individualisme skep ook probleme met die atmosfeer in die erediens, waar ervaar word dat elkeen net daar is vir homself en geen oog het vir diegene rondom hom nie (1c, 2a, 2b). Dit skep 'n probleem, aangesien die atmosfeer in die erediens aangedui is as 'n belangrike element in die opbou van die gelowiges onderling (1d, 2a, 2b).

Op die vraag hoe dit verbeter kan word, was die respons as volg:

- Toerusting: Beklemtoon die grondbeginsels van die erediens (1b), skerp gelowiges op in hulle roeping (1b), bring dit prinsipieel onder mense se aandag die 'waarom' van erediens (1b) en die betekenis van 'gemeenskap van gelowiges' (1b).
- Daar moet meer gedoen word dat die gelowiges mekaar ken: meer moeite moet gedoen word met mense wat in hulle karre klim en ry (1d), meer gemeentebraaie (1d).
- Elke gelowige moet moeite doen as jy iemand nuuts sien in erediens (1d).
- Kry 'n koor en laat hulle in groepe in die gemeente sit om die sang te dra; of bymekaar te sit en as tweede stem te sing (2a).
- Kinders kan die kollekte opneem of nuusbriewe uitdeel (2a, 2d).
- Lidmate kan by die deure sit om mense te ontvang (2b).
- Nuwe lidmate kan in die erediens opstaan en dan bekend gestel word (2b). Die dominee moet meer persoonlik wees met besoekers en nuwe intrekkers, daar moet 'n tweerigting

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 STADGEMEENTE: | 1a Predikant | 1b Ouderling | 1c Diaken | 1d Suster | 1e Skoolmeisie |
| 2 SEMI-STADGEMEENTE: | 2a Predikant | 2b Ouderling | 2c Diaken | 2d Suster | 2e Skoolmeisie |

gesprek wees in die diens, byvoorbeeld "het julle blyplek, het julle werk, waar kom julle vandaan, enige behoeftes" (2d).

- Daar behoort aan ander in die gebede gedink te word – die voorganger moenie bang wees om name te noem in die erediens nie (2c).

### *3.2.4. Die erediens en die wêreld*

Op die vraag oor die verhouding tussen die erediens en die wêreld, is eenstemmig daarop gewys dat dit baie gebrekkig is (1b, 1c, 1e, 2a, 2b, 2c, 2d, 2e). Buitestanders ervaar die erediens as intimiderend (1c, 2b).

Tog is ook beklemtoon dat die fokus van die erediens belangrik is – daar is plek vir 'n erediens vir die volk van die Here, maar ook eredienste met ander fokus – evangelisering, waar die gemeente dan die aktiewe een is ten opsigte van die wêreld (2a). Daar is gewys op die nut van eredienste met die fokus op evangelisering, op die wêreld, waar mense genooi word en die diens dan die ongelowige in die oog het (2a, 2c).

Maar, hoewel die fokus van die erediens die volk van die Here is, behoort die erediens steeds ontvanklik vir die ongelowige te wees (2a). Die gemeente het baie keer net een kans met 'n gas wat net een keer daar kom, dus moet die globale boodskap wees: 'hier is God se mense besig om God te dien, ek hoor God en ek het 'n belewing van God is hier – watter groter suigkrag wil jy hê?! Jy skep dit nie met foefies nie, maar met deurleefde, opregte sang' (2a). As die erediens nie werklik beleef word as 'n ontmoeting met God nie, dan verloor dit sy suigkrag, al verstaan die gas nie alles wat aangaan nie (2a). As ander mense voel hulle moet aantrek vir kerk en nie gaan soos hulle is nie, dan is daar iets groots fout, dan nooi jy nie mense uit na jou kerk nie (1c).

Die verhouding God-kerk-wêreld word nie reg verstaan nie (2a). God bereik die wêreld deur die kerk, maar ons stop by die verhouding tussen God en die kerk – daar moet 'n gedagtesprong kom oor hoekom ons hier is (2a). Bekering is nodig om hierdie verhouding reg te stel (2a). Die erediens moet ingedra word in die erediens van die lewe (1a, 2a). Solank ons kerkwees sien as net die erediens sal dinge nie regkom nie (1a, 2a). Jy kan nie van opbou praat as jy nie van uitbou praat nie (2a). Elke gelowige het 'n verpligting om in sy lewensterrein soos sout en suurdeeg te wees (1b). Hier is weer eens gewys op die probleme van individualisme en formalisme, wat die atmosfeer van warmte en ontvanklikheid skaad (1a, 1c, 1e, 2b, 2d).

Gemeentesang kan al iets doen – as mense verby loop moet dit aansteeklik wees, melodieë moet mense buite kan aanspreek (2d).

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 STADGEMEENTE: | 1a Predikant | 1b Ouderling | 1c Diaken | 1d Suster | 1e Skoolmeisie |
| 2 SEMI-STADGEMEENTE: | 2a Predikant | 2b Ouderling | 2c Diaken | 2d Suster | 2e Skoolmeisie |

Oor hoe hierdie aspek verbeter kan word, was die terugvoer as volg:

- Lidmate moet warmte uitstraal en besoekers en vreemdelinge verwelkom (1a). Hy moet voel hy mis iets as hy nie hier is nie (1a). Hy moet voel hier is mense wat in my belangstel en nie soos 'n indringer nie (1a).
- Verwelkoming van besoekers behoort voor elke erediens te geskied (2a). Dit is gepas as die predikant of 'n lidmaat aankondig dat dié wat vreemd is, hulle moet aanmeld (1b). Kerkraadslede, lidmate of die predikant kan by die deure staan en mense groet, maar dan moet hulle self die gemeente ken, om verleentheid te voorkom (1b). 'n Blaadjie kan beskikbaar gestel word wat vir sê hoe dinge werk en wie die lidmate van die kerk is, Psalmboeke en die liturgiese orde kan beskikbaar wees, sodat besoekers ten volle aan die erediens kan deelneem (2b).
- Elkeen moet afsonderlik besluit: is dit hoe ek wil hê dit moet wees en as dit nie is nie, hoe gaan ek dit verander (1c).
- Sang: dit is die eerste ding waaraan jy deel is in erediens, daarom moet die sang lekker wees – dit moet voel soos 'n groot skare wat God prys, sodat dit uitstraal dat Christenskap lekker is (1e). Dit moenie voel dis iets wat iemand 2000 jaar gelede geskryf het en ek moet dit nou nog sing nie (1e).
- Soms moet 'n erediens vir wêreld gehou word en almal moet dit weet: die hele gemeente moet saamwerk om die wêreld daar te kry (1a, 2a, 2c).
- Daar is 'n geweldige opvoedingstaak, sodat mense vriendelik moet wees met almal; almal moet al die ander groet; dit moet nie snaaks wees as jy, wanneer jy in die kerk inkom, almal groet nie (al praat jy bietjie harder); die diens moenie so formeel wees nie (2d).

## 3.3. SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKING

- Die erediens word sterk beleef as 'n ontmoeting van God met sy volk. Tog kom die dialoogkarakter en die korporatiewe dimensie min tot sy reg. Hoewel die persoonlike opbou van die gelowige dus plaasvind, demp die eenrigtingverkeer die uitwerking daarvan. Die individuele ervaring van die erediens verhinder egter die onderlinge opbou.
- Daar is min ruimte in die erediens vir die deelname van individuele gelowiges met hulle gawes, maar hierdie gebrek word deur ander strukture, byvoorbeeld kleingroepe, diensgroepe, omgeegroepe ensovoorts ondervang. Dit is egter belangrik vir gemeentebou dat daar meer deelnemers aan die erediens sal wees en dat die gawes wat

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 STADGEMEENTE: | 1a Predikant | 1b Ouderling | 1c Diaken | 1d Suster | 1e Skoolmeisie |
| 2 SEMI-STADGEMEENTE: | 2a Predikant | 2b Ouderling | 2c Diaken | 2d Suster | 2e Skoolmeisie |

in die gemeente bestaan, nie ontken of onderdruk word nie. Meer individuele deelname aan die erediens sal tot opbou van die deelnemers lei, maar ook tot opbou van die gemeente deurdat elke element van die erediens optimaal sal funksioneer aangesien elke element hanteer sal word deur die persone in die gemeente met die besondere gawes daarvoor en alles nie in die hande van een persoon wat nie alle gawes het nie, sal wees nie.

- Die opbou van die gelowiges onderling vind hoofsaaklik *buite* en *rondom* die erediens plaas.
- Die erediens het 'n spesifieke fokus op die volk van God, maar moet steeds ontvanklik en uitnodigend tot die wêreld wees, iets wat tans nie so ervaar word nie. Die lei daartoe dat die *op*bou in die erediens nie werklik as *uit*bou ervaar word nie, wat tot gevolg het dat 'n belangrike dimensie van gemeentebou verlore gaan.
- Die volgende is algemene probleme, wat by al die fokusareas as probleme aangedui is: formalisme, individualisme, gebrekkige toerusting en inligting, atmosfeer in die erediens.

# 4. LITERATUURSTUDIE OOR DIE EREDIENS AS INSTRUMENT IN GEMEENTEBOU IN DIE NGK VANDAG

## 4.1. SINODEBESLUITE VAN DIE NGK

Die Algemene Sinode van die NGK het in 1990 (NGK, 1990:190-203) en 1994 (NGK, 1994:303-317) belangrike besluite oor die erediens geneem. Hierdie besluite word vervolgens bespreek. Ten eerste word algemene beginsels wat gestel is, ontleed, waarna die besluite oor die onderskeie elemente van die erediens bestudeer word.

### *4.1.1. Atmosfeer in die erediens*

Die sinode van 1990 (NGK, 1990:193-195) het belangrike riglyne rondom die atmosfeer in die erediens daargestel. Die stemming wat heers en wat mense beleef is net soveel 'n werklikheid as die banke waarop hulle sit en is nie net 'n werklikheid nie, maar 'n medebepalende faktor in die kommunikasie wat plaasvind (NGK, 1990:193). Die Heilige Gees is die eerste Skepper van die atmosfeer in die erediens en die korrekte atmosfeer in die erediens moet dus voor alles nie gemaak of bewerk word nie, maar gesoek word (NGK, 1990:193). Die erediens is allereers God se byeenkoms waar die Verbondsgod sy volk ontmoet. Die ware aard van die erediens kan met twee begrippe weergegee word: ontmoeting en viering (NGK, 1990:194). In die

erediens ontmoet God sy gemeente en die gemeente ontmoet sy Here in feesvierende blydskap. As die atmosfeer in die erediens dus eg wil wees en nie kunsmatig nie, sal dit iets van die ontmoeting en die viering op 'n stemmingsvolle wyse moet oordra. Aan die een kant sal die atmosfeer sober en stemmig wees, aangesien die gemeente die Almagtige ontmoet (NGK, 1990:194). Aan die ander kant moet daar 'n feestelike atmosfeer heers. Die kerkganger moet die ervaring hê dat iets gebeur, aangesien 'n fees altyd 'n gebeurtenis is. Daar sal elke keer 'n atmosfeer van uitsonderlikheid moet heers, anders verloor dit sy feeskarakter (NGK, 1990:194). Ten einde die atmosfeer in die erediens te bewerkstellig, word die volgende stemmingsinstrumente gebruik: die gebou, die taal wat gebruik word (geselstrant in plaas van formele skryftaal of platvloerse taal), sang en musiek (nie net om sang te begelei nie, maar ook om atmosfeer te skep) (NGK, 1990:194-195).

Die klem op die atmosfeer in die erediens en die instrumente wat gebruik kan word om dit te bewerk, verdien waardering. Op hierdie manier vind onderlinge opbou, sowel as uitbou, deurdat 'n vriendelike atmosfeer die wêreld daarbuite uitnooi, plaas. Die klem op die erediens as ontmoeting tussen God en sy gelowiges dien die persoonlike opbou van die gelowige.

### *4.1.2. Liturgiese kreatiwiteit*

"Ware liturgie is altyd liturgie **vir** mense – nie vir mense in die algemeen nie, maar vir bepaalde mense van 'n sekere tyd en plek" (NGK, 1990:195). Die erediens moet in hierdie wêreld funksioneer as teken van die koninkryk van God – 'n teken vir die wêreld en daarom begrypbaar deur die wêreld (NGK, 1990:196). Wanneer liturgie ontaard het in 'n blote ritueel en nie meer werklik die hoogtepunt van die geloofsuitdrukking van die gemeente is nie, vervul dit die funksie van 'n slaappil in plaas van dat dit 'n bron van lewe is. As die gemeente daar, in die sentrum 'n onmondige en passiewe gemeente bly, sal dit noodwendig ook so wees in sy ontmoeting met die wêreld (NGK, 1990:196). Daarom is vryheid én kreatiwiteit in die liturgie noodsaaklik. Dit wil voorkom asof daar net een manier is waarop die beginsels van vryheid en orde gelyktydig gehandhaaf kan word en dit is om slegs 'n basiese orde of grondvorm daar te stel (NGK, 1990:197).

Vryheid en kreatiwiteit in die liturgie is belangrik in gemeentebou aangesien elke gemeente uniek is en die bou deur die erediens in elke gemeente verskillend sal plaasvind. Tog is dit belangrik om 'n basiese vorm te hê, aangesien die erediens uiteindelik steeds 'n ontmoeting tussen God en sy volk is en die liturgie dit nooit mag verander nie.

### *4.1.3. Erediens en gemeentebou*

Die sinode van 1990 het ook 'n studiestuk aanvaar oor die erediens en gemeentebou (NGK, 1990:198-200). "Gemeentebou geskied in drie dimensies: Na God, na "bo", na "binne" ... – LEITOURGIA. Na mekaar ... – KOINONIA, DIAKONIA. Na "buite" ... – DIAKONIA, MARTURIA" (NGK, 1990:199). Die diepste geheim van die erediens is die volbragte werk van Jesus Christus. Hierin kom die werk van die drie-enige God tot redding en heil tot uitdrukking en dit is die grond, basis, inhoud, die wese en doel van die erediens. Die erediens is ook die samekoms van die gelowiges met mekaar om mekaar te ken, te verstaan, te help, te versterk, te bemoedig, op te bou, saam te bid en saam te werk, die gemeenskap met die Here en met mekaar te beleef (NGK, 1990:200). Primêr is dit altyd Christus as die Here en Hoof van sy kerk wat die bouwerk verrig, veral deur die Heilige Gees en deur sy Woord, maar ook deur die gebruikmaking van mense, gelowiges en ampsdraers. Die bouwerk geskied veral op die volgende wyses:

- Verkondiging, aankondiging, toesegging van die heil
- Lering, onderrig, teregwysing, opbou en begeleiding
- Viering, verkeer voor die aangesig van die Here, die belewing van gemeenskap met Hom en met mekaar
- Belydenis en getuienis
- Die inoefening van die taak
- Die toerusting en vorming vir die werk
- Diens – aan mekaar en aan die wêreld
- Die dank, eer en aanbidding van God

(NGK, 1990:200)

Die bewustheid van die verband tussen die erediens en gemeentebou is prysenswaardig, sowel as die verstaan van wat gemeentebou is. Tog word dit nie duidelik hoe hierdie beginsels wat uitgespel is, in die praktyk werklikheid word nie.

### *4.1.4. Aankondigings en votum*

Die sinode van 1994 het hieromtrent gehandel (NGK, 1994:303-306). Die erediens is die samekoms van die gemeente en hier moet die bekendmakinge geskied. Diegene wat beweer dat die aankondiginge geen plek by en in die erediens het nie, misken die feit van die bestaan van die gemeente in die konkrete wêreld, van die lewe en werk van egte mense in 'n konkrete

samelewing (NGK, 1994:304). Dit is 'n verkeerde verstaan van die feestelikheid van die erediens as die gebeure van die konkrete lewe van die gemeente nie ter sprake kom nie (NGK, 1994:304). Daar is 'n wisselwerking tussen die erediens en die lewe en stryd van elke dag en daarom is aankondigings in die samekoms van die gemeente so belangrik.

Die erediens dra die karakter van 'n dialoog: God en die gemeente is in gesprek met mekaar. Daarom is die votum as aanvang so belangrik. Verskillende variasies op die gesproke Skrifteks is moontlik. Die belangrikste hiervan is die gesonge Woord (NGK, 1994:305). Die gemeente kan die votum sing. 'n Ander moontlikheid is dat die votum in verskillende dele verdeel word wat deur die liturg en die gemeente in respons op mekaar gesê word (NGK, 1994:306).

Dit is belangrik dat die erediens nie los van die wêreld en die samelewing ervaar word nie. Die aankondigings is daarom belangrik, ook omdat dit die onderlinge gemeenskap tussen die gelowiges help bou deur begrip vir mekaar te kweek, sowel as om inligting oor te dra. Die deelname van die gemeente aan die votum deur dit hardop te sê of te sing, dien onderlinge opbou.

### *4.1.5. Die seëngroet en seën*

In die seëngroet word gesê dat die hele erediens teologies sentreer in die belewing van die teenwoordigheid van die drie-enige God met al sy gawes. Hier groet die predikant nie die gemeente nie; hier groet hy as liturg die gemeente namens God (NGK, 1994:313). God groet hulle en sê daarin dat Hy as drie-enige God met hulle is en al sy genadegawes aan sy gemeente toesê. Dit maak van die erediens teologies 'n charismatiese erediens waarin die charismata deur God uitgedeel word, sodat elkeen Hom nou met sy ontvange gawe in die erediens en daarbuite gaan dien (NGK, 1994:313). Daarom is die seëngroet 'n wesenlike en onmisbare deel van die erediens.

Die erediens is 'n ontmoeting tussen God en sy volk en nie tussen die predikant en die gemeente nie. God het aan elkeen gawes gegee om te gebruik, ook in die erediens.

### *4.1.6. Skuldbelydenis en genadeverkondiging*

Sonde, skuld en skuldbelydenis, sowel as genade en genadeverkondiging, is sentrale Bybelse temas. Dit vereis vandag 'n nuwe en vars toepassing in die praktyk. Tegelyk is dit 'n roep om 'n lewende erediens van 'n lewende gemeente (NGK, 1994:306). Wat die gemeente in die erediens betref, bely almal saam. Dit geskied gesamentlik, korporatief. Elke individu sluit homself by hierdie gesamentlike belydenis in en weet homself daarby betrokke (NGK, 1994:309). Hier gaan dit om die gesamentlike en gemeenskaplike skuld voor God, maar ewe-

eens om die persoonlike skuld. Die ware aard van die erediens as 'n vreugdevolle byeenkoms kan alleen werklikheid word as die gelowiges bevry word van sonde (NGK, 1994:310). By die heersende praktyk is dit 'n suiwer woordgebeure (die nie-verbale ontbreek) en 'n swaar rasionele aanslag waar die aksent val op 'n koue, lerende, verklarende en rasionele atmosfeer (die belangrike aspekte van viering, die emosionele en die wil word verwaarloos) (NGK, 1994:310). Praktiese riglyne wat gegee word is die gebruik van wisselspraak; 'n voorbereide teks gelei deur een of meer persone; gebed en sang in verskillende vorms en deur allerlei wyses van kombinasies; en simboliese handelinge wat belydenis van skuld uitbeeld (NGK, 1994:310). Die verkondiging van die genade geskied nie neutraal en in die algemeen nie, maar direk en persoonlik aan die konkrete mense hier en nou (NGK, 1994:311).

Die verhouding van die gelowige tot God is van sentrale belang en daarom het skuldbelydenis en genadeverkondiging 'n belangrike plek in die erediens. Die verhouding tussen die gelowige en God word hierdeur gebou. Hierdie elemente is hoofsaaklik korporatief en bou die gemeenskap onderling, hoewel dit ook 'n persoonlike element het en ook so gestruktureer moet word dat dit elke gelowige in sy konkrete situasie aanspreek.

### *4.1.7. Prediking*

Deurdat die prediking in die tydperk van kerklike en homiletiese selftevredenheid so maklik die hele liturgie oorheers het, het die proklamatiewe, outoritêre en kognitiewe dikwels die rol van die ritueel, die affektiewe en die pastorale in die erediens verdring (NGK, 1994:314). Die gevolg daarvan is dat die individuele respons op die preek die gemeentevormende doel van die erediens vervang het – persoonlike toe-eiening en geloof word dan die maatstaf vir suksesvolle prediking (NGK, 1994:314). Deurdat die prediking in die nuwe era sy "outokrasie" moes prysgee, is dit weer geplaas in die nuwe dimensievelde van kragtige kommunikasievennote, waardeur die prediking weer deel kan word van 'n omvattende en kragtige kommunikasieproses (NGK, 1994:314). Die prediking moet vandag gesien word as 'n belangrike onderdeel van die bediening, gerig op die formasie van die geloofsidentiteit van die gemeente as liggaam van Christus en as instrument van die Koninkryk in 'n samelewing in transito (NGK, 1994:315). Op plaaslike vlak word dit dringend noodsaaklik dat predikante saam met kerkrade sal besin oor die plek van die gemeenteprediking in 'n totaalplan van die bediening en oor die aandeel van die gemeente in die preekmaak- en preekleweringsproses. "In 'n baie letterlike en werklike sin moet die preek én die liturgie in 'n Gereformeerde kerk aan die gemeente teruggegee word en op die opbou van 'n gemeentelike identiteit gerig word" (NGK, 1994:315).

Die betrokkenheid van die gemeente in die preekmaak- en preekleweringsproses is 'n belangrike hulpmiddel in die gemeentebouproses. Die klem dat die prediking moet deel vorm

van 'n groter totaalplan vir die bediening is noemenswaardig. Prediking moet verder rekening hou met die samelewing en die wêreld van die gelowiges.

### 4.2. SAMEVATTING

- Die besinning oor die erediens in die NGK gaan wyer as blote liturgiese volgorde of inkleding, maar sluit aspekte van die erediens soos atmosfeer, liturgiese vryheid en gemeentebou in.
- Dit is duidelik dat die belewing van die gelowige uiters belangrik is. Dit kan gesien word in die klem op die atmosfeer, die uniekheid van elke gemeente wat ook in die erediens weerspieël moet word, die invloed van die lewe van die gemeente en die gelowige op die erediens en die deelname van die gelowiges aan die verskillende onderdele van die erediens.
- Die individuele gawes en bydraes wat dit in die erediens kan lewer, kom min na vore en word grootliks buite rekening gelaat, hoewel dit in die agtergrondbeginsels duidelik gestel word.
- Daar kom min van die verhouding tussen die gelowiges en die ongelowige wêreld ter sprake in die erediens.
- Die klem op die erediens as 'n deel van 'n groter bedieningsplan is 'n belangrike perspektief waaraan meer aandag gegee behoort te word.

## 5. LITERATUURSTUDIE OOR DIE EREDIENS AS INSTRUMENT IN GEMEENTEBOU IN DIE NHK VANDAG

### 5.1. ALGEMENE KERKVERGADERINGBESLUITE VAN DIE NHK

Op die vier en sestigste Algemene Kerkvergadering van die NHK in 1995 is belangrike hersienings aan die diensboek van die kerk aangebring, waarin besluite oor die erediens geneem is, wat vir die studie van belang is (NHK, 1995:341-359)[5]. Daar gaan vervolgens hieraan aandag gegee word.

[5] By die ses en sestigste Algemene Kerkvergadering wat vanaf 30 September 2001 in Pretoria gehou is, is 'n belangrike studiestuk oor die erediens ter tafel gelê, waarin belangrike riglyne oor die erediens neergelê word (vergelyk NHK, 2001:271-287). Aangesien hierdie studie voltooi is voor hierdie Algemene Kerkvergadering en die besluite oor die studiestuk gevolglik nie beskikbaar was nie, kon dit nie by die studie betrek word nie.

### *5.1.1. Die wese van die erediens*

Die Christelike geloof het sy ontstaan daaraan te danke dat God Homself in Jesus Christus aan die mense bekend gemaak het (NHK, 1995:341). Hierdie bekendmaking is in die Bybel opgeteken. Die Bybel is die enigste maatstaf vir ons kennis van God en die diens wat ons aan Hom verskuldig is. Hierdie diens kom in die besonder in die erediens na vore (NHK, 1995:341). In die erediens ontmoet God die gelowiges deur sy Woord en Gees, spreek hulle aan en op hierdie spreke antwoord hulle (NHK, 1995:341). Hier is Hy deur sy Gees teenwoordig en deur sy teenwoordigheid word die erediens 'n lewende ontmoeting en vind daar gemeenskap plaas (NHK, 1995:342). So word die geloof gestig en gebou. God se spreke roep die mens se antwoord op en daarom het die erediens 'n bepaalde karakter, wat ook die gang van die erediens bepaal: 'n Woord-antwoord karakter (NHK, 1995:342). Die Bybel gee geen vaste liturgiese orde nie, maar daar is wel aanduiding van verskillende liturgiese elemente.

Die erediens is 'n ontmoeting tussen God en sy volk – dit staan sentraal. Tog roep die ontmoeting ook 'n antwoord op. Die erediens is 'n lewende ontmoeting wat gemeenskap onder die gelowiges bewerk.

### *5.1.2. Afwisseling*

Die Algemene Kerkvergadering keur verskillende diensordes goed (NHK, 1995:350). Die rede waarom verskillende diensordes voorgelê word, is om te verhoed dat slegs een geykte diensorde gebruik word (NHK, 1995:350). Dit skep ook die moontlikheid dat die verskillende funksies van 'n liturgiese element beter tot hulle reg kom. Afwisseling is nie net moontlik nie, maar ook wenslik (NHK, 1995:350). Die dinamiese krag van die erediens verg afwisseling – afwisseling dien daartoe dat onbeperkte vryheid aan die een kant en stagnasie aan die ander kant voorkom word (NHK, 1995:350).

Die element van afwisseling is belangrik in gemeentebou, ten einde te verseker dat elke element van die erediens die opbou van die gemeente dien en nie bloot 'n standaard manier van doen is nie. Dit noodsaak beplanning en verantwoording oor die verloop van die erediens, wat gemeentebou sal aanhelp.

### *5.1.3. Die voorleser*

In die NHK is dit gebruik dat een van die ouderlinge enkele elemente in die erediens hanteer (NHK, 1995:349-350). Die ouderlinge het die opsigtaak in die gemeente – dit beteken dat juis hulle aan die gemeente voorhou wat God van hulle vra en hoe hulle sal glo (NHK, 1995:350).

Die gebruik van iemand anders as die predikant om liturgiese handelinge uit te voer, dien beslis gemeentebou, deurdat individuele gawes gebruik word en deurdat die persepsie dat dit net die predikant is wat aktief is in die erediens, teen gewerk word.

### *5.1.4. Sang*

Van die begin af is die lied gesien as een van die maniere waarop die gelowiges op die Woord en die roepstem van God antwoord (NHK, 1995:345). Die lied het 'n besondere taak in die erediens. Die gemeente aanbid God in sy lied, loof Hom vir sy weldade en liefde, dank God vir die wonder van die verlossing, roem Sy naam, verkondig aan mekaar en aan die wêreld God se heil wat Hy aan die mens toesê en bely daarmee hulle geloof en skuld (NHK, 1995:345). Dit skep 'n bepaalde atmosfeer van aanbidding. In die elemente van skuldbelydenis en genadeverkondiging (NHK, 1995:346), geloofsbelydenis (NHK, 1995:347) en gebed (NHK, 1995:349) word dit gestel dat die betrokke element ook gesing kan word en liedere wat geskik is daarvoor, word aangedui.

In die lied in die erediens is al drie verhoudings in gemeentebou ter sprake. Die verhouding van die gelowige tot God word gebou deur aanbidding, lofprysing, danksegging, sowel as die woorde van God wat gesing word. Maar sang bou ook die onderlinge verhouding tussen die gelowiges én die verhouding tot die wêreld. Sang bied verder die geleentheid dat die gemeente by meer liturgiese elemente direk betrokke is.

### *5.1.5. Prediking*

Prediking is die uitlê en toepas van die Skrif en is noodsaaklik vir die opbou van die gemeente (NHK, 1995:348). Die geloof is deur die hoor van die Woord en die prediking is tot redding van dié wat glo (1 Korintiërs 1:21). Die Heilige Gees gebruik die prediking as instrument om die geloof te wek en te versterk en om die gelowiges vir hul dienswerk toe te rus (NHK, 1995:348).

## 5.2. SAMEVATTING

- Die erediens gaan in die eerste plek om 'n ontmoeting tussen God en sy volk.
- Tog is die situasie van die gelowige ook belangrik. Daarom speel afwisseling in die erediens 'n belangrike rol.
- Hoewel dit in die erediens primêr gaan om die opbou van die gelowige in sy verhouding tot God, word die verhouding met ander gelowiges gebou deur sang. Tog is hierdie opbou beperk en kan daar nog aandag aan gegee word.

- Dit word gestel dat die lied in die erediens verkondiging aan die wêreld is. Tog kan gevra word in hoe 'n mate dit werklik geskied en in hoe 'n mate die erediens wêreldvriendelik is om die wêreld in te kry om dit te hoor.

## 6. SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKING

In hierdie hoofstuk is deur literatuurstudie en empiriese ondersoek gepoog om vas te stel in watter mate die basisteoretiese perspektiewe van hoofstuk 2 in die praktyk gerealiseer word. Hierdie perspektiewe is die volgende:

- Die erediens is in die eerste plek *'n ontmoeting* tussen die drie-enige God en sy verbondsvolk en behoort daarom die verhouding van die gelowige tot God te *bou*.
- Elke gelowige het *'n individuele bydrae* om te lewer in die erediens en is betrokke in die erediens. Op hierdie wyse word die individu *gebou* om sy gawes te gebruik en sodoende sy doel te bereik.
- Tog is die erediens primêr 'n *korporatiewe byeenkoms van gemeenskap met God en met mekaar*. Daarom is ware koinonia en die belewing daarvan in die erediens kardinaal. Daar behoort in die erediens onderlinge *opbou* onder die gelowiges plaas te vind.
- Die erediens het 'n sterk *getuieniskarakter* teenoor die wêreld en moet so ingerig word dat ongelowiges daardeur bereik kan word. Sodoende word die gemeente ook kwantitatief deur die erediens *opgebou*.

Opsommend kan die volgende gestel word:

- In die teorie – die sinodebesluite van die Afrikaanse susterkerke – is daar 'n sterk beklemtoning van die ontmoetingskarakter van die erediens en dan as 'n korporatiewe, dialogiese ontmoeting tussen God en sy volk. Tog blyk dit dat in die erediens in die praktyk – die empiriese ondersoek, sowel as die praktiese riglyne in die sinodebesluite – die korporatiewe, dialogiese karakter min tot sy reg kom.
- Net so tree die ontmoeting van God met die volk sterk na vore, maar die ontmoeting tussen die volk en God word minder ervaar.
- Die deelname van die individu met sy gawes in die erediens word in beginsel sterk gestel, maar in die praktyk kom min na vore.
- Dit word duidelik gestel dat die erediens ook onderlinge opbou tussen die gelowiges moet bewerk. Hier word genoem dat dit deur sang, gebed, geloofsbelydenis en die liefdegawe

geskied. Tog word dit min in die praktyk ervaar. Die onderlinge opbou in die gemeente vind hoofsaaklik *buite* en *rondom* die erediens plaas.

- Aan die verhouding van die erediens tot die wêreld word in die teorie baie min aandag gegee. In die praktyk word die erediens as intimiderend vir die buitestander ervaar.
- Algemene probleme wat duidelik geword het, is:
  - Weens gebrekkige toerusting, toeligting en inligting is daar 'n gebrek aan kennis en begrip by die lidmate. Dit veroorsaak dat die teorie nie bekend is nie en daarom ook nie ervaar word nie.
  - Formalisme lei daartoe dat daar nie ruimte vir die toepassing van die teorie is nie en dat daar nie gedink word oor die doel, funksie en inkleding van die erediens nie.
  - Individualisme lei daartoe dat die erediens nie as 'n korporatiewe gebeurtenis beleef word nie, wat die onderlinge opbou en die opbou na buite aan bande lê.
  - Al bogenoemde lei daartoe dat baie min aandag aan die atmosfeer in die erediens gegee word, wat 'n negatiewe uitwerking het op die uitleef van al drie verhoudings, te wete die verhouding van die gelowige tot God, van die gelowiges onderling en van die gelowige tot die wêreld daarbuite.

In hoofstuk 4 gaan vervolgens sekere praktykteoretiese riglyne gegee word, ten einde die praktyk van hoofstuk 3 nader aan die basisteorie van hoofstuk 2 te laat funksioneer.

# HOOFSTUK 4

# PRAKTYKTEORETIESE PERSPEKTIEWE OP DIE EREDIENS AS INSTRUMENT IN GEMEENTEBOU

## 1. INLEIDING

In hoofstuk 2 is daarop gewys dat die erediens 'n belangrike instrument in gemeentebou is. Die volgende basisteoretiese perspektiewe kom aan die lig:

- Die erediens is *'n ontmoeting* tussen die drie-enige God en sy verbondsvolk en behoort daarom die verhouding van die gelowige tot God te *bou*.
- Elke gelowige het *'n individuele bydrae* om in die erediens te lewer en is betrokke in die erediens. Op hierdie wyse word die individu *gebou* om sy gawes te gebruik en sodoende sy doel te bereik.
- Tog is die erediens primêr 'n *korporatiewe byeenkoms van gemeenskap met God en met mekaar*. Daarom is ware koinonia en die belewing daarvan in die erediens kardinaal. Daar behoort in die erediens onderlinge *opbou* onder die gelowiges plaas te vind.
- Die erediens het 'n sterk *getuieniskarakter* teenoor die wêreld en moet so ingerig word dat ongelowiges daardeur bereik kan word. Sodoende word die gemeente ook kwantitatief deur die erediens *opgebou*.

Dit is dus duidelik dat die erediens 'n kragtige instrument in gemeentebou is – beide opbou en uitbou. In hoe 'n mate die erediens as instrument in gemeentebou in die praktyk realiseer word, is in hoofstuk 3 ondersoek en die volgende gebreke in die praktyk is aangetoon:

- In die teorie (die sinodebesluite van die Afrikaanse susterkerke) is daar 'n sterk beklemtoning van die ontmoetingskarakter van die erediens en dan as 'n korporatiewe, dialogiese ontmoeting tussen God en sy volk. Tog blyk dit dat in die erediens in die praktyk (die empiriese ondersoek, sowel as die praktiese riglyne in die sinodebesluite) die korporatiewe, dialogiese karakter min tot sy reg kom.
- Die ontmoeting van God met die volk tree sterk na vore, maar die ontmoeting van die volk met God word minder ervaar.
- Die deelname van die individu met sy gawes in die erediens word in beginsel sterk gestel, maar in die praktyk kom min na vore.

- Dit word duidelik gestel dat die erediens ook onderlinge opbou tussen die gelowiges moet bewerk. Hier word genoem dat dit deur sang, gebed, geloofsbelydenis en die liefdegawe geskied. Tog word dit min in die praktyk ervaar. Die onderlinge opbou in die gemeente vind hoofsaaklik *buite* en *rondom* die erediens plaas.
- Aan die verhouding van die erediens tot die wêreld word in die teorie baie min aandag gegee. In die praktyk word die erediens as intimiderend vir die buitestander ervaar.
- Algemene probleemareas wat aan die lig gekom het, is:
    - Weens gebrekkige toerusting, toeligting en inligting is daar 'n gebrek aan kennis en begrip by die lidmate oor die wese en funksie van die erediens. Dit veroorsaak dat die teorie nie bekend is nie en daarom ook nie ervaar of uitgeleef word nie.
    - Formalisme lei daartoe dat daar nie ruimte vir die toepassing van die teorie is nie en dat daar nie oor die doel, funksie en inkleding van die erediens gedink word nie.
    - Individualisme veroorsaak dat die erediens nie as 'n korporatiewe gebeurtenis beleef word nie en lê die onderlinge opbou en die opbou na buite aan bande.
    - Al bogenoemde het tot gevolg dat baie min aandag aan die atmosfeer in die erediens gegee word. Dit het 'n negatiewe uitwerking het op die uitleef van die drie verhoudings wat ter sprake is, te wete die verhouding van die gelowige tot God, van die gelowiges onderling en van die gelowige tot die wêreld daarbuite.

In hierdie hoofstuk word enkele praktykteoretiese riglyne gegee ten einde verstellings aan die praktyk te maak om dit nader aan die basisteorie te kry. In die eerste plek word sekere algemene riglyne gegee, veral rakende die algemene probleme wat in hoofstuk 3 geïdentifiseer is. Hierna word meer spesifieke riglyne oor die vier basisteoretiese temas van hoofstuk 2 gegee.

## 2. RIGLYNE VIR DIE INRIGTING VAN DIE EREDIENS AS INSTRUMENT IN GEMEENTEBOU

### 2.1. ALGEMENE RIGLYNE

#### *2.1.1. Toerusting van gelowiges met betrekking tot die Skriftuurlike beginsels vir die erediens*

Volgens De Klerk (1987:310) word daar dikwels veronderstel dat lidmate 'n basiese kennis oor die erediens het. In werklikheid is dit in die meeste gevalle nie so nie, soos wat die situasie-

analise aan die lig gebring het (vergelyk 3.3 hoofstuk 3). Gevolglik gaan 'n groot deel van die gemeentelike deelname aan die erediens verlore, omdat daar by lidmate 'n gebrek is aan kennis en insig met betrekking tot die erediens. Sonder grondige kennis in die liturgie bly lidmate onbetrokke in die erediens. Sonder die betrokkenheid van die gelowiges in die erediens, kan die gemeente nie werklik groei en geestelik opgebou word nie (1 Korintiërs 12-14). Daarom is dit van kardinale belang dat predikante en ander begaafde persone opnuut daaraan aandag sal skenk om gemeentes deur middel van doelgerigte opleiding toe te rus, sodat hulle kennis van die erediens kan lei tot 'n verrykte en onderling verrykende belewing daarvan.

Prakties kan die toerusting as volg plaasvind:

- Prediking, byvoorbeeld reekspreke oor die erediens, die liturgie en gemeentebou.
- Kategetiese onderrig waarin die erediens as tema uitvoerig behandel word.
- Huisbesoek deur die predikant en/of die ouderling.
- Bybelstudies oor die erediens.
- Toerustingskursusse in die gemeente, byvoorbeeld op Saterdagoggende of in die week.
- Artikels in die gemeentenuusbrief.
- Onderrigsessies voor die aanvang van die diens oor die doel en funksie van die erediens en hoe dit prakties tot uitvoer kom.
- Toeligting terwyl met die diens besig is, byvoorbeeld 'nou sing ons tot eer van God en tot opbou van mekaar'.

### *2.1.2. Erediens van die lewe*

Uit die situasie-analise het dit duidelik geword dat die verband tussen die gemeentelike erediens op Sondag en die erediens van die lewe deur die week sterk beklemtoon moet word (vergelyk 3.2.1 en 3.2.4 hoofstuk 3). Daar mag geen dualisme wees nie. Kerkwees gaan oor meer as net die erediens op 'n Sondag en daarom moet die erediens op Sondag uitloop in die erediens van die lewe gedurende die week, wat weer moet uitloop op die erediens op Sondag. Daarom begin en eindig die erediens nie met 'n aanvangseën en slotseën nie, maar met 'n *groetseën* en *wegstuurseën* – die erediens op Sondag is eenvoudig 'n voortsetting van die erediens van die lewe. Daarom vind die opbou in die gemeente binne elkeen van die drie verhoudings, naamlik van die gelowiges tot God, die gelowiges onderling en die gelowiges tot die wêreld daarbuite *ook* buite die samekoms op Sondag plaas, maar nooit mag een van hierdie verhoudings *slegs* buite die erediens op Sondag gebou word nie.

Prakties kan die verband tussen die erediens op Sondag en die erediens van die lewe gefasiliteer word deur:

- Bybelstudies in die week na die diens oor die betekenis van daardie erediens vir elkeen se lewe. Sodoende word die opbou wat in die erediens in die verhouding van die gelowige tot God geskied het, verstewig en vergroot.
- Sekere lidmate kan geïdentifiseer word om die preke voor die tyd te ontvang en dan in die erediens te getuig hoe die preke in húlle lewe 'n verskil maak. Hier kan baie afwisseling en verskeidenheid wees, sodat elkeen na iemand kan luister wat in sy omstandighede is. So kan een week vir 'n huisvrou, hoërskoolseun, prokureur en boer geleentheid gegee word en die volgende week vir 'n polisieman, 'n onderwyseres, 'n huisagent en 'n dokter. Hierdeur word die verhouding van die gelowige tot God gebou deurdat hy/sy in sy/haar persoonlike omstandighede aangespreek word. Dit bou verder ook die verhouding tussen die gelowiges onderling deurdat die gelowiges by mekaar leer en mekaar bedien.
- Geleentheid kan vir die gemeente geskep word om met hulle lewensvrae na die predikant te kom sodat dit in die diens aangespreek kan word. 'n Houer kan byvoorbeeld in die kerk geplaas word vir voorstelle vir preke of 'n gedifferensieerde groep kan weekliks bymekaar kom om saam met die predikant oor die huidige aktuele kwessies te besin. Sodoende word die erediens op die omstandighede van die gemeente en die samelewing gerig en so word gemeentebou deur hierdie relevansie gedien.

### *2.1.3. Formalisme*

'n Verdere algemene probleem wat uit die situasie-analise na vore gekom het, is die probleem van formalisme (vergelyk 3.3 hoofstuk 3). Hier wil dit voorkom asof die probleem eerder by 'n gebrek aan toepassing van die besluite van die sinodes geleë is. Daar is aangetoon dat daar in die amptelike besluite van die drie susterkerke ruim voorsiening gemaak word vir liturgiese afwisseling en kreatiwiteit (vergelyk 2.1.2, 4.1.2 en 5.1.2 hoofstuk 3), hoewel dit nie altyd in die praktyk toegepas word nie. Die redes hiervoor kan die vashou aan tradisie, die weerstand teen verandering of eenvoudig die feit dat die predikant of liturgiese groep nie genoeg tyd en aandag aan die sin en funksie van die elemente in die erediens spandeer nie, wees. "Die waarheid is dat die meeste gereformeerde predikante (soos die naam van die amp reeds aandui!) opgelei is om oor hulleself te dink as predikers en nie as liturge nie" (Burger, 1999b:12). Dit vra 'n redelike ingrypende verskuiwing in die ingesteldheid van die predikant om nie net na die erediens te gaan om die Woord van die Here aan die gemeente te bedien nie, maar ook om hulle voor te gaan, te lei en te begelei in gebed en aanbidding.

Om hierdie probleem op te los, kan die volgende gedoen word:

- Toerusting (sien 2.1.1). Die toerusting van die predikant speel hier 'n belangrike rol. Die predikant, as liturg, moet bewus wees van die doel van die erediens en dan veral van die gemeentebouende funksie. Die toerusting van predikante aan die teologiese opleidingsinstansies behoort hierdie aspek aan te spreek en klem daarop te lê.
- Die inruim van genoegsame tyd in die program van die predikant om voldoende aandag aan die verloop van *elke* erediens te spandeer. Indien die predikant bewus is van die kardinale gemeentbouende funksie van elke erediens en genoegsame tyd inruim om die erediens dienooreenkomstig in te rig, behoort formalisme nie 'n probleem te wees nie.
- 'n Hernude studie van die besluite van die meerdere vergaderings oor die erediens deur die predikant en persone verantwoordelik vir die erediens (bedieningskommissie, liturgiediensgroep, ensovoorts) is belangrik, aangesien hierdie besluite juis formalisme bestry en die opbou van die gemeente deur die erediens bevorder. 'n Verdere winspunt van so 'n studie is dat die gebreke in die besluite van meerder vergaderinge uitgewys en aangepreek kan word.
- Die daarstel van 'n liturgiediensgroep word sterk aanbeveel. Hierdie diensgroep kan weekliks vergader om die verloop van die erediens te bespreek en besluite daaroor te neem in die lig van die gemeentebouende funksie en doel van die erediens.
- Die skep van 'n forum waar lidmate bydraes tot die inrigting van die erediens kan lewer, byvoorbeeld deur 'n houer in die kerk vir voorstelle, 'n ope uitnodiging na die liturgiediensgroep, 'n gemeentevergadering waarop die erediens en verloop daarvan bepreek word en die gemeente om voorstelle gevra word en 'n gemeentekamp waarop die erediens onder die soeklig gestel word. Behalwe die voordeel van meerdere insette skep hierdie geleenthede ook 'n groter bewustheid by die lidmate oor die wese van die erediens – iets wat noodsaaklik is vir gemeentebou om behoorlik te funksioneer.

### *2.1.4. Individualisme*

Uit die situasie-analise het dit duidelik geword dat individualisme as 'n algemene probleem ervaar word wat al die aspekte van die erediens nadelig beïnvloed (vergelyk 3.3 hoofstuk 3). Veral die onderlinge opbou (vergelyk 3.2.3 hoofstuk 3), die korporatiewe karakter van die erediens (vergelyk 3.2.1 hoofstuk 3) en die opbou na buite (vergelyk 3.2.4 hoofstuk 3) word negatief geraak.

Om hierdie probleem aan te spreek, kan die volgende gedoen word:

- Toerusting (sien 2.1.1).

- Geleentheid in die diens om met die persone rondom jou koinonia te beleef, deur byvoorbeeld die geleentheid te skep vir almal om mekaar te groet, veral voor die diens. Stilgebed kan dan, as deel van die liturgie, voor die votum ingevoeg word, sodat die gelowiges voor die stilgebed geleentheid kry om na mekaar uit te reik. Hierdeur vind onderlinge opbou plaas deur die interpersoonlike kommunikasie wat bewerk word.
- Beklemtoning deur die voorganger van die gemeenskaplike aard van die erediens, byvoorbeeld "kom ons sing nou *gesamentlik*".
- Groepsbesprekings in die erediens, byvoorbeeld preekbesprekings, voorbiddingsgeleenthede, ensovoorts. Hierdie aspek bestry nie net die probleem van individualisme nie, maar bou die gemeente onderling en in hul verhouding tot God, aangesien die elemente van die erediens op 'n persoonlike vlak van toepassing gemaak word.

### *2.1.5. Atmosfeer in die erediens*

Daar is telkens daarop gewys dat die atmosfeer in die erediens 'n belangrike invloed uitoefen op die opbou wat plaasvind (vergelyk 3.2.3 en 3.2.4 hoofstuk 3) en tog is gevind dat betreklik min aandag en tyd aan die atmosfeer in die erediens spandeer word. Die atmosfeer dien die opbou in die verhouding tot God, tot mekaar én tot die wêreld.

Prakties kan die volgende gedoen word om die atmosfeer in die erediens te fasiliteer:

- Stilte speel 'n belangrike rol. Stilte is die geestelike ruimte waarin die mens se gees hom die beste op sy ontmoeting met God kan voorberei (De Klerk, 2000:463). Daarom behoort daar voldoende geleentheid in die liturgie vir stilte en stilgebed te wees. Voorbeelde is stilte voor die votum, sodat die gemeente geleentheid kry om hom af te sluit van die daaglikse bekommernisse en met sy hele wese te fokus op die ontmoeting met God, mekaar en die wêreld; stilgebed in die Verootmoedigingsdiens, sodat elke gelowige persoonlik verootmoediging kan doen; stilte na die prediking, sodat die gemeente geleentheid kry om die verkondiging toe te eien en sodat die oorgang van die voorganger as spreekbuis *van God* in die prediking na die voorganger as spreekbuis *van die gemeente* in gebed duidelik word.
- Simbole: "Kuns in die liturgie (woorde, simbole, geboue) stimuleer ons ervaring van God se geheime, ons bewondering vir Hom en help om die gewyde te beleef" (De Klerk, 2000:464). Simbole dien daarom die opbou in die verhouding van die gelowige tot God. Dit spreek tot die regterhemisfeer van die brein – dié deel wat meer beeldend en kreatief funksioneer en dalk in 'n meerdere mate in staat is om iets van God te verstaan as die

meer logiese en analitiese kant van ons brein (Burger, 1995:90). In die beoordeling van die aanwending van simbole moet die volgende in ag geneem word: eenvoud en matigheid, dit moet die mens nie oorweldig nie, maar moet juis help om bewus te raak van die eenvoud en wonder van God se teenwoordigheid by sy kinders (Burger, 1995:90). Voorbeelde van simbole wat sinvol in die erediens gebruik kan word, ten einde die atmosfeer te verbeter, is 'n oop Bybel, die kruismotief, die Christusmonogram, kerse, die kanselkleed, blomme, gebrandskilderde vensters, kunswerke.

- Die gebou: die kleure en teksture in die gebou, die reuke in die kerk, die rangskikking van die meubels, die buite-aansig van die gebou, die ligging, grootte en versiering van die preekstoel, plante in die kerk, die afstand tussen die preekstoel en die gemeente en tussen die gemeentelede onderling, speel alles 'n belangrike rol in die atmosfeer in die erediens en in watter mate die erediens werklik as 'n ontmoeting met God ervaar word en die nodige opbou in die erediens geskied.
- Taal: Taal dra nie net betekenis nie, maar ook gevoelens oor. Die manier waarop taal aangewend word, skep 'n bepaalde atmosfeer en die atmosfeer is medebepalend vir die betekenisinhoude wat oorgedra word. Die taal mag nie te deftig en formeel wees nie, want dan is die afstand te groot. Dit mag egter ook nie te plat wees nie, want dan is die diepte van die ontmoeting in gedrang.
- Sang en musiek: As gevolg van die oorbeklemtoning van die intellektuele en kognitiewe aspekte van kommunikasie, word musiek in die gereformeerde erediens hoofsaaklik aangewend om sang te begelei. Die orrel in die kerk word slegs gebruik om sang te vergemaklik. Aangesien daar soveel meer met sang en musiek gedoen kan word as net begeleiding, verdien hierdie saak meer aandag. Hier kan aan verskillende musiekinstrumente, agtergrondspel, koorsang en wisselsang gedink word om atmosfeer te bewerk.

## 2.2. Spesifieke Riglyne

Vervolgens word spesifieke riglyne in sake die vier basisteoretiese riglyne wat in hoofstuk 2 afgelei is, gegee. Aangesien hierdie vier aspekte reeds in hoofstuk 2 (veral punte 6 en 7) en in die terugvoer in hoofstuk 3 (sien 3.2) bespreek is, word volstaan met praktiese riglyne om die saak te verbeter, sonder dat die saak en die noodsaak daarvan weer bespreek word.

### 2.2.1. Die erediens as 'n ontmoeting tussen God en sy volk

Hierdie aspek is belangrik aangesien die opbou van die gelowige in die eerste plek 'n opbou na bo is. Die ontmoetingskarakter moet daarom so veel moontlik tot sy reg kom om die opbou in die gelowige se verhouding tot God te bewerk. Die volgende is praktiese riglyne hoe hierdie verhouding bevorder kan word:

- Toerusting (sien 2.1.1).
- Afwisseling (sien 2.1.3 oor formalisme)
- Atmosfeer (sien 2.1.5).
- Die voorganger: die voorganger in elke handeling speel 'n belangrike rol om te verseker dat die gemeente die erediens as 'n ontmoeting met God en 'n dialoog tussen God en sy volk beleef. Te dikwels kom die gemeente om na 'die dominee' te luister en nie na God nie. Die voorganger behoort dit daarom duidelik te maak dat hy ook 'n aangesprokene is en dat dit God is wat met die *hele* gemeente praat. Net so behoort dit in die gebede duidelik te word dat die voorganger namens die gemeente met God praat en nie besig is om sy preek op te som of namens homself te bid en die gemeente is net passiewe aanhoorders nie. Die gebedstaal moet dus nie oorformeel wees nie, maar waarlik die woorde en emosies van die gemeente weerspieël.
- Toeligting: die dialoogkarakter van die erediens behoort deur toeligting duidelik gemaak te word. Hierdie toeligting kan deur middel van die voorganger geskied, byvoorbeeld: "Kom ons antwoord nou op die Wet van die Here"; deur die nuusbrief waarin die verloop van die erediens aangedui word; deur die gebruik van die liturgiese ruimte, deurdat die voorganger die handelinge namens die gemeente *voor* die preekstoel uitvoer en dan wanneer hy die mondstuk van God is, dit *bo-op* die preekstoel doen.
- Deelname van die gemeente: die gemeente kan meer aan van die liturgiese handelinge deelneem om sodoende die korporatiewe, dialogiese ontmoeting te fasiliteer. Die votum, die geloofsbelydenis, die amen na die preek en na die seën en die Onse Vader kan saam opgesê of saamgesing word. Beurtsang kan ook sinvol gebruik word om die dialoogkarakter duidelik te beklemtoon.
- Preekbesprekings na die erediens waarin die ontmoeting en belewenis van die erediens bespreek word. Die predikant kan sy preek met die helfte verkort, sodat die gemeente, onder leiding van die ouderlinge, die preek in groepies kan bespreek en terugrapporteer om só die ware korporatiewe ontmoeting fisies uit te leef.

### 2.2.2. Die betrokkenheid van elke gelowige in die erediens

Elke gelowige het gawes van die Gees ontvang om tot voordeel en opbou van almal te gebruik. Voldoende ruimte moet in die erediens geskep word waarbinne elke gelowige met sy/haar besondere gawes diensbaar kan wees tot opbou van die hele gemeente. Die opbou na God, die onderlinge opbou en die uitbou na buite groei namate meer lidmate, elk met sy besondere gawe, betrokke raak by die gemeente, aangesien elke handeling in die erediens verrig word deur die lidmaat met die beste gawe. Om die deelname van elke gelowige in die erediens te verbeter, kan die volgende oorweeg word:

- Toerusting (sien 2.1.1).
- Afwisseling (sien 2.1.3 oor formalisme)
- Atmosfeer (sien 2.1.5).
- Lidmate met musikale gawes kan in die begeleiding op verskillende musiek instrumente betrek word. Hierdie beoefening van individuele gawes hoef nie tot begeleiding beperk te word nie, maar kan ook gebruik word om die atmosfeer te bewerk (vergelyk 2.1.5) deur agtergrondmusiek en stemmingsuitvoerings.
- Sekere liturgiese handelinge in die erediens, veral die selfstandige Skriflesing, die voorlees van formuliere en die gebede, kan deur medegelowiges, selfs vroue en kinders, verrig word. Dit moet egter met omsigtigheid gedoen te word en betrokke persone moet eers die nodige toerusting ontvang. Kleingroepe kan hierin diensbaar wees deur toegeruste Bybelstudie oor openbare gebed of Skriflesing te doen en dan voorbereid die beplanning en uitvoering van die openbare gebed of Skriflesing binne die erediens te hanteer.
- Groepsbesprekings in die erediens, waar elke gelowige in die groep geleentheid kry om 'n bydrae te lewer.
- Sekere persone kan geleentheid gegee word om die preek op hulle eie situasie toe te pas. Daar kan byvoorbeeld aan vier persone geleentheid gegee word om in die erediens na die preek die toepassing te maak. Die persone kan weekliks voor die diens geïdentifiseer word, met die nodige afwisseling en dan vooraf van die preek voorsien word. Sodoende word aan persone met die gawe van profesie die geleentheid gegee om dit te gebruik en word die res van die gemeente deur hulle gawes gebou (vergelyk die bespreking van 1 Korintiërs 14 in 3.2.6 hoofstuk 2).
- Daar kan binne die erediens geleentheid geskep word vir persone om op ordelike wyse persoonlike getuienisse te lewer.

- Praktiese aspekte van die erediens, byvoorbeeld die rangskikking van die blomme, die saamstel van die nuusbrief, die maak van die kanselkleed, kan aan individue met die nodige gawes opgedra word. Al hierdie aspekte dien gemeentebou (deur bewerking van atmosfeer, deur toerusting en toeligting) en daarom is dit wenslik dat die persone met die beste gawes hierdie handelinge verrig.
- Sekere mense kan by die deure voor die diens die kerkgangers verwelkom en groet en besoekers so identifiseer en laat tuis voel. Sodoende word die moontlik intimiderende atmosfeer van die erediens vir die besoekers bestry en vind daar onderlinge opbou en uitbou na buite plaas.
- Gemeentelede kan gebruik word om nuwe intrekkers in die erediens aan die gemeente bekend te stel.

### *2.2.3. Onderlinge opbou in die erediens*

Die gemeente vergader nie as individue nie, maar as 'n korporatiewe gemeenskap (vergelyk 3.1.7, 3.2.7, 4.1.9, 4.2.6 en 5.5 hoofstuk 2) en daarom moet daar ook onderlinge opbou in die erediens geskied. Die verhouding tussen die gelowiges onderling is 'n belangrike verhouding wat ook in die erediens gebou moet word. Die onderlinge opbou in die erediens kan verbeter word deur die volgende:

- Toerusting (sien 2.1.1).
- Afwisseling (sien 2.1.3 oor formalisme)
- Atmosfeer (sien 2.1.5).
- Sang: sang is by uitstek geskik vir onderlinge opbou. Tog behoort die gemeente daarvan bewus gemaak te word dat die sang in die erediens tot God is, maar óók tot mekaar. Die voorganger kan dit ook so aankondig, byvoorbeeld "kom ons sing nou tot eer van God en tot opbou van mekaar" of "kom ons verkondig nou aan mekaar deur die sing van Psalm so-en-so".
- Meer behoort gedoen te word sodat gelowiges mekaar kan leer ken. Die probleem van gemeentelede wat na die diens vertrek sonder om met hul medegelowiges te kommunikeer verdien aandag. Verder kan meer gemeentebraaie en gemeentefunksies aangebied word om die probleem aan te spreek.
- Groepsbesprekings in die erediens, waar elke gelowige in die groep geleentheid kry om 'n bydrae te lewer en mekaar sodoende op te bou.

- Daar kan aan sekere persone geleentheid gegee word om die preek op hulle eie situasie toe te pas. Daar kan byvoorbeeld aan vier persone geleentheid gegee word om in die erediens na die preek die toepassing te maak. Die persone kan weekliks voor die diens geïdentifiseer word, met die nodige afwisseling en dan vooraf van die preek voorsien word.
- Daar kan geleentheid geskep word vir persone om getuienisse te lewer. Hierdeur word persone in dieselfde situasie opgebou.
- Voorbidding speel 'n belangrike rol in onderlinge opbou deurdat dit 'n bewustheid en deernis by medegelowiges skep. Dit kan geskied deur in die erediens geleentheid te gee vir persone wat die behoefte vir voorbidding het om hul behoeftes bekend te maak (vooraf deur briefies of hardop in die diens) en dan kan 'n medegelowige daarvoor voorbidding doen. Die voorganger moenie bang wees om name te noem in die erediens nie.
- Die nuusbrief speel 'n belangrike rol, aangesien dit by lidmate die bewustheid skep van die lewensituasie en -nood van medegelowiges. Die nuusbrief behoort baie persoonlik te wees, sodat die gemeente werklik by mekaar betrokke kan raak. Dis beter om te lees "meneer X is werkloos en soek werk as 'n rekenmeester" as "meneer X het persoonlike probleme". Sodoende kan die gemeente werklik mekaar se belange op die hart dra en mekaar help.
- Daar kan van 'n koor gebruik gemaak word om in groepe in die gemeente te sit om die sang te dra; of bymekaar te sit en as tweede stem te sing. Sodoende word die sang, wat 'n belangrik element in die onderlinge opbou van die gelowiges is (vergelyk 4.1.7, 4.2.6 hoofstuk 2 en 2.1.2, 3.2.3 en 5.1.4 hoofstuk 3), versterk.
- Onderlinge opbou buite die erediens behoort ook binne die erediens gehelp te word. Dit kan byvoorbeeld geskied deurdat nuwe intrekkers gevra word om op te staan in die erediens en bekend gestel word aan die hele gemeente. Die dominee kan persoonlik wees met besoekers en nuwe intrekkers deur 'n tweerigting gesprek in die diens, byvoorbeeld "het julle blyplek, het julle werk, waar kom julle vandaan, enige behoeftes".

### *2.2.4. Die erediens en die wêreld*

Uiteindelik is die kerk op aarde om die evangelie aan die wêreld te verkondig en moet die gemeente 'n oog hê vir die wêreld, ook in die erediens. Opbou impliseer noodwendig ook uitbou (vergelyk 5.4 hoofstuk 2). Om die verhouding tussen die erediens en die wêreld te fasiliteer, kan die volgende gedoen word:

- Toerusting (sien 2.1.1).

- Afwisseling (sien 2.1.3 oor formalisme)
- Atmosfeer (sien 2.1.5).
- Lidmate behoort warmte uit te straal en besoekers en vreemdelinge te verwelkom. Die besoeker moet voel hy mis iets as hy nie daar is nie, hy moet voel daar is mense wat in hom belangstel en nie soos 'n indringer nie.
- Verwelkoming van besoekers voor *elke* erediens, al weet die voorganger nie of daar enige besoekers is nie, word sterk aanbeveel.
- Kerkraadslede, lidmate of die predikant kan by die deure staan en mense groet en ontvang.
- 'n Blaadjie kan by die deure en in die banke beskikbaar wees wat die verloop van die erediens verduidelik, uitstip wie die gemeente is en wat hulle glo, kontakbesonderhede van die predikant aandui en inligting oor die gemeente se aktiwiteite bevat. Sodoende word die erediens meer toeganklik vir die wêreld.
- Genoeg Psalmboeke en Bybels behoort by die deure (of verkieslik in die banke) beskikbaar te wees, sodat besoekers daarvan kan neem om aan die erediens deel te neem.
- Hou op gereelde basis (byvoorbeeld een maal per kwartaal) 'n evangeliserende erediens vir die wêreld met 'n spesifieke evangelisasie fokus. Die hele gemeente moet saamwerk om die wêreld daar te kry.
- Inligtingsborde buite die kerk wat die denominasie en eredienstye aandui en 'n algemene uitnodiging tot die eredienste rig. Hierdie borde kan verder 'n evangeliserende boodskap bevat, waarmee die bewussyn én onderbewussyn van almal wat daar verby beweeg daagliks getref word.
- Aanwysingsborde in die strate rondom die kerk wat die pad na die kerk aandui, sowel as in die kerkgronde wat die deure, badkamers, parkering, inligtingsblaadjies, Psalmboeke en Bybels aandui. Die kerkterrein moet so vreemdelingvriendelik moontlik gemaak word.
- Die gesindheid van die gemeente is belangrik. Deur die toerusting moet die bewustheid van die wêreld en die moontlikheid van besoekers aan die erediens geskep word.

## 3. SAMEVATTING

In hoofstuk 2 is aangetoon dat die erediens 'n belangrike rol in gemeentebou behoort te speel. In hoofstuk 3 is ondersoek in watter mate die basisteoretiese perspektiewe van hoofstuk 2 in die

praktyk van die Afrikaanse susterkerke realiseer. Daar is bevind dat daar sekere leemtes in die praktyk bestaan. In hierdie hoofstuk is gepoog om sekere praktykteoretiese perspektiewe te gee ten einde die nodige verstellings aan die praktyk aan te bring om dit nader aan die basisteorie te laat funksioneer.

In die eerste plek is gewys op sekere algemene probleme wat aangespreek moet word, naamlik die probleme van toerusting van die gemeentelede, individualisme, formalisme, die dualisme tussen die erediens op Sondag en die erediens van die lewe en die atmosfeer in die erediens. Sekere praktiese voorstelle is gemaak om hierdie aspekte positief te verander.

Hierna is praktiese voorstelle gemaak ten opsigte van die vier basisteoretiese aspekte wat in hoofstuk 2 aan die lig gekom het en in die empiriese ondersoek aan die orde gestel is, te wete:

- Die erediens is *'n ontmoeting* tussen die drie-enige God en sy verbondsvolk en behoort daarom die verhouding van die gelowige tot God te *bou.*
- Elke gelowige het *'n individuele bydrae* om te lewer in die erediens en is betrokke in die erediens. Op hierdie wyse word die individu *gebou* om sy gawes te gebruik en sodoende sy doel te bereik.
- Tog is die erediens primêr 'n *korporatiewe byeenkoms van gemeenskap met God en met mekaar.* Daarom is ware koinonia en die belewing daarvan in die erediens kardinaal. Daar behoort in die erediens onderlinge *opbou* onder die gelowiges plaas te vind.
- Die erediens het 'n sterk *getuieniskarakter* teenoor die wêreld en moet so ingerig word dat ongelowiges daardeur bereik kan word. Sodoende word die gemeente ook kwantitatief deur die erediens *opgebou.*

Die erediens is die hart van die gemeente se bestaan en vervul gevolglik 'n primêre rol in die opbou en uitbou van die gemeente. Hierdie hoofstuk poog om op 'n praktiese wyse 'n positiewe bydrae tot hierdie saak te maak.

# HOOFSTUK 5

# SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKING

## 1. INLEIDING

In hierdie studie is die erediens as instrument in gemeentebou ondersoek. In hoofstuk 1 is daarop gewys dat gemeentebou vandag 'n baie aktuele onderwerp is en dat dit die bediening is waardeur die gemeente begelei word om sy wese te verstaan en te vervul. Die belang van die studie is geleë in die sentrale plek wat die erediens in die lewe van die gemeente inneem. Geen gemeentebouproses kan daarom sonder besondere aandag aan die erediens geskied nie (sien 2 hoofstuk 1). Die studie vind aansluiting vind by die model wat Zerfass vir die praktiese teologie ontwerp het (sien 4 hoofstuk 1), naamlik dat eers 'n basisteorie ontwerp word (hoofstuk 2) waarna die praktyk ondersoek word (hoofstuk 3). Uiteindelik artikuleer praktykteoretiese perspektiewe 'n nuwe of verstelde teorie (hoofstuk 4). Sodoende word vanuit die twee refleksiedomeine van basisteorie en situasie/werklikheid (in hermeneutiese wisselwerking) 'n nuwe praktykteorie ontwerp.

In hoofstuk 2 is die basisteorie ondersoek. Hierdie ondersoek het bestaan uit die volgende:

- 'n Literatuurstudie is gedoen oor die betekenis van die begrip gemeentebou ten einde 'n eie definisie te formuleer (sien 2 hoofstuk 2), naamlik dat gemeentebou die bediening van die drie-enige God in sy kerk is, waardeur Hy die gemeente begelei tot vervulling van wat dit reeds in Christus is deur die gebruikmaking van die dienste, deur die gawes van elke gelowige. Dit is daarom 'n aparte bediening in die kerk wat die interne én eksterne groei van die gemeente ten doel het. (Groei in volwassenheid (Efesiërs 4:13) én getal (Handeling 1:8)).

  Dit gaan in gemeentebou dus om die groei in drie verhoudings, te wete die verhouding van die gelowige met God, die verhouding tussen die gelowige en medegelowiges en die verhouding tussen die gelowige en die wêreld.

- Die Esra-Nehemia geskiedenis sowel as 1 Korintiërs 11-14 oor die Skriftuurlike riglyne vir die erediens as instrument in gemeentebou is eksegeties ondersoek (sien 3 hoofstuk 2).

- 'n Historiese ondersoek na die rol van die erediens in gemeentebou in die kerk in die tweede eeu na Christus, sowel as die kerk in die Reformasie is gedoen (sien 4 hoofstuk 2).

- Ten slotte is 'n literatuurstudie oor enkele belangrike onderwerpe gedoen (sien 5 hoofstuk 2).

Die volgende basisteoretiese perspektiewe is vasgestel (sien 7 hoofstuk 2):

- Die erediens is primêr *'n ontmoeting* tussen die drie-enige God en sy verbondsvolk en behoort daarom die verhouding van die gelowige tot God te *bou*.
- Elke gelowige het *'n individuele bydrae* om in die erediens te lewer en is betrokke in die erediens. Die individu word op hierdie wyse *gebou* om sy gawes te gebruik en sodoende sy doel te bereik.
- Tog is die erediens 'n *korporatiewe byeenkoms van gemeenskap met God en met mekaar*. Ware koinonia en die belewing daarvan in die erediens is daarom kardinaal. Daar behoort onderlinge *opbou* onder die gelowiges in die erediens plaas te vind.
- Die erediens het 'n sterk *getuieniskarakter* teenoor die wêreld en moet so ingerig word dat ongelowiges daardeur bereik kan word. Sodoende word die gemeente ook kwantitatief deur die erediens *opgebou*.

In hoofstuk 3 is 'n situasie-analise gedoen om te bepaal tot watter mate hierdie basisteoretiese perspektiewe in die praktyk van die Afrikaanse susterkerke realiseer. Hierdie studie is as volg gedoen:

- Die jongste Nasionale Sinodebesluite van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) (sien 2 hoofstuk 3), Algemene Sinodebesluite van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK) (sien 4 hoofstuk 3) en Algemene Kerkvergaderingbesluite van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NHK) (sien 5 hoofstuk 3), wat van belang is vir die studie, is ontleed.
- 'n Empiriese ondersoek is gedoen aan die hand van onderhoude wat gevoer is met tien lidmate uit twee gemeentes van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (sien 3 hoofstuk 3).

In hoofsaak is die volgende bevindings gemaak:

- In die GKSA is daar sterk klem op die ontmoeting van God met sy volk. Baie klem word op die liturgiese elemente van die erediens gelê. Die ander aspekte van gemeentebou kry min aandag (sien 2 hoofstuk 3).
- In die NGK is die besinning wyer as die liturgiese elemente en word baie klem gelê op die belewing van die gelowige in die erediens. Die individuele deelname, die dialoogkarakter en die verhouding met die wêreld word egter onderbeklemtoon (sien 4 hoofstuk 3).

- Die NHK lê ook baie klem op die verhouding tot God, terwyl die ander verhoudinge min aandag kry (sien 5 hoofstuk 3).
- Uit die empiriese studie van 10 lidmate uit twee verskillende gemeentes van die GKSA, het dit duidelik geword dat die ontmoeting met God in die erediens sterk beleef word, hoewel dit hoofsaaklik as eenrigtingverkeer ervaar word. Daarteenoor word baie min van die korporatiewe karakter van die erediens, individuele deelname, onderlinge opbou in die erediens en die uitbou na buite ervaar (sien 3 hoofstuk 3).

Die gevolgtrekking is dus dat daar sekere leemtes in die praktyk is wat veroorsaak dat die praktyk (hoofstuk 3) nie met die teorie (hoofstuk 2) ooreenstem nie.

In hoofstuk 4 is sekere praktykteoretiese riglyne gegee ten einde die praktyk nader aan die teorie te bring. Hierdie riglyne is aan die hand van twee kategorieë daargestel:

- Algemene riglyne. Hier is aan algemene probleme wat uit die analise van hoofstuk 3 na vore gekom het, aandag gegee. Die toerusting van gelowiges, die erediens van die lewe, formalisme, individualisme en die atmosfeer in die erediens is sake wat bespreek is.
- Riglyne spesifiek gerig op die vier basisteoretiese riglyne wat in hoofstuk 2 na vore gekom het, te wete die erediens as ontmoeting tussen God en sy volk, die betrokkenheid van elke gelowige in die erediens, die onderlinge opbou in die erediens en die erediens en die wêreld.

Van die belangrikste sake waaraan aandag gegee is, is die volgende:

- Die inrigting van die erediens. Dit sluit die verloop van die erediens, die deelname aan die erediens, die elemente van die erediens en die toeligting van die erediens in.
- Die inrigting van die kerkgebou en kerkterrein. Hier is gewys op die belangrike aspekte van atmosfeer in die erediens en die gebruikersvriendelike en besoekervriendelike inrigting van die erediens.
- Die toerusting van die gelowiges en die predikant om die ware wese en doel van die erediens en dan veral die gemeentebouende funksie van die erediens te begryp en uit te leef.
- Die daarstelling van 'n liturgiediensgroep wat deurlopende, diepgaande aandag aan die erediens gee, word ten sterkste aanbeveel.

In hierdie hoofstuk word vervolgens 'n finale gevolgtrekking gemaak, waarna sekere terreine vir verdere ondersoek aangedui word.

## 2. FINALE GEVOLGTREKKING

Die erediens staan sentraal in die lewe van die gemeente. Die Skrif en die geskiedenis maak dit baie duidelik dat dit 'n primêre instrument in die gemeentebouproses. Indien die erediens nie as sulks funksioneer nie – wat die situasie-analise aantoon tans in die praktyk van die Afrikaanse susterkerke wel die geval is – voldoen die erediens nie aan sy ware aard en doel nie en moet daar dringende verstellings aangebring word. In die huidige situasie van die Afrikaanse susterkerke is dit belangrik dat die gemeentebouende funksie van die erediens begryp en bestudeer word. Toerusting van lidmate en predikante oor die ware aard en funksie van die erediens, kreatiewe denke oor elke erediens deur almal verantwoordelik vir eredienste (predikante, orreliste, liturgiediensgroepe ensovoorts) en evaluering van die bestaande infrastruktuur en die gebruikersvriendelikheid daarvan is almal sake wat spoedige en gereelde aandag in gemeentes en in kerkverbande verdien. Indien die korporatiewe, dialogiese, kwalitatief en kwantitatief opbouende ontmoetingskarakter van elke erediens verstaan en beleef word, sal die erediens die gemeente bou en laat groei na dit wat hulle reeds in Christus is en sal die gemeente vir mekaar en vir die wêreld tot seën wees.

## 3. TERREINE VIR VERDERE ONDERSOEK

Gedurende hierdie studie het dit duidelik geword dat verdere studie in die volgende terreine van groot waarde sal wees:

1. Gemeentebou aan die hand van Esra-Nehemia.
2. Die funksionering van die erediens binne die huidige samelewing.
3. Die erediens en gemeentebou by Johannes Calvyn.
4. Die sakramente as instrument in gemeentebou.
5. Die erediens as evangeliserende gebeure.
6. Die belang van die atmosfeer in die erediens.
7. Die funksie van die nuusbrief en afkondigings in die erediens.
8. Die invloed van individualisme op die kerk.
9. Simboliek en gemeentebou.
10. Die liturg se funksie in gemeentebou.

# OPSOMMING

## DIE EREDIENS AS INSTRUMENT IN GEMEENTEBOU

Hierdie studie het die erediens as instrument in gemeentebou ondersoek. In hoofstuk 2 is gemeentebou gedefinieer as die unieke bediening waardeur die gemeente begelei word om te word wat die gelowiges reeds deur Christus is. Gemeentebou handel oor drie verhoudings, naamlik die verhouding van die gelowige tot God, die verhouding van die gelowige tot ander gelowiges en die verhouding van die gelowige tot die wêreld. Daarom is gemeentebou 'n noodsaaklike bediening in die kerk. Aangesien die erediens die middelpunt van die lewe van die gemeente en die hoogtepunt van die gemeente se geestelike en religieuse ondervinding is, is dit belangrik om die verhouding tussen die erediens en gemeentebou te ondersoek. In die res van hoofstuk 2 word hierdie verhouding deur 'n eksegetiese studie van die Esra-Nehemia geskiedenis, sowel as 1 Korintiërs 11-14, 'n historiese studie van die kerk in die tweede eeu en gedurende die Reformasie en 'n literatuurstudie van moderne temas ondersoek. Die gevolgtrekking word gemaak dat die erediens primêr 'n korporatiewe ontmoeting met God en met mekaar is. Die erediens het daarom 'n sterk element van onderlinge opbou, maar ook 'n sterk getuieniskarakter. Tog is die erediens ook 'n ontmoeting tussen God en sy volk waar elke lid 'n bydrae het om te lewer. Die erediens is dus uiters belangrik in die groei in die drie verhoudings wat betrokke is in gemeentebou. Hoofstuk 3 vind dat hierdie basisteoretiese perspektiewe nie ten volle in die praktyk van die drie Afrikaanse susterkerke realiseer nie. Hoewel die erediens as 'n ontmoeting met God ervaar word, word die dialogiese en korporatiewe karakter van die erediens, sowel as die onderlinge opbou en die verhouding met die wêreld onderbeklemtoon. Hoofstuk 4 gee praktykteoretiese riglyne waardeur hierdie situasie verbeter kan word deur die praktyk nader aan die teorie te bring. Besondere aandag is aan die verskillende elemente van die erediens en die deelname aan die erediens gegee, terwyl die kerkgebou en kerkterrein ook aandag geniet het. Die toerusting van die gelowige, sowel as van die predikant, is as besondere probleemareas uitgewys en die daarstel van 'n liturgiediensgroep word sterk aangemoedig. In hoofstuk 5 is die finale gevolgtrekking gemaak dat die erediens 'n kardinale rol het om in gemeentebou te vervul, hoewel dit nie tans in die praktyk ten volle plaasvind nie. Hierdie tekortkoming sal in die toekoms dringende aandag moet geniet.

# ABSTRACT

## THE WORSHIP SERVICE AS INSTRUMENT IN CONGREGATION BUILDING

This mini-dissertation studies the worship service as instrument in congregation building. In chapter 2 congregation building is defined as the unique ministry whereby the congregation is led to become what they as believers already are through Christ. Congregation building is concerned with growth in three relationships, namely the relationship between the believer and God, the relationship between the believer and his fellow believers and the relationship between the believer and the world. It is therefore clear that congregation building is an essential mission within the church that should not be overlooked. As the worship service is at the centre of the life of the congregation and the culmination point of the congregation's spiritual and religious experience, it is important to study the relationship between the worship service and congregation building. This relationship is studied in the remainder of chapter 2 by an exegetical study of the Ezra-Nehemiah history as well as 1 Corinthians 11-14, a historical study of the church in the second century and during the Reformation and a literature study of relevant modern themes. It is concluded that the worship service is a meeting between God and his covenant people where every individual has a contribution to make, even though the service is primarily a corporate meeting with God and each other. The worship service therefore has a strong element of mutual upbuilding. The worship service also has a strong witnessing character and is therefore extremely important in the growth in the three relationships that are involved in congregation building. Chapter 3 finds that these basic theoretical perspectives are not fully realized in the practice of the three Afrikaans sister churches. Even though the worship service is experienced as a meeting with God, the dialogical and corporate character of the service, as well as the mutual upbuilding and the relationship with the world is neglected. Chapter 4 gives some practical theoretical perspectives to rectify this situation by moving the practice closer to the theory. Special attention is given to the different elements of the worship service, as well as the participation in the service. Attention is also given to the church building and the church grounds. The equipping of the believer as well as of the pastor is indicated as major concerns. The establishment of a liturgical service group is encouraged. In chapter 5 it is finally concluded that the worship service has a cardinal role to play in congregation building, even though it is not currently fully fulfilling that function in practice. This shortfall should be remedied as a matter of urgency.

# SLEUTELTERME / KEY WORDS

| SLEUTELTERME | KEY WORDS |
|---|---|
| Erediens | Worship service |
| Aanbidding | Worship |
| Gemeentebou | Congregation building |
| Liturgie | Liturgy |
| Koinonia | Koinonia |

# BRONNELYS


AUNE, D.E. 1996. Worship, Early Christian. (*In* Freedman, N., *ed.* The Anchor Bible Dictionary. New York : Doubleday.) [CD-ROM.]

BARNARD, A.C. 1980. Die teenwoordigheid van Christus in die erediens. Pretoria : Universiteit van Pretoria.

BARNARD, A.C. 1981. Die Erediens. Pretoria : NG Kerkboekhandel.

BEUKES, M.J. du P. 1993. Erediens 1. Pretoria : Kital.

BEUKES, M.J. du P. 1995. Evaluering van verskillende gemeenteboumodelle met die oog op die daarstelling van 'n eie model vir die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. *Hervormde Teologiese Studies*, 51(3):806-824.

BRENEMAN, M. 1993. Ezra Nehemiah Esther. Nashville, TN : Broadman & Holman. (The New American Commentary.)

BRIENEN, T. 1987. De liturgie bij Johannes Calvijn: zijn publicaties en zijn visies. Kampen : De Groot Goudriaan.

BROWN, R. 1998. The message of Nehemiah: God's servant in a time of change. Leicester : Inter-Varsity Press. (The Bible Speaks Today.)

BURGER, C. 1991. Praktiese Teologie in Suid-Afrika. Pretoria : RGN.

BURGER, C. 1995. Gemeentes in transito. Vernuwingsgeleenthede in 'n oorgangstyd. Kaapstad : Lux Verbi.

BURGER, C. 1999a. Gemeentes in die Kragveld van die Gees. Stellenbosch : Buvton.

BURGER, C. 1999b. Erediens in Gereformeerde styl. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, 14(1):1-22.

BYBEL. 1983. Die Bybel: Nuwe vertaling. Kaapstad : Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

CALLAHAN, K.L. 1983. Twelve keys to an effective church. San Francisco, CA : Harper & Row.

CARSON, D.A. 1987. Showing the Spirit. A Theological Exposition of 1 Corinthians 12-14. Grand Rapids, MI : Baker Book House.

DE KLERK, B.J. 1987. Die Heilige Gees in die verhouding Skriflesing, prediking en gebed in die erediens. Potchefstroom : PU vir CHO. (Proefskrif – Th.D.)

DE KLERK, B.J. 2000. Liturgiese identiteitsvorming as antwoord op die invloed van die verbruikerskultuur. *In die Skriflig*, 34(4):451-468, Des.

DE KLERK, J.J. 1982. Liturgiese Grondlyne. Kaapstad : NG Kerkuitgewers.

DEDDENS, K. 1993. Where Everything Points to Him. Translated by Theodore Plantinga. Neerlandia : Inheritance.

DREYER, H.J. 1993. Esra-Nehemia. (*In* Van Zyl, A.H., *red.* Die Bybel verklaar: 1983-vertaling. Kaapstad : Lux Verbi.) (*In* Logos Bybelbiblioteek Vlak 3.) [CD-ROM.]

DU PLOOY, J.L. 1994. Die betekenis van Gemeente-opbou vir die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Potchefstroom : PU vir CHO. (Verhandeling – Th.M.)

DU PLOOY, J.L. 1996. Gereformeerde gemeente-opbou? 'n Evaluering van bestaande definisies binne die geledere van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. *In die Skriflig*, 30(3):343-364, Sept.

DU RAND, J.A. 1993. 1 Korintiërs. (*In:* Vosloo, W. & Van Rensburg, F., *reds.* Die Bybel in Praktyk. Vereeniging: CUM.) (*In* Logos Bybelbiblioteek Vlak 3.) [CD-ROM.]

DUNN, J.D.G. 1995. 1 Corinthians. Sheffield : Sheffield Academic Press. (New Testament Guides.)

FENSHAM, F.C. 1982. The Books of Ezra and Nehemiah. Grand Rapids, MI : Eerdmans. (The New International Commentary on the Old Testament.)

FOURIE, W.A. & MÜLLER, B.A. 1996. Liturgies-homiletiese beplanning: die erediens as konteks vir preekbeplanning in die gemeentebouproses. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 37(3):375-385.

GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA. 1985. Handelinge van die twee-en-veertigste Nasionale Sinode. Potchefstroom : Herald Drukkery.

GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA. 1997. Handelinge van die ses-en-veertigste Nasionale Sinode. Pretoria : V&R Drukkery.

GKSA ***kyk*** GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA.

GROENEWALD, E.P. 1998. Die Eerste brief aan die Korinthiërs. Kaapstad : NG Kerk Uitgewers. (*In* Lux Verbi Versameling.) [CD-ROM.]

GROSHEIDE, F.W. 1957. De eerste brief aan die kerk te Korinthe. Kampen : Kok. (Commentaar op het Nieuwe Testament.)

GROSHEIDE, H.H. 1963. Ezra-Nehemia. Kampen : Kok. (Commentaar op het Oude Testament.)

HEITINK, G. 1999. Practical Theology: history, theory, action domains. Translated by Reinder Bruinsma. Grand Rapids, MI : Eerdmans.

HENDRIKS, J. 1992. Strategiese beplanning in die gemeente. Die beginsels en praktyk van Gemeentevernuwing. Wellington : Hugenote-Uitgewers.

HEYNS, L.M. & PIETERSE, H.J.C. 1990. Eerste treë in die Praktiese teologie. Pretoria : Gnosis.

HILL, A. E. & WALTON, J. H. 1991. A Survey of the Old Testament. Grand Rapids, MI : Zondervan Publishing House.

HOLMGREN, F.C. 1987. Israel Alive Again. A Commentary on the Books of Ezra and Nehemiah. Edinburgh : Eerdmans. (International Theological Commentary).

HURTADO, L.W. 1999. At the Origins of Christian Worship. Grand Rapids, MI : Zondervan.

JONKER, H. 1978. Liturgische orientatie. Pretoria : NG Kerkboekhandel.

KELLERMAN, J.S. 1993. Gemeentebou: vertrekpunte vanuit 'n basisteorie. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 34(3):331-344.

KUYPER, A. 1911. Onze eredienst. Kampen : Kok.

LATEGAN, B.C. 1984. 1 Korintiërs. (*In* Du Toit, A.B., *red.* Handleiding by die Nuwe Testament Band V Die Pauliniese Briewe: Inleiding en Teologie. Pretoria : NG Kerkboekhandel. p. 57-79.)

LENSKI, R.C.H. 1963. The Interpretation of St. Paul's First and Second Epistles to the Corinthians. Minneapolis, MN : Augsburg.

LION-CACHET, F.N. 1989. So het dit begin. Gods boodskap in die raamwerk van die historiese boeke van die Ou Testament. Potchefstroom : PU vir CHO.

MACDONALD, W. 1995. Believers' Bible Commentary : Old and New Testaments. Nashville, TN : Thomas Nelson.

MALINA, B., JOUBERT, S., & VAN DER WATT, J. 1997. Vensters wat die Woord laat oopgaan. Halfway House : Orion. (*In* Logos Bybelbiblioteek Vlak 3.) [CD-ROM.]

MARTIN, R.P. 1984. The Spirit and the Congregation. Studies in 1 Corinthians 12-15. Grand Rapids, MI : Eerdmans.

MÜLLER, J. 1990. Die erediens as fees. Halfway House : NG Kerkboekhandel.

NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK IN AFRIKA. 1995. Notule van die vier en sestigste Algemene Kerkvergadering. Pretoria : NH Kerk.

NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK IN AFRIKA. 2001. Agenda van die ses en sestigste Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk in Afrika. Pretoria : NH Kerk.

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK. 1990. Agenda en handelinge van die agtste vergadering van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Pretoria : NG Kerk.

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK. 1994. Agenda en handelinge van die negende vergadering van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Pretoria : NG Kerk.

NEL, M. 1986. Teologiese perspektiewe op gemeentebou. Pretoria : NG Kerkboekhandel. (Universiteit Pretoria Teologiese Studies, 2.)

NEL, M. 1987. Die verhouding van gemeentebou tot die ander dissiplines van die vak Praktiese Teologie en ander teologiese vakke. (*In* Smuts, A.J., *red.* Praktiese Teologie in Suid-Afrika 2: Gemeentebou. Pretoria : NG Kerkboekhandel. p. 26-37).

NEL, M. 1990. Die erediens en die wêreld. (*In* Smuts, A.J., Vos, C.J.A., Nel, M., *reds.* In gesprek oor die erediens. Pretoria : NG Kerkboekhandel. p. 172-192.)

NEL, M. 1994. Gemeentebou. Halfway House : Orion.

NEL, M. 1995. Gemeentebou: 'n Reformatoriese bediening. *Hervormde Teologiese Studies*, 51(3):858-864.

NGK ***kyk*** NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK.

NHK ***kyk*** NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK IN AFRIKA.

NOORDEGRAAF, A. 1990. Overwegingen rondom het thema gemeenteopbouw. *Theologia Reformata*, 33:123-145.

NOORDZIJ, A. 1939. De Boeken Ezra en Nehemia. Kampen : Kok. (Korte Verklaring der Heilige Schrift).

PATTERSON, L.G. 1994. The Worship of the Early Church (to A.D. 500). (*In* Webber, R.E., *ed.* The Complete Library of Christian Worship. Volume 2, Twenty Centuries of Christian Worship. Nashville, TN : Star Song. p. 31-43.)

POSTMA, J. 1993. 1 Korintiërs. (*In* Van Zyl, A.H., *red.* Die Bybel verklaar: 1983-vertaling. Kaapstad : Lux Verbi.) (*In* Logos Bybelbiblioteek Vlak 3.) [CD-ROM.]

PSALMBOEK. 1999. Die berymde Psalms in gebruik by Die Nederduitse Gereformeerde Kerk, Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, en Skrifberymings in gebruik by die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Potchefstroom : Calvyn-Jubileumboekefonds.

SMIT, E.J. 1999a. Esra. (*In* Vosloo, W & Van Rensburg, F.J., *reds.* Die Bybellennium Eenvolumekommentaar. Vereeniging : CUM. p. 514-528.)

SMIT, E.J. 1999b. Nehemia. (*In* Vosloo, W & Van Rensburg, F.J., *reds.* Die Bybellennium Eenvolumekommentaar. Vereeniging : CUM. p. 529-544.)

SMIT, E.J. 1999c. Die transformerende krag van die Gereformeerde kerklied in die huidige Suid-Afrikaanse konteks. Potchefstroom : PU vir CHO. (Skripsie – Th.M.)

TE VELDE, M. 1989. Gereformeerde gemeenteopbouw: Een eerste koersbepaling voor een nieuwe theologish vak. Barneveld : De Vuurbraak.

TE VELDE, M. 1992a. Gemeenteopbouw 1: Doelgericht en samehangend werken in de christelijke gemeente. Barneveld : De Vuurbraak.

TE VELDE, M. 1992b. Gemeenteopbouw 2: Bijbelse basisprincipes voor het funksioneren van de christelijke gemeente. Barneveld : De Vuurbraak.

TRIMP, C. 1983. De gemeente en haar liturgie. Kampen : Uitgeverij Van den Berg.

VAN DER ELST, J & VAN DER WALT, E. 1998. Handleiding vir Bibliografiese Styl. Potchefstroom : PU vir CHO. (Diktaat D225/97.)

VAN DER MERWE, J.C. 1999. 'n Prakties-teologiese begronding vir Gemeentebou as kommunikatiewe handeling in diens van die evangelie. *Hervormde Teologiese Studies*, 55(2&3):380-399.

VAN DER MERWE, J.F. & BEUKES, M.J. du P. 1991. Die aktualisering van die gemeenskap van die gelowiges binne die erediens. *Hervormde Teologiese Studies*, 47(3):635-655.

VAN DER WALT, J.J. 1982. Soek die Here in sy tempel. Potchefstroom : PTP.

VAN ROOYEN, H.A. 1983. Die Erediens as Koinonia. Pretoria : UP. (Skripsie – Nagraadse Diploma in Teologie.)

VENTER, C.J.H. 1992. Diakonologie en rasionaliteit – 'n verkenning. *In die Skriflig*, 26(1):29-51.

VENTER, C.J.H. 1996. Die Woord in die werklikheid. Wetenskapsteoretiese perspektiewe op Diakonologie. *In die Skriflig*, 29(1&2):181-202.

VENTER, P. 1993a. Esra. (*In:* Vosloo, W. & Van Rensburg, F., *reds.* Die Bybel in Praktyk. Vereeniging: CUM.) (*In* Logos Bybelbiblioteek Vlak 3.) [CD-ROM.]

VENTER, P. 1993b. Nehemia. (*In:* Vosloo, W. & Van Rensburg, F., *reds.* Die Bybel in Praktyk. Vereeniging: CUM.) (*In* Logos Bybelbiblioteek Vlak 3.) [CD-ROM.]

VILJOEN, F.P. 1993. Gemeente-opbou volgens Nehemia (Slot) Nehemia 8: Die Woord moet op 'n feestelike manier die sentrale plek inneem. *Die Kerkblad*: 21-22. 3 November.

VORSTER, J.M. 1996. Is die kerk funksioneel? Gedagtes oor gereformeerde kerkvernuwing in 'n post-moderne konteks. Potchefstroom : PTP.

WEBBER, R.E. 1982. Worship Old and New. Grand Rapids, MI : Zondervan.

WEGMAN, H.A.J. 1985. Christian Worship in East and West. Translated by Gordon W. Lathrop. New York : Pueblo Publishing.

WHITE, J.F. 1994. Protestant Worship of the Reformation Era. (*In* Webber, R.E., *ed.* The Complete Library of Christian Worship. Volume 2, Twenty Centuries of Christian Worship. Nashville, TN : Star Song. p. 75-79.)

WILLIAMSON, H.G.M. 1998. Ezra-Nehemiah. Dallas, TX : Word. (*In* Word Biblical Commentaries.) [CD-ROM.]

WOLMARANS, J.L.P. 1999. 1 Korintiërs. (*In* Vosloo, W & Van Rensburg, F.J., *reds.* Die Bybellennium Eenvolumekommentaar. Vereeniging : CUM. p. 1492-1525.)

ZERFASS, R. 1974. Praktische Teologie als Handelungswissenschaft. (*In* Klostermann, F. & Zerfass, R. Praktische Teologie heute. München : Kaiser. p. 164-177.)